

# HOOFSTUK 6

## Bevindinge

### 6.1 Inleiding

Die vorige hoofstuk (Hoofstuk 5) beskryf die *Opeenvolgend Ontwikkelende Navorsingsontwerp* wat oor vyf fases geloop het en die multimetodes van navorsing wat gebruik is om beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data in te samel en te analiseer. Gevolglik, rapporteer Hoofstuk 6 die navorsingsbevindinge van hierdie vyf fases. Fases 1 en 2 se kwantitatiewe bevindinge word gebruik om die vierde navorsingsdoelwit te bereik: (navorsingsdoelwit 4) *Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsl eer-studente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te ondersoek*. Hierna word kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge in Fase 3, en kwalitatiewe bevindinge in Fase 4, benut om die vyfde en sesde navorsingsdoelwitte te realiseer, naamlik: (5) *Om studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde GOS-programme te ondersoek*; en (6) *Om oop afstandsl eerstudente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te ondersoek*. Laastens word Fase 5 se kwalitatiewe bevindinge ingespan om die sewende navorsingsdoel te bereik: *'n Bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die NWU*. Die empiriese bevindinge van hierdie hoofstuk (Fases 1 tot 5), tesame met relevante bevindinge uit die literatuurondersoeke (Hoofstuk 2, 3 en 4), word in Hoofstuk 7 geïntegreerd en holisties toegepas om die hoofnavorsingsdoel van hierdie studie te bereik, naamlik: Om 'n wetenskaplik begronde *bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit* te ontwikkel volgens bestaande bestuursmodelle soos gekonseptualiseer in die literatuur en die empiriese bevindinge van hierdie studie.

Vervolgens word die navorsingsresultate van Fase 1 gestruktureerd gerapporteer:

**Tabel 6.1: Fase 1: Rapporteringstruktuur van Bevindinge**

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS EN SUB-DOELWITTE	PARAGRAWE	STATISTIESE TEGNIEKE
<p><b>Navorsingsdoelwit 4</b></p> <p>Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklas bywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsl eer-studente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) programme te bepaal.</p>	<p><i>Deelnemers</i></p> <p>⊖ Deelnemers (N = 288 studente) wat gedurende Oktober 2008 in 11 GOS-programme (Geografie; Engels-onderwys; Intermediêre en Senior Fase; Grondslagfase; Setswana-onderwys; Onderwysbestuur; Wiskunde-onderwys; Lewensoriëntering; Wiskundige Geletterdheid; Skoolbestuur en –leierskap; en Leerderondersteuning) in die Noordwes-Provinsie eksamen geskryf het.</p>	<p><b>6.2 Resultate van Fase 1</b></p> <p>6.2.1 Beskrywing van deelnemers volgens kontakklasbywoning en modulepunte; en die verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Getal kontakklas- en vakansieskoolbywonings per maand</li> <li>• Getal deelnemers per GOS-program wat gedurende Oktober 2008 by verskillende kontaksentrums eksamen geskryf het</li> <li>• Kontakklas- en vakansieskoolbywoning per GOS-program en module</li> <li>• Getal deelnemers per GOS-program wat verskillende getal kontakklasse en die vakansieskool bygewoon het, en gedurende Oktober 2008 eksamen geskryf het</li> <li>• Gemiddelde modulepunte behaal na afloop van die Oktober 2008-eksamen vir alle GOS-programme</li> <li>• Die verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning van studente wat gedurende Oktober 2008 in 11 GOS-programme in die Noordwes-Provinsie eksamen geskryf het</li> </ul>	<p>Beskrywende statistiek (frekwensies en persentasies). Spearman se rang-orde korrelasie (r), asook t-toetse (eenrigting-ANOVA-verbande m.b.v. Cohen se d-waarde).</p>
	<p><i>Sub-doelwitte</i></p> <p>4.1 Om te bepaal of studente wat self vir hul studies betaal kontakklasse meer gereeld bywoon as studente wat beurse ontvang</p>	<p>6.2.2 Kwantitatiewe vergelyking tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van beurs- en nie-beursstudente wat gedurende Oktober 2008 in 11 GOS-programme in die Noordwes-Provinsie eksamen geskryf het</p>	<p>Beskrywende statistiek (frekwensies en persentasies)</p>

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS EN SUB-DOELWITTE	PARAGRAWE	STATISTIESE TEGNIEKE
	4.2 Om te bepaal of kontakklasbywoning en modulepunte van studente wat by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum klasse ontvang verskil van studente wat by landelike kontaksentrums klasse ontvang	6.2.3 Kwantitatiewe vergelyking tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van deelnemers wat by NWU-dosente by die hoofkontaksentrum op die Potchefstroomkampus kontaksessies ontvang het, teenoor deelnemers wat kontakklasse by NWU dosente by ander kontaksentrums in landelike omgewings ontvang het	Beskrywende statistiek (frekwensies en persentasies)

## 6.2 Resultate van Fase 1

**Navorsingdoelwit 4** *Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsl eer-studente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te bepaal*, word gesamentlik deur Fases 1 en 2 bereik. Akademiese prestasie kan op verskillende wyses omskryf word, naamlik as gemiddelde akademiese prestasie (“Grade Point Average”) in die modules wat in ’n semester of jaar of graadkurrikulum behaal is, akademiese prestasie in ’n enkele module, suksesvolle voltooiing van ’n graad, of voltooiing van ’n graad in die minimum voorgeskrewe studietydperk (Convertino, et al., 2009; Hogan, et al., 2010). Akademiese prestasie kan egter ook subjektief omskryf word, byvoorbeeld as dit wat die student, persoonlik as suksesvol beskou. Indien ’n student byvoorbeeld vir hom/haarself 55% as persoonlike doelwit in ’n eksamen gestel het en die doelwit bereik het sal dié student hom/haarself as akademies suksesvol beskou (George, et al., 2008). Harackiewicz, Tauer, Barron and Elliot (2002) omskryf ook volgehoue belangstelling in ’n vak as akademiese prestasie. Binne hierdie studie word die begrip *akademiese prestasie* gebruik om die studente se akademiese prestasie, geoperasionaliseer as hulle finale of module punte in ’n module aan te dui. Die begrip akademiese sukses sou daarom ook as ’n wisselterm gebruik kan word. Tabel 6.1 verduidelik hoe Fase 1 (verdeel in doelwit 4 en twee sub-doelwitte) hiertoe bydra. Studente se inligting is uit die NWU studenterekordbasis (Varsité-program) onttrek, en vergelyk met bykomende inligting t.o.v. kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning wat tussen Februarie en September 2008 met kontakklasbywoningregisters versamel is (Addendum B).

Eerstens word beskrywende statistiek gerapporteer (par. 6.2.1), rakende getal kontakklasbywonings, getal deelnemers per GOS program wat aan die Oktober 2008 eksamen deelgeneem het, kontakklas- en vakansieskoolbywonings en gemiddelde modulepunt in die eksamen. Dit word gevolg met ’n kort beskrywing van elke student se eksamenuitslae, eksamensentrum, kontakklasbywoning ensovoorts. Daarna word in fase 1 Spearman se rangorde korrelasie en ’n ANOVA (t-toets) gebruik om die verband tussen kontakklasbywoning en die akademiese prestasie van studente te bepaal. ’n Verdere aspek wat in die fase ondersoek word is ’n vergelyking tussen kontakklasbywoning en modulepunt (akademiese prestasie) van beurs en nie-beursstudente (par. 6.2.2). Ten slotte word ’n vergelyking getref tussen die kontakbywonings en modulepunt van studente uit onderskeidelik kontakklasse by NWU-dosente by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum of by dosente by ander kontaksentrums en landelike omgewings, ontvang het (par. 6.2.3)

## **6.2.1 Beskrywing van deelnemers volgens kontakklasbywoning en modulepunte; en die verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning**

Deelnemers in Fase 1 was 288 studente wat gedurende Oktober 2008 in 11 GOS-programme (*Geografie; Engels-onderwys; Intermediêre en Senior Fase; Setswana-onderwys; Onderwysbestuur; Wiskunde-onderwys; Lewensoriëntering; Grondslagfase; Wiskundige Geletterdheid; Skoolbestuur en -leierskap; en Leerderondersteuning*) eksamen by ses kontaksentrums in die Noordwes-Provinsie (Atamelang, Lichtenburg, Potchefstroom, Pretoria, Rustenburg en Vryburg) geskryf het. Elke student het die geleentheid gehad om 'n maksimum van vyf kontaksessies en een vakansieskool by te woon. Die totale getal deelnemers ( $n = 288$ ) het in totaal 1334 kontakklasse vir 51 verskillende modules in die 11 GOS-programme bygewoon. Van die totale groep deelnemers ( $n = 288$ ) het 112 vakansieskoolklasse bygewoon (Tabelle 6.3 en 6.4), terwyl 176 deelnemers nie die vakansieskool bygewoon het nie.

Deelnemers is vervolgens in meer diepte volgens kontakklasbywoning en modulepunte beskryf en vergelyk ten opsigte van:

- getal kontakklas- en vakansieskoolbywonings per maand
- getal deelnemers per GOS-program wat gedurende Oktober 2008 by verskillende kontaksentrums eksamen geskryf het
- kontakklas- en vakansieskoolbywoning per GOS-program en module
- getal deelnemers per GOS-program wat kontakklasse en die vakansieskool bygewoon het, en gedurende Oktober 2008 eksamen geskryf het; en
- gemiddelde modulepunte behaal na afloop van die Oktober 2008-eksamen vir alle GOS-programme.
- ***Getal kontakklas- en vakansieskoolbywonings per maand***

Gedurende die tydperk Februarie tot September 2008 het die volgende getal deelnemers kontakklasse vir die 11 GOS-programme by die verskillende kontaksentrums bygewoon: Totale tydperk Februarie tot September 2008 (totale getal modulebywonings  $n = 1334$ ); Februarie ( $n = 99$ ; 7.4% van die totale getal kontakklasbywonings), Maart ( $n = 182$ ; 13.6% van die totale getal kontakklasbywonings), Mei ( $n = 287$ ; 21.5% van die totale getal

kontakklasbywonings), Augustus (n = 408; 30.6% van die totale getal kontakklasbywonings) en September (n = 358; 26.8% van die totale getal kontakklasbywonings). Teenoor die studente wat die kontakklasse bygewoon het, het in totaal 220 studente die vakansieskool bygewoon.

Gedurende 2008 is 'n nuwe eksamenstelsel vir die eerste keer geïmplementeer, naamlik dat eksamens in April en Oktober geskryf word, in plaas van in Junie en November, soos gewoonlik en die gebruik aan die NWU. Bywoning van kontakklasse onderstreep die verandering: die meeste studente het klasse bygewoon in Augustus en September (30.6% en 26.8% onderskeidelik), net voor die Oktober-eksamen. Gedurende die tydperk Februarie tot September 2008 het gemiddeld 267 (uit die 288 wat eksamen geskryf het) studente per maand ( $1335 \div 5$ ) kontakklasse bygewoon. Gedurende Februarie, Maart en Mei het minder studente kontakklasse bygewoon as wat eksamen geskryf het. As die gemiddelde bywoning van kontakklasse per maand (n = 267) teenoor die getal wat eksamen gaan skryf het (n = 288) gestel word, verteenwoordig dit 'n gemiddelde bywoning van 92%, wat besonder hoog is. Verdere ontledings sal toon dat met spesifieke GOS-programme sekere patrone van kontakklasbywoning ondervind is. Wanneer die data verder ontleed word, kan gesien word dat gedurende die maand Augustus 'n getal van 404 studente kontaksessies bygewoon het – baie meer as die gemiddelde van 267. Ten slotte blyk dit ook duidelik dat minder studente vakansieskole bywoon.

- ***Getal deelnemers per GOS-program wat gedurende Oktober 2008 by verskillende kontaksentrums eksamen geskryf het***

Soos in Tabel 6.2 gesien kan word, het daar in totaal 288 studente gedurende Oktober 2008 by ses kontaksentrums eksamen geskryf. Hierdie 288 studente het in totaal 866 vraestelle gedurende Oktober 2008 geskryf, wat 'n gemiddelde van 3.01 ( $866 \div 288$ ) modules per student uitmaak. Die grootste persentasie studente deelnemers (34%; n = 98) het eksamen geskryf by die Potchefstroom-kontaksentrum, gevolg deur 25.7% (n = 74) wat by die Vryburg-kontaksentrum eksamen geskryf het, en 24.7% (n = 71) by die Rustenburg-kontaksentrum. Die kleinste persentasie studente (3.8%; n = 11) het by die Atamelang-kontaksentrum eksamen geskryf. Van die elf GOS-programme, het die grootste persentasie studente (52.8; n = 152) eksamen geskryf in die GOS-program *Wiskundige Geletterdheid*, gevolg deur (17.7%; n = 51) wat in die GOS-program *Skoolbestuur en –leierskap* eksamen geskryf het. Hierdie twee programme het die meeste studente, omrede dit beursstudente

verteenwoordig, terwyl die ander nege GOS-programme slegs nie-beursstudente verteenwoordig. Die kleinste persentasies studente (0.4%; n = 1; en 0.7%; n = 2) het eksamen geskryf in onderskeidelik die GOS-programme *Engels-Onderwys* en *Intermediêre en Senior Fase*.

**Tabel 6.2: Frekwensietabel: getal studente/deelnemers per GOS-program wat gedurende Oktober 2008 by verskillende kontaksentrums eksamen geskryf het**

		KONTAKSENTRUMS WAAR EKSAMEN GESKRYF IS						TOTALE GETAL DEELNEMERS	PERSENTASIES
		ATAMELANG	LICHTENBURG	POTCHEFSTROOM	PRETORIA	RUSTENBURG	VRYBURG		
<b>GOS-PROGRAMME</b>	Geografie	-	1	1	-	-	1	3	1.0%
	Engels-onderwys	-	-	1	-	-	-	1	0.4%
	Grondslagfase	3	-	9	-	1	1	14	4.9%
	Intermediêre en Senior Fase	1	-	1	-	-	-	2	0.7%
	Leerderondersteuning	1	6	10	1	5	-	23	8.0%
	Lewensoriëntering	2	4	9	-	2	2	19	6.6%
	Onderwysbestuur	-	5	3	-	-	2	10	3.5%
	Setswana-onderwys	-	-	4	-	-	-	4	1.4%
	Skoolbestuur en -Leierskap	-	-	18	9	-	24	51	17.7%
	Wiskunde-onderwys	-	1	5	2	1	-	9	3.1%
	Wiskundige Geletterdheid	4	2	37	3	62	44	152	52.8%
	<b>Totale Getal Deelnemers</b>	<b>11</b>	<b>19</b>	<b>98</b>	<b>15</b>	<b>71</b>	<b>74</b>	<b>288</b>	<b>100%</b>
<b>Persentasies</b>	<b>3.8%</b>	<b>6.6%</b>	<b>34.0%</b>	<b>5.2%</b>	<b>24.7%</b>	<b>25.7%</b>	<b>100%</b>		

**Tabel 6.3: Kontakklas- en vakansieskoolbywoning en gemiddelde punte vir modules binne spesifieke GOS-programme**

	MODULES	GEMIDDELDE PUNT VIR MODULE	KONTAKKLASSE	VAKANSIESKOOL		MODULES	GEMIDDELDE PUNT VIR MODULE	KONTAKKLASSE	VAKANSIESKOOL
GEOGRAFIE	FSET 511	30	0	0	ENGLS-ONDERWYS	ENRG 521	77	1	0
	GBGK 511	58	0	0		HIVA 521	65	1	0
	GGGK 521	-	0	0		ORAK 521	75	1	0
	GSGK 511	77	0	0		ORLK 521	66	0	0
	ORAK 511	57	0	0		SDEK 522	75	1	0
	ORLK 511	42	0	0					
		<b>Gemiddeld = 44%</b>	<b>Totaal = 0</b>	<b>Totaal = 0</b>			<b>Gemiddeld = 71.6%</b>	<b>Totaal = 4</b>	<b>Totaal = 0</b>
GRONDSLAG-FASE	FROF 571	54	11	0	INTERMEDIÛRE EN SENIOR FASE	FROP 571	53	0	0
	FROG 571	53	10	0		FROS 571	42	0	0
	FROL 571	76	8	0		FSET 511	48	0	0
	FSET 511	62	2	0		ORAK 511	50	1	0
	ORAK 511	60	4	0		ORLK 511	26	2	0
	ORLK 511	45	4	0		TECH 571	51	0	0
		<b>Gemiddeld = 58.3%</b>	<b>Totaal = 39</b>	<b>Totaal = 0</b>			<b>Gemiddeld = 45%</b>	<b>Totaal = 3</b>	<b>Totaal = 0</b>
ONDERWYSBESTUUR	GSTK 521	56	2	0	SETSWANA-ONDERWYS	FSET 511	49	0	0
	OBAK 521	37	2	0		HIVA 521	58	1	0
	OBTK 511	48	0	0		ORAK 511	77	0	0
	ORAK 511	46	0	0		ORAK 521	27	1	0
	ORAK 521	58	2	0		ORLK 521	32	1	0
	ORGK 522	55	3	0		SVDK 522	64	0	0
	ORLK 511	19	0	0		SWHK 511	86	0	0
	ORLK 521	50	2	0		SWHK 521	65	0	0
	OSRK 511	31	0	0					
	RIDO 525	53	0	0					
		<b>Gemiddeld = 45.3%</b>	<b>Totaal = 11</b>	<b>Totaal = 0</b>			<b>Gemiddeld = 57.3%</b>	<b>Totaal = 3</b>	<b>Totaal = 0</b>

	MODULES	GEMIDDELDE PUNT VIR MODULE	KONTAKKLASSE	VAKANSIESKOOL		MODULES	GEMIDDELDE PUNT VIR MODULE	KONTAKKLASSE	VAKANSIESKOOL
LEERDERONDERSTEUNING	FSET 511	55	0	0	WISKUNDE-ONDERWYS	GSTK 521	59	1	0
	GSTK 521	60	0	0		HIVA 521	49	3	1
	HIVA 521	50	12	1		NDWK 522	60	3	0
	KPOK 527	22	0	0		NWPK 511	58	4	1
	LSDL 528	56	13	0		NWPK 512	33	1	1
	LSED 518	60	5	2		NWPK 521	53	3	0
	LSIE 518	50	4	1		NWPK 522	37	5	1
	LSSH 528	58	11	0		ORLK 521	54	0	1
	ORAK 511	53	2	0		RIDO 525	63	0	0
	ORAK 521	54	10	1					
	ORLK 511	43	1	2					
	ORLK 521	50	11	1					
	ORTK 517	59	0	0					
RIDO 525	61	0	0						
RMPK 527	51	0	0						
	<b>Gemiddeld = 52.1%</b>	<b>Totaal = 69</b>	<b>Totaal = 8</b>		<b>Gemiddeld = 51.8%</b>	<b>Totaal = 20</b>	<b>Totaal = 5</b>		
WISKUNDIGE GELETERDEID	FSET 511	40	0	0	LEWENSORIENTERING	FSET 511	49	0	0
	MLED 571	33	278	77		LOBO 571	50	6	1
	MLED 572	46	276	77		LOCK 571	38	6	0
	MLED 573	34	86	26		LOHA 571	48	5	0
	MLED 574	52	74	25		ORAK 511	48	2	0
	ORAK 511	48	2	0		ORLK 511	40	3	0
	ORLK 511	30	1	1					
	GSTK 511	52	3	0					
	ORLK 521	76	0	0					
	HIVA 521	61	0	0					
	LOBO 571	53	1	0					
	LOCK 571	55	2	0					
		<b>Gemiddeld = 48.3%</b>	<b>Totaal = 723</b>	<b>Totaal = 206</b>			<b>Gemiddeld = 45.5%</b>	<b>Totaal = 22</b>	<b>Totaal = 1</b>
SKOOL BESTUUREN LEIERSKAP	PCLM 521	64	58	-					
	PCMP 571	62	164	-					
	PCTL 572	65	169						
	PFCL 521	72	49						
	PFLS 511	85	0						
	<b>Gemiddeld = 69.6%</b>	<b>Totaal = 440</b>	<b>Totaal = 0</b>						

- ***Kontakklas- en vakansieskoolbywoning per GOS-program en module***

Uit Tabel 6.3 kan die volgende afgelei word rakende deelnemers se bywoning van kontakklasse en die vakansieskool per GOS-program: In die GOS-program *Geografie* het geen studente kontakklasse of die vakansieskool vir enige van die modules bygewoon nie. In die GOS-program *Engels-onderwys* het 4 studente kontakklasse bygewoon, maar het vir geen module die vakansieskool bygewoon nie. Vir die GOS-program *Grondslagfase* het 39 studente kontakklasse bygewoon, met die meeste bywonings vir die modules FROF 571 (n = 11), FROG 571 (n = 10) en FROL 571 (n = 8), terwyl geen studente vir enige van die modules die vakansieskool bygewoon het nie. In die GOS-program *Intermediêre en Senior Fase* het slegs 3 studente kontakklasse bygewoon, maar het vir geen van die betrokke modules die vakansieskool bygewoon nie. Daar het slegs drie studente kontakklasse bygewoon vir modules in die GOS-program *Setswana-Onderwys*, maar vir geen modules is die vakansieskool bygewoon nie. Ook in die GOS-program *Onderwysbestuur* het 11 studente kontakklasse vir verskillende modules bygewoon, terwyl geen student die vakansieskool bygewoon het nie. In die GOS-program *Wiskunde-onderwys* het 20 studente kontakklasse vir verskillende modules bygewoon, terwyl slegs 5 studente vir modules die vakansieskool bygewoon het. Insgelyks het slegs 22 studente kontakklasse bygewoon, en het 1 vir 'n module in die GOS-program *Lewensoriëntering* die vakansieskool bygewoon.

Studente het vir modules in die GOS-program *Wiskundige Geletterdheid* die meeste kontakklasse (n = 723) en vakansieskoolklasse (n = 206) bygewoon; met die meeste bywoning in die vier MLED-modules: MLED 571 (kontakklasse n = 278; vakansieskool n = 77), MLED 572 (kontakklasse n = 276; vakansieskool n = 77), MLED 573 (kontakklasse n = 86; vakansieskool n = 26) en MLED 574 (kontakklasse n = 74; vakansieskool n = 25). Studente het verder vir modules in die GOS-program *Skoolbestuur en -leierskap* die tweede-meeste kontakklasse (n = 440) bygewoon; met die oorgrote meerderheid bywoning in twee modules: PCMP 571 (n = 164) en PCTL 572 (n = 169). Daar moet egter genoem word dat geen vakansieskool vir die GOS-program *Skoolbestuur en -leierskap* aangebied is nie. Die GOS-program waarin studente die derde-meeste kontakklasse (n = 69) bygewoon het vir verskillende modules is *Leerderondersteuning*, met aansienlik minder vakansieskoolklasbywonings (n = 8).

- *Getal deelnemers per GOS-program, kontakgeleenthede bygewoon en gedurende Oktober 2008 eksamen geskryf het*

Tabel 6.4 rapporteer die getal studente deelnemers per GOS-program wat kontakklasse en die vakansieskool bygewoon het, en gedurende Oktober 2008 eksamen geskryf het.

**Tabel 6.4: Frekwensietabel: getal deelnemers wat per GOS-program kontakgeleenthede bygewoon en gedurende Oktober 2008 eksamen geskryf het**

GOS-PROGRAMME	GETAL DEELNEMERS WAT VERSKILLENDE GETALLE KONTAKKLASSE BYGEWOON HET				GETAL DEELNEMERS WAT VAKANSIESKOOL
	KONTAKKLASSE BYGEWOON				BYGEWOON HET
	$\geq 3$	= 2	= 1	= 0	
Geografie	-	-	-	3	-
Engels-onderwys	1	-	-	-	-
Grondslagfase	8	-	-	6	-
Intermediêre en Senior Fase	1	-	-	1	-
Leerderondersteuning	12	2	2	7	5
Lewensoriëntering	4	3	1	11	1
Onderwysbestuur	1	1	1	7	-
Setswana-onderwys	-	1	1	2	-
Skoolbestuur en - leierskap	45	2	2	2	-
Wiskunde-onderwys	3	2	1	3	1
Wiskundige Geletterdheid	112	13	5	22	105
<b>Totale</b>	<b>187</b>	<b>24</b>	<b>13</b>	<b>64</b>	<b>112</b>

Soos reeds in Tabel 6.2 gerapporteer is, het daar in totaal 288 deelnemers by die ses kontaksentrums eksamen geskryf. Tabel 6.4 gee 'n uiteensetting van die getal deelnemers per GOS-program wat kontakklasse en die vakansieskool bygewoon, en gedurende Oktober 2008 eksamen geskryf het. Van die totale getal deelnemers ( $n = 288$ ) het die meerderheid ( $n = 187$ ) drie of meer kontakklasse bygewoon; terwyl 24 twee kontakklasse bygewoon het; 13 het slegs een kontakklas bygewoon; en 64 het geen kontakklasse bygewoon nie. Van die totale groep deelnemers ( $n = 187$ ) wat drie, vier of vyf kontakklasse bygewoon het, het die meeste

(n = 112) drie of meer kontakklasse vir die GOS-program *Wiskundige Geletterdheid* bygewoon. Die groot hoeveelheid kontakklas- en vakansieskoolbywonings (n = 723 en n = 206 - kyk Tabel 6.3), asook die groot getal deelnemers wat drie of meer kontakklasse (n = 187) vir hierdie GOS-program bygewoon het, dui waarskynlik daarop dat hierdie program die grootste uitdagings aan studente bied, en dat hulle die meeste ondersteuning vir modules binne hierdie program vereis.

Daar moet in gedagte gehou word dat die beursstudente wat kontraktuele verpligtinge met die Onderwysdepartement gehad het, by verre die meeste kontakklasse bygewoon het. Dit word weerspieël in die volgende data: indien die getal deelnemers in Tabel 6.2 persentasiegewys vergelyk word met die totale getal deelnemers wat kontakklasse bygewoon het (Tabel 6.4), toon dit dat 88.2% (45 uit 51) van die deelnemers drie of meer kontakklasse in die GOS-program *Skoolbestuur en -leierskap* bygewoon het; en dat 73.7% (112 uit 152) van die deelnemers drie of meer kontakklasse in die GOS-program *Wiskundige Geletterdheid* bygewoon het, wat albei besonder hoog is. Hierdie bevindinge vergelyk egter swak met nie-beursstudente waar bykans 48% geen kontakklasse bygewoon het nie.

- ***Gemiddelde modulepunte behaal per module na afloop van die Oktober 2008-eksamen vir alle GOS-programme***

Tabel 6.5 voorsien die gemiddelde modulepunte behaal per module gedurende die Oktober 2008-eksamen vir alle GOS-programme gesamentlik. Daar moet in gedagte gehou word dat beurs- en nie-beursstudente se punte vir die generiese modules in hierdie tabel gesamentlik verwerk is.

**Tabel 6.5: Gemiddelde modulepunte behaal per module gedurende die Oktober 2008-eksamen vir alle GOS-programme**

GOS-MODULES							
ENRG 521	77	HIVA 521	52	MLED 574	52	ORLK 521	51
FROF 571	54	KPOK 527	22	NDWK 522	60	ORTK 571	59
FROG 571	53	LOBO 571	50	NWPK 511	56	OSRK 511	31
FROL 571	76	LOCK 571	40	NWPK 512	33	PCLM 521	64
FROP 571	53	LOHA 571	48	NWPK 521	53	PCMP 571	62
FROS 571	42	LSDL 528	56	NWPK 522	37	PCTL 572	65

GOS-MODULES							
FSET 571	45	LSED 518	60	OBAK 521	37	PFCL 521	73
GBGK 511	58	LSIE 518	50	OBTK 511	48	PFLS 511	85
GGGK 521	0	LSSH 528	58	ORAK 511	50	RIDO 525	55
GSGK 511	77	MLED 571	33	ORAK 521	53	RMPK 527	51
GSTK 511	52	MLED 572	46	ORGK 522	55	SDEK 522	75
GSTK 521	58	MLED 573	34	ORLK 511	34	SVDK 522	64
SWHK 511	86	SWHK 521	65	TECH 571	51		

Uit Tabel 6.5 kan afgelei word dat 51 modules in die 11 verskillende GOS-programme geskryf is, en 'n gemiddeld van 53% vir die totale getal modules behaal is. Daar is in altesaam 36 modules geslaag, met die hoogste gemiddelde punte behaal in SWHK 511 (86%) en PFLS 511 (85%). Soos in Tabel 6.3 gesien kan word, is die gemiddelde modulepunte vir die onderskeie GOS-programme (in numeriese volgorde van hoog na laag) as volg: *Engels-onderwys* (71.6%), *Skoolbestuur en -leierskap* (69.6%), *Grondslagfase* (58.3%), *Setswana-onderwys* (57.3%), *Geografie* (52.8%), *Leerderondersteuning* (52.1%), *Wiskunde-onderwys* (51.8%), *Wiskundige Geletterdheid* (48.3%), *Lewensoriëntering* (45.5%), *Onderwysbestuur* (45.3%) en *Intermediêre en Senior Fase* (45%).

Weens die omvang van die data word elke student se eksamenuitslae, eksamensentrum, kontakklasbywoning, ensovoorts nie hier aangebied nie. Slegs besprekings van die 11 GOS-programme se belangrikste resultate volg. Die volledige data is op die ingeslote CD beskikbaar (Addendum B).

### ***GOS in Geografie***

In totaal het drie studente (Tabel 6.2) saam tien modules geskryf, maar die studente het geen kontakklasse bygewoon nie. Van die tien modules geskryf, is daar in 60% geslaag, en 67% van die modules wat geslaag is, is by die Potchefstroomsentrum geskryf. Uit die resultate van die GOS in Geografie kan dus die afleiding gemaak word dat ten spyte daarvan dat studente geen kontakklas bygewoon het nie, bogemiddelde eksamensukses behaal is.

### ***GOS in Engels-onderwys***

Een student (Tabel 6.2) het vyf modules geskryf en het twee kontakssessies bygewoon, maar geen vakansieskool nie. Die student het al die modules geslaag en het kontakssessies in Potchefstroom bygewoon. Uit die resultate van die GOS in Engels, waar 'n slaagsyfer van 100% behaal is vir die modules wat geskryf is, blyk dit dat bywoning van kontakssessies tot 100% eksamensukses kon bygedra het.

### ***Grondslagfase***

Veertien studente (Tabel 6.2) het saam 43 modules geskryf, en van hulle het ses studente geen kontakklasse bygewoon het nie. By die Potchefstroomse studiesentrum was die slaagsyfer van al die modules geskryf 96%, teenoor 69% van die buitensentrums. Uit die resultate van GOS Grondslagfase kan afgelei word dat in 70% van die modules wat geslaag is, dit studente is wat kontakklasse bygewoon het. Dus het die kontakssessies waarskynlik 'n positiewe uitwerking op die slaagsyfer gehad. Daar was geen vakansieskoolbywoning nie. Dis opvallend dat ses studente geen kontakklasse bygewoon het nie, maar 'n slaagsyfer van 100% behaal het vir die twaalf modules wat geskryf is. Die vier studente wat twee kontakklasse bygewoon het, het saam tien modules geskryf, waarvan sewe geslaag is (70%).

### ***Intermediêre en Senior Fase***

Twee studente (Tabel 6.2) het saam nege modules geskryf en slegs een student het twee kontakssessies bygewoon. Van die nege modules is sewe geslaag (78%). By die Potchefstroomse studiesentrum was daar 'n slaagsyfer van 83%, teenoor die ander sentrums se 67%. Een student wat geen kontakklasse bygewoon nie en ses modules geskryf het, waarvan vyf geslaag is, wat 'n slaagsyfer van 83% verteenwoordig. Uit die resultate van Intermediêre en Senior Fase is dit dus onwaarskynlik dat die bywoning van kontakklasse 'n invloed op die slaagsyfer gehad het.

### ***GOS in Leerderondersteuning***

Hier het 23 studente (Tabel 6.2) saam 102 modules geskryf, en vir 57 van die modules wat geskryf is, het studente kontakklasse bygewoon. Daar is slegs agt modules gedurende die vakansieskool bygewoon, waarvoor daar 'n 100% slaagsyfer behaal is. Van die 102 modules waarin eksamen geskryf is, is 90% geslaag. Veertig van die modules wat geslaag is (43%), is

studente wat by die Potchefstroomse sentrum kontakklasse bygewoon het, terwyl 57% van die modules wat geslaag is deur studente wat kontakklasse by die ander kontaksentrums in landelike omgewings, bygewoon is. Uit die resultate van die GOS in Leerderondersteuning kon die bywoning van kontaksessies 'n positiewe uitwerking op die slaagsyfer gehad het. Sewe studente het geen kontaksessies bygewoon nie, maar het 'n slaagsyfer van 91% vir die modules behaal. Ook blyk dit dat vakansieskoolbywoning 'n positiewe effek op eksamenuitslae kon gehad het.

### ***GOS in Professionele Onderwysontwikkeling: Lewensoriëntering***

Hier het 19 studente (Tabel 6.2) altesaam 59 modules geskryf, waarvan klasse vir 17 modules gedurende kontaksessies bygewoon is. Een student het die vakansieskoolklasse bygewoon, en het al sy/haar modules geslaag. Van die 59 modules wat geskryf is, is 71% geslaag. 52% van die modules wat geslaag is, is by Potchefstroom geskryf, teenoor 48% van die modules wat by die ander studiesentrums geskryf is. Uit die resultate van die GOS in Lewensoriëntering is dit onwaarskynlik dat die bywoning van kontaksessies 'n groot impak op die slaagsyfer gehad het, aangesien die bywoning van kontaksessies per module slegs 31% vir die jaar was. Tien studente het geen kontaksessies bygewoon nie, en 29 modules is tussen hulle geskryf, met 'n gemiddeld van 69% vir die modules wat geslaag is.

### ***GOS in Onderwysbestuur***

Tien studente (Tabel 6.2) het altesaam 33 modules geskryf, en daar is slegs vyf kontaksessies vir die modules bygewoon. Geen vakansieskool is bygewoon nie. Van die 33 modules is 79% geslaag. Slegs 32% van die modules wat geslaag is, is by Potchefstroom geskryf, teenoor die 68% van die modules wat by die ander studiesentrums geskryf is. Uit die resultate van die GOS in Onderwysbestuur kan die afleiding dus gemaak word dat die bywoning van kontaksessies per module slegs 24% was vir die jaar, en dus heel moontlik nie 'n groot impak op die gemiddelde moduleslaagsyfer van 63% gehad het nie.

### ***GOS in Setswana-onderwys***

Vier studente (Tabel 6.2) het altesaam 11 modules geskryf, en slegs drie kontaksessies is bygewoon vir die modules wat geskryf is. Daar is geen vakansieskool bygewoon nie. Van die 11 modules wat geskryf is, is agt geslaag (73%). Uit die resultate van GOS in Setswana

blyk dit dat met 'n slaagsyfer van 73% die bywoning van kontakssessies nie eintlik 'n impak op die akademiese prestasie in die modules het nie.

### ***GOS in Skoolbestuur en -leierskap***

Hier het 51 studente (Tabel 6.2) saam 195 modules geskryf, met kontakssessiebywoning van 207 in hierdie modules. Daar is geen kontakklasse tydens die vakansieskool aangebied nie. Van die 195 modules wat geskryf is, is 99% geslaag. 37% van die modules wat geslaag is, is by die Potchefstroomse studiesentrum geskryf, teenoor die 63% van die modules wat geslaag is wat by die ander studiesentrums geskryf is. Uit die resultate van die GOS in Skoolbestuur en -leierskap blyk dit dat die kontakklasse 'n groot impak op die slaagsyfer gehad het, aangesien die kontakklasbywoning vir die modules 71% was.

### ***Wiskundige Geletterdheid***

Hier het 152 studente (Tabel 6.2) 358 modules geskryf met kontakssessiebywoning van 371 in hierdie modules. Daar is 206 modules gedurende vakansieskoolkontakssessies bygewoon vir die modules wat geskryf is. Van al die modules wat geskryf is, is 59% geslaag. 25% van die modules wat geslaag is, is by die Potchefstroomse studiesentrum geskryf, teenoor 75% van die modules wat geslaag is by ander studiesentrums. Uit die resultate van die GOS in Wiskundige Geletterdheid kan afgelei word dat die 70% bywoning van kontakklasse vir die modules wat geskryf is 'n positiewe uitwerking op die gemiddeld van 59% gehad het. Daar is met 110 van die modules wat geskryf is geen kontakssessies bygewoon nie, en daarvan is 49 (46%) van die modules geslaag. Daar is ook met 206 modules tydens die vakansieskool kontakssessies bygewoon en 'n slaagsyfer van 66% is vir die modules behaal. Hierdie spesialisering blyk dus die enigste te wees waar bywoning van die vakansieskool tesame met kontakssessies beslis tot eksamensukses bygedra het.

### ***GOS in Wiskunde-onderwys***

Nege studente (Tabel 6.2) het altesaam 41 modules geskryf, en 33 (80%) van die modules is geslaag. Die studente het vir 2008 altesaam 16 modules bygewoon, en daarvan is 14 modules (87.5%) geslaag. Een student het die vakansieskool bygewoon en het vier van die sewe modules geslaag. Van die totale modules wat in die eksamen geslaag is, is 45% by die Potchefstroomse studiesentrum geskryf, teenoor 55% wat by die ander studiesentrums

gebruik gemaak het. Uit die resultate van die GOS in Wiskunde-onderwys het die bywoning van kontakklasse vir die modules geskryf (44%) 'n geringe uitwerking op die 71% slaagsyfer vir die modules gehad. Daar is in 25 van die modules wat geskryf is geen kontakklasse bygewoon nie, tog was daar 'n slaagsyfer van 76% vir hierdie modules in die Oktober 2008-eksamen.

- **Die verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning van studente wat gedurende Oktober 2008 in 11 GOS-programme in die Noordwes-Provinsie eksamen geskryf het**

Die veranderlikes modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning is almal kontinue of ordinale veranderlikes en dus word verbande tussen hulle met Spearman se rangorde korrelasie ( $r$ ) bereken (Tabel 6.6), waar die korrelasie self 'n maatstaf van die grootte van die effek is.

**Tabel 6.6: Spearman se rangorde korrelasies ( $r$ ): Verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning**

	KORRELASIE (R) MET KONTAKKLASBYWONING	KORRELASIE (R) MET VAKANSIESKOOBYWONING
Modulepunte	0.03	-0.3
Kontakklasbywoning	-	0.5

Spearman se rangorde korrelasie word soos volg geïnterpreteer:  $r = 0.1$  (klein effek);  $r = 0.3$  (medium sigbare effek wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verband; en  $r \geq 0.5$  groot effek – aanduiding van 'n praktiese betekenisvolle verband). Soos uit Tabel 6.6 afgelei kan word, is geen prakties betekenisvolle verband tussen modulepunte en kontakklasbywoning (klein effek;  $r = 0.03$ ) vir die totale studiepulasie gevind nie. Daar is ook geen prakties betekenisvolle verband gevind tussen modulepunte en vakansieskoolbywoning nie (klein effek;  $r = -0.3$ ). 'n Groot prakties betekenisvolle korrelasie is egter tussen kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning ( $r = 0.5$ ) bereken, wat daarop dui dat baie studente wat vakansieskole bygewoon het ook kontakklasse bygewoon het. 'n Moontlike rede hoekom daar geen prakties betekenisvolle verband tussen kontakklasbywoning en akademiese prestasie (modulepunte) gevind is nie, is dat baie studente wat goed vaar, nie kontakklasse en

vakansieskole bywoon nie – heel waarskynlik omdat hulle voel hulle het nie addisionele studiehulp nodig nie, sodat die wat wel bywoon moontlik almal swak presteer en daar dus nie genoeg variasie in data is om verbande te kan sien nie. Subdoelwit 4.3 is in par. 6.2.4 ondersoek.

**Tabel 6.7: Eenrigting-ANOVA-korrelasies tussen modulepunt en 'n toename in getal kontakklasse bygewoon**

0 TOT 4 KONTAKKLASSE BYGEWOON				5 KONTAKKLASSE BYGEWOON				COHEN EFFEKGROOTTE (d)
Getal kontakklasse bygewoon	n	Gemid	Standaard afwyking	Getal kontakklasse Bygewoon	n	Gemid	Standaard afwyking	
0	345	49.4	18.7	5	36	63.3	12.3	<b>0.7</b>
1	145	52.8	15.7	5	36	63.3	12.3	<b>0.7</b>
2	112	49.3	19.8	5	36	63.3	12.3	<b>0.7</b>
3	129	46.3	17.9	5	36	63.3	12.3	<b>0.9</b>
4	99	48.8	16.8	5	36	63.3	12.3	<b>0.9</b>

'n Eenrigting-ANOVA (Tabel 6.7) is verder uitgevoer om te bepaal of die toename in getal kontakklasse wat studente bywoon 'n prakties betekenisvolle effek het op die gemiddelde akademiese prestasie van studente, met ander woorde, of studente se modulepunte toeneem indien hulle meer kontakklasse bywoon. Cohen se d-waarde is bereken om praktiese betekenisvolheid van verskille te bepaal ( $d = 0.2$  klein effek;  $d = 0.5$  medium effek wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verband;  $d \geq 0.8$  'n groot effek wat 'n aanduiding is van 'n prakties betekenisvolle verband). Hoewel daar nie 'n prakties betekenisvolle verband tussen modulepunte en kontakklasbywoning vir die totale getal deelnemers bereken is nie, is daar wel prakties betekenisvolle verskille gevind tussen modulepunte en getal kontakklasse bygewoon by die groep deelnemers wat wel kontakklasse bygewoon het. Soos uit Tabel 6.7 afgelei kan word, is daar 'n groot prakties betekenisvolle verskil ( $d = 0.7$ ) in die punte van studente wat vyf kontakklasse bygewoon het teenoor studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie. Daar is 'n medium prakties betekenisvolle verskil ( $d = 0.7$ ) in die punte van studente wat vyf kontakklasse bygewoon het teenoor studente wat slegs een kontakklas bygewoon het; asook tussen studente wat vyf kontakklasse bygewoon het ( $d = 0.7$  teenoor studente wat twee kontakklasse bygewoon het. Daar is 'n baie groot prakties betekenisvolle verskil ( $d = 0.9$ ) tussen studente wat vyf kontakklasse bygewoon het teenoor studente wat drie kontakklasse bygewoon het; asook tussen studente wat vyf kontakklasse bygewoon het ( $d = 0.9$ ) teenoor studente wat slegs vier kontakklasse bygewoon het. Hierdie bevinding dui daarop dat indien studente wel kontakklasse bywoon, hulle punte prakties betekenisvol toeneem hoe meer kontakklasse hulle bywoon.

Indien daar gekyk word na die verskille tussen deelnemende studente wat kontakklasse bygewoon het teenoor diegene wat geen kontakklasse bygewoon het nie, is 'n ANOVA uitgevoer en Cohen d-waardes tussen 0.66 en 0.95 is gevind, wat impliseer dat hoe meer kontakklasse studente bywoon, hoe beter vaar hulle in die eksamen. Volgens die resultate van hierdie studie gebeur dit egter nie in praktyk nie, aangesien slegs 'n klein persentasie kontakklasse bywoon, en studente wat akademies goed vaar oor die algemeen nie kontakklasse bywoon nie.

### **6.2.2 'n Vergelyking tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van beurs- en nie-beursstudente**

Met die analise van die data is daar vir sub-doelwit 4.1 'n onderskeid getref tussen beurs- en nie-beursstudente (dus studente wat self vir hulle studies betaal) se kontakklasbywoning, om

te bepaal of studente wat self vir hul studies betaal kontakklasse meer gereeld bywoon as studente wat beurse ontvang. Al die beursstudente was ingeskryf vir die GOS-programme *Wiskundige Geletterdheid* en *Skoolbestuur en -leierskap*. Hoewel die oorblywende nege GOS-programme relatief klein was, kan die resultate van hierdie nege programme nuttige resultate lewer t.o.v. die effek van kontakklasbywoning al dan nie op eksamensukses van die nie-beursstudente. Van die totale studiebevolking ( $n = 288$ ), was die meerderheid ( $n = 203$ ) beursstudente, en die res ( $n = 85$ ) het self vir hul studies betaal.

Elke student het die geleentheid gehad om 'n maksimum van vyf kontaksessies en een vakansieskool by te woon. As die norm van 60% en meer vir bywoning van kontaksessies gebruik word, m.a.w. meer as drie sessies, blyk dit uit Tabel 6.4 duidelik dat beursstudente (GOS-programme *Wiskundige Geletterdheid* en *Skoolbestuur en -leierskap*) teenoor nie-beursstudente (die ander nege GOS-programme) kontaksessies die beste bywoon. Net meer as 23% het geen klas bygewoon nie. Indien die data in Tabel 6.4 in ag geneem word, het van die totale getal nie-beursstudente (alle GOS-programme uitgesonderd *Wiskundige Geletterdheid* en *Skoolbestuur en -leierskap*), slegs 35% drie kontaksessies bygewoon. Bywoning van vakansieskole was ook baie swak, behalwe vir die GOS-program *Wiskundige Geletterdheid*, waar dit 69% was, teenoor 5% van nie-beurshouers. Geen vakansieskool is vir die GOS-program *Skoolbestuur en -leierskap* aangebied nie. Uit Tabel 6.4 kan duidelik afgelei word dat studente wat self vir hul studies betaal, geneig is om minder kontakklasse by te woon.

Gedurende die 2008-studietydperk is altesaam 51 generiese en spesialisingsmodules aangebied (kyk Tabel 6.3). Weens die groter getal beursstudente is dit dan ook te wagte dat die modules in die GOS-programme *Wiskundige Geletterdheid* en *Skoolbestuur en -leierskap* die hoogste bywoningsyfers sal toon (Tabelle 6.3 tot 6.5). Die getal kontakklasbywonings vir die modules *Wiskundige Geletterdheid* MLED 571 ( $n = 278$ ), MLED 572 ( $n = 276$ ), MLED 573 ( $n = 86$ ) en MLED 574 ( $n = 74$ ) bevestig hierdie afleiding. Die laer bywoningsyfer vir die laaste twee modules word daaraan toegeskryf dat dit 'n uitgefaseerde groep is wat waarskynlik reeds die ander twee modules voltooi het, en dus nie verder hierdie twee modules se kontakklasse bygewoon het nie. Die modules in die GOS in *Skoolbestuur en -leierskap* wat die beste bywoning getoon het, is PCMP 571 ( $n = 164$ ) en PCTL 572 ( $n = 169$ ).

Indien die data in Tabel 6.3 tot 6.5 verder ontleed word, kan die volgende afleidings gemaak word: Eerstens verskil die bywoning van beurshouers en nie-beurshouers. Beurshouers woon

kontakklasse baie beter by. Vir ontledingsdoeleindes om hierdie stelling te verifieer word slegs die bywoning van spesialisingsmodules (nie generies) gebruik. In *Wiskundige Geletterdheid* het 152 studente eksamen geskryf, en vier modules was ter sprake, waar die totale modulebywoning 724 was. Die feit dat slegs twee modules, MLED 571 en MLED 572, teoreties deur die totale groep ( $n = 152$ ) bygewoon kon word, beteken dat vir doeleindes van vergelyking slegs hierdie twee modules verder ontleed hoef te word vir bywoning tydens kontakssessies. Dit beteken ook verder dat daar deur die jaar vir hierdie twee modules 554 bywonings was, wat 'n gemiddelde van 111 per sessie gee. Die gemiddelde bywoning van die twee modules was dus 73%. Vir die GOS in *Skoolbestuur en Leierskap* is slegs eksamen geskryf in twee modules, PCTL 572 en PCMP 571, aangesien portefeuljes vir die ander module in die eerste jaar voltooi word. Uit 'n moontlike 520 kontakklasbywonings is 333 ( $164 + 169$ ) aangeteken (Tabel 6.3), wat 'n persentasie van 64% verteenwoordig. Daar moet egter onthou word dat die getal beursstudente meer was as die getal nie-beursstudente en gevolglik die resultate beduidend kan beïnvloed.

Wat betref die bywoning van kontakklasse deur nie-beurshouers in die verskillende GOS-programme is die volgende gevind: Vir al die GOS-spesialisingsmodules is 'n totaal van 105 kontakklasse uit 'n moontlike 795 bygewoon, wat 13% verteenwoordig. Voordat dit met die bywoning van beursstudente vergelyk word, moet gemeld word dat vir *Wiskundige Geletterdheid* en *Skoolbestuur en -leierskap* slegs na twee spesialisingsmodules gekyk is, terwyl by nie-beurshouers alle spesialisingsmodules per kursus in aanmerking geneem is. Dit behels dus dat by Lewensoriëntering en Grondslagfase drie modules, by Wiskunde-onderwys vyf modules en by al die ander spesialisings vier modules in berekening gebring is. Die effek hiervan is dus dat byvoorbeeld vir die GOS Grondslagfase 'n bywoningsyfer van 14% aangeteken is, en vir die GOS Leerderondersteuning sowel as vir die GOS Lewensoriëntering 'n bywoningsyfer van 7%. Opsommend blyk dit egter dat GOS-spesialisingsmodules baie beter deur beursstudente as deur nie-beursstudente bygewoon word.

Daar moet egter in ag geneem word dat die studente kontakklasse en die vakansieskool kon bygewoon het vir sekere modules, maar nie in daardie modules eksamen gaan skryf het nie. Dit verklaar hoekom die data in Tabel 6.2 en 6.3 verskil van die besprekings in paragraaf 6.2.2.

### **6.2.3 'n Vergelyking tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van studente wat by NWU-dosente by die hoofkontaksentrum op die Potchefstroomkampus kontaksessies bygewoon het, teenoor studente wat kontakklasse by NWU-dosente by ander kontaksentrums in landelike omgewings bygewoon het**

Hierdie bespreking spreek subdoelwit 4.2 aan (Tabel 6.1). Soos reeds uiteengesit in Tabel 6.2, is van die totale getal deelnemers ( $n = 288$ ), ongeveer 'n derde ( $n = 98$ ) studente wat kontakklasse by NWU-dosente by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum bywoon het, teenoor 190 studente wat kontakklasse by NWU-dosente by die ander vyf kontaksentrums bywoon het. Die vraag ontstaan egter of studente wat kontakklasse by die Potchefstroomkampus bywoon beter of slegter vaar, en of hulle meer of minder kontakklasse bywoon, as die ander studente wat kontakklasse in landelike omgewings bywoon. Vir subdoelwit 4.2 is 'n onderskeid getref tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van studente wat kontakklasse by die hoofstudiesentrum in Potchefstroom deur NWU-dosente bygewoon het, teenoor die kontakklasbywoning en modulepunte van studente wat by ander kontaksentrums in die landelike gebiede van die Noordwes-Provinsie kontakklasse ontvang het en dus die kontakklasse van fasiliteerders bygewoon het.

Tabel 6.8 bied 'n vergelyking tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van deelnemers wat by NWU-dosente by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum kontakklasse bygewoon het, teenoor deelnemers wat by NWU-dosente by ander kontaksentrums in landelike omgewings kontakklasse bygewoon het.

**Tabel 6.8: Frekwensietabel: Vergelyking tussen die kontakklasbywoning en modulepunte van deelnemers wat by NWU-dosente by die hoofkontaksentrum op die Potchefstroomkampus kontaksessies bygewoon het, teenoor deelnemers wat kontakklasse by NWU-dosente by ander kontaksentrums in landelike omgewings bygewoon het**

		POTCHEFSTROOMSE HOOFKONTAKSENTRUM		ANDER VYF KONTAKSENTRUMS	
		Getal kontakklasse bygewoon	Gemiddelde modulepunt vir program (%)	Getal kontakklasse bygewoon	Gemiddelde modulepunt vir program (%)
GOS-PROGRAMME	Geografie	0	57.4	0	30.6
	Engels-onderwys	4	71.6	0	71.6
	Grondslagfase	22	63.8	17	52.8
	Intermediêre en Senior Fase	0	43.3	3	46.7
	Leerderondersteuning	-25	57.3	44	46.9
	Lewensoriëntering	10	43.2	12	47.8
	Onderwysbestuur	3	42.9	8	47.7
	Setswana-onderwys	3	54.3	0	60.3
	Skoolbestuur en -Leierskap	170	62.7	270	76.5
	Wiskunde-onderwys	2	43.6	18	60
	Wiskundige Geletterdheid	156	40.6	568	56
	Totale frekwensies	395		940	
Persentasies	29.6%	52.8%	70.4%	54.3%	

Van die totale getal kontakklasse wat studente bygewoon het ( $n = 1335$ ), het studente 395 (29.6%) kontakklasse by die hoofkontaksentrum in Potchefstroom bygewoon, terwyl studente 940 (70.4%) kontakklasse by die ander vyf kontaksentrums bygewoon het.

Bevindinge van die individuele GOS-programme toon dat in die meeste programme ongeveer die helfte van alle kontakklasbywoning by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum plaasgevind het, byvoorbeeld 56.4% (22 uit 39) van kontakklasbywonings vir die GOS-program *Grondslagfase*; 45.5% (10 uit 22) van die bywoning vir die GOS-program *Lewensoriëntering*; en 38.6% (170 uit 440) van die bywoning vir die GOS-program

*Skoolbestuur en –leierskap.* Uit Tabel 6.2 kan ook afgelei word dat meer studente (n = 98) in Oktober 2008 by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum eksamen geskryf het as byvoorbeeld by die kontaksentrums in Atamalang (n = 11), Pretoria (n = 15) en Lichtenburg (n = 19). In die GOS-program *Wiskunde-onderwys* het slegs 10% (2 uit 20), en in *Onderwysbestuur* slegs 27.3% (3 uit 11) van alle kontakklasbywoning egter by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum plaasgevind.

Indien daar in die geheel gekyk word na die gemiddelde modulepunte van al 11 GOS-programme vir die twee groepe, lyk die uitslae bykans dieselfde (52.8% Potchefstroomse hoofkontaksentrum; 54.3% ander vyf kontaksentrums). Studente wat by NWU-dosente by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum kontakklasse bywoon het, vaar gemiddeld heelwat beter in sommige GOS-programme as studente wat by dosente by die ander vyf kontaksentrums in landelike omgewings kontakklasse bygewoon het, byvoorbeeld *Geografie* (57.4% teenoor 30.6%), *Grondslagfase* (63.8% teenoor 52.8%) en *Leerderondersteuning* (57.3% teenoor 46.9%). In sommige GOS-programme vaar studente wat by dosente by die ander vyf kontaksentrums kontakklasse bygewoon het, egter gemiddeld heelwat beter as studente wat by dosente by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum kontakklasse ontvang het, met spesifieke verwysing na *Wiskundige Geletterdheid* (40.6% teenoor 56%) en *Wiskunde-onderwys* (43.6% teenoor 60%). Verskeie faktore (veranderlikes) kan moontlik 'n invloed op hierdie verskynsel uitoefen, byvoorbeeld dat sekere dosente meer individuele aandag aan studente gee as ander, dat sekere dosente meer eksamenwenke aan studente gee, ens. Opsommend blyk dit egter dat die resultate basies dieselfde is vir studente wat kontakklasse by Potchefstroom bywoon, teenoor studente wat kontakklasse by landelike omgewings bywoon.

#### **6.2.4 Samevatting van Fase 1**

Wat betref die navorsingsdoelwit 4: Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsleer-studente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) programme te bepaal, wat gedeeltelik in Fase 1 hanteer is, is die volgende gevind: Studente wat kontakklasse bygewoon het, het nie werklik akademies beter presteer gedurende die eksamen as studente wat nie die kontaksessies bygewoon het nie. Die gemiddelde modulepunt in die modules wat gedurende die eksamen deur studente geskryf is wat geen kontakklas bygewoon het nie, is 49.5%. Daarteenoor was die gemiddelde punt van studente wat meer as drie kontakklasse bygewoon

het 52.6%. As gekyk word na die slaagsyfer van modules waarin eksamen geskryf is, is die suksessyfer vir diegene wat wel kontakklasse bygewoon het 89%, teenoor die 82% van die studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie. Indien die data vir vakansieskoolbywoning en modulepunte met mekaar vergelyk word, word gevind dat studente wat die vakansieskool bygewoon het, se gemiddelde modulepunt vir alle modules 42.4% was, teenoor die 52.7% van die studente wat geen vakansieskool bygewoon het nie.

Indien daar gekyk word na die verskille tussen deelnemende studente wat kontakklasse bygewoon het teenoor diegene wat geen kontakklasse bygewoon het nie, is 'n ANOVA uitgevoer en is Cohen d-waardes tussen 0.7 en 0.9 gevind, wat impliseer dat hoe meer kontakklasse studente bywoon, hoe beter hulle in die eksamen vaar. Volgens die resultate van hierdie studie gebeur dit egter nie in praktyk nie, aangesien slegs 'n klein persentasie kontakklasse bywoon, en studente wat akademies goed vaar oor die algemeen nie kontakklasse bywoon nie. Vir die 288 studente wat 866 modules gedurende die Oktober 2008-eksamen geskryf het, is daar geen konkrete bewyse dat studente wat kontakklasse bywoon, beter presteer as die studente wat geen kontakklasse bywoon nie. Dieselfde tendens is ook t.o.v. vakansieskoolbywoning gevind. As die resultate vergelyk word met 'n soortgelyke studie, dié van Du Toit (2010), is daar bevind dat studente wel kontakklasse wil hê. Haar studie is egter gedoen op 107 studente wat gereeld kontakklasse bygewoon het, en is daar nie gekyk na studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie. Geen ander studie kon gevind word wat die effek van kontakklasbywoning bestudeer het nie.

Met Fase 1 is verder ondersoek ingestel of studente wat self vir hulle studies betaal, meer kontakklasse bywoon en akademies beter vaar, as beursstudente. Die resultate toon dat studente wat self vir hul studies betaal, geneig is om minder klas by te woon; terwyl beurshouers kontakklasse beter bywoon. Met Fase 1 is ook die kontakklasbywoning en modulepunte van studente wat by NWU-dosente kontakklasse bygewoon het by Potchefstroomse hoofkontaksentrum, vergelyk met data van studente wat by NWU dosente by ander kontaksentrums kontakklasse bygewoon het. Die resultate toon dat studente, wat by dosente by die Potchefstroom kontaksentrum kontakklasse bygewoon het, gemiddeld heelwat beter vaar in sommige GOS-programme as studente wat by dosente by die ander vyf kontaksentrums en landelike omgewings kontakklasse bygewoon het, byvoorbeeld *Geografie* (57.4% teenoor 30.6%), *Grondslagfase* (63.8% teenoor 52.8%) en *Leerderondersteuning* (57.3% teenoor 46.9%). Daarteenoor vaar studente in sommige GOS-programme wat by dosente by die ander vyf kontaksentrums en landelike omgewings kontakklasse bygewoon

het, egter gemiddeld heelwat beter as studente wat by dosente by die Potchefstroomse hoofkontaksentrum kontakklasse bygewoon het, met spesifieke verwysing na *Wiskundige Geletterdheid* (40.6% teenoor 56%) en *Wiskunde-onderwys* (43.6% teenoor 60%).

Met Fase 1 is slegs die kontakklasbywoning, vakansieskoolbywoning en modulepunte van 288 studente in die Noordwes-Provinsie ondersoek. Weens die klein studiepopulasie van Fase 1, die beperking van slegs een provinsie se data, asook onversadigde data en resultate, het die navorser, as deel van die *Opeenvolgend Ontwikkelende Navorsingsontwerp* (R. B. Johnson & Onwuegbuzie, 2004; Leech & Onwuegbuzie, 2009; A.J Onwuegbuzie & Leech, 2005), wat in hierdie studie gevolg is (Hoofstuk 5), dit nodig geag om 'n groter navorsingstudie uit te voer om navorsingsdoelwit (4), naamlik *Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsleer-studente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te bepaal*, verder te hanteer. Derhalwe het Fase 2 gevolg.

### 6.3 Resultate van Fase 2

Fase 2 ondersoek kwantitatief die verband tussen kontakklasbywoning en akademiese prestasie van studente wat gedurende Oktober 2009 regoor Suid-Afrika eksamen geskryf het in die GOS-programme Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie. Weens die klein omvang van Fase 1 (n = 288), is Fase 2 uitgebrei ten opsigte van studentegetalle (n = 1310) wat kontakklasse en vakansieskool bygewoon het. In Fase 2 is na modules gekyk wat studente gedurende die kontakgeleenthede bygewoon het, en is studentegetalle nie gebruik nie.

Soos die studente van Fase 1, is die studente van Fase 2 almal ingeskrewe NWU-studente, maar word logisties en administratief deur die Open Learning Group (OLG) bestuur. Soos met Fase 1 is die resultate in die ontledings verkry deur alle studente in genoemde vier GOS-programme se Oktober 2009-modulepunte te vergelyk met kontakklasbywoning van Februarie tot September 2009, asook hul vakansieskoolbywoning. Data is van OLG en die NWU se studenterekordbasis onttrek en geanaliseer. Tabel 6.9 voorsien die rapporteringstruktuur vir Fase 2 se bevindinge:

**Tabel 6.9: Fase 2: Rapporteringstruktuur van bevindinge**

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS EN SUB-DOELWITTE	PARAGRAWE	STATISTIESE TEGNIEKE
<p><b>Navorsingsdoelwit 4.</b> Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandslêer-studente binne geselekteerde Gevorderde Onderwyssertifikaat- (GOS-) programme te bepaal.</p>	<p>⊖ Deelnemers (N = 1310 studente) wat gedurende Oktober 2009 regoor Suid-Afrika eksamen geskryf het in die GOS-programme Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie. Totaal van 4931 modules is in eksamen geskryf.</p>	<p><b>6.3 Resultate van Fase 2</b></p> <p>6.3.1 Beskrywing van deelnemers volgens kontakklasbywoning en modulepunte; en die kwantitatiewe verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is per studiesentrum</li> <li>▪ Totale getal modules per provinsie waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is</li> <li>▪ Totale getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is per eksamensentrum</li> <li>▪ Geslagsverdeling van deelnemers per module, GOS-program en provinsie wat in Oktober 2009 eksamen geskryf het</li> <li>▪ Getal deelnemers per GOS-program en modules wat onderskeidelik kontakklasse en vakansieskole bygewoon het, en gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het</li> <li>▪ Gemiddelde modulepunte behaal per GOS-program na afloop van die Oktober 2009-eksamen</li> </ul> <p>6.3.2 Die <b>kwantitatiewe</b> verband tussen akademiese prestasie, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning van studente wat gedurende Oktober 2009 regoor Suid-Afrika eksamen geskryf het in die GOS-programme Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie</p>	<p>Beskrywende statistiek (frekwensies) en tweerigting tabelle (Cramer se V-waardes). Spearman se rangorde korrelasies (r), asook t-toetse (eenrigting-ANOVA-verbande m.b.v. Cohen se d-waarde)</p>

Soos uiteengesit in Tabel 6.9, word deelnemers eers in paragraaf 6.3.1 beskryf volgens veranderlikes van kontakklasbywoning, vakansieskoolbywoning en modulepunte, gevolg deur 'n korrelasie ondersoek na betekenisvolle verbande in paragraaf 6.3.2.

### **6.3.1 Beskrywing van deelnemers volgens kontakklasbywoning en modulepunte; en die kwantitatiewe verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning**

Drie GOS-programme (Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning en Grondslagfase) met die meeste ingeskrewe studente is vir hierdie fase gekies, asook een van die programme met minder studente (Geografie). Deelnemers word volgens kontakklasbywoning en modulepunte beskryf deur gebruik te maak van die volgende beskrywende statistiek:

- Totale getal modules per provinsie waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is.
- Totale getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is per eksamensentrum.
- Geslagsverdeling van deelnemers per module, GOS-program en provinsie wat in Oktober 2009 eksamen geskryf het.
- Getal deelnemers wat onderskeidelik kontakklasse en vakansieskole bygewoon het, en gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het.
- Gemiddelde modulepunte behaal per module en GOS-program na afloop van die Oktober 2009-eksamen.

Hierdie veranderlikes van kontakklasbywoning, vakansieskoolbywoning en modulepunte word vervolgens bespreek:

- **Getal modules per provinsie waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is**

Tabel 6.10 voorsien die totale getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is vir al vier GOS-programme per provinsie.

Die programme in Geografie en Leerderondersteuning sluit elk 12 modules in, terwyl Wiskunde-onderwys 11 en Grondslagfase 7 modules insluit. Van die modules in die programme is dieselfde, terwyl ander modules spesifiek aan elke program is. Die gevolg is dat die geraamde vier programme saam 22 verskillende modules dek. Dit is normale praktyk dat studente in meer as een module eksamen skryf en ook vanweë die eiesoortige aard van afstandsonderrig dat hulle met elke eksamengeleentheid in beide eerste- en tweede-semester-modules eksamen kan skryf. Die totale getal modules wat 1310 studente in eksamen geskryf het gedurende Oktober 2009 was 4391, en soos volg verdeel tussen die vier GOS-programme: Wiskunde-onderwys 325, Leerderondersteuning 460, Grondslagfase 512 en Geografie 13.

**Tabel 6.10: Frekwensietabel: Totale getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is per provinsie**

PROVINSIE	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS PER PROVINSIE
Oos-Kaap	1099	22.3
Vrystaat	147	2.9
Gauteng	191	3.9
KwaZulu-Natal	590	11.9
Limpopo	829	16.8
Mpumalanga	1075	21.8
Noordwes	432	8.8
Noord-Kaap	255	5.2
Wes-Kaap	276	5.6
Ongespesifiseerd	37	0.8
<b>Totale</b>	<b>4931</b>	<b>100%</b>

Uit die resultate van Tabel 6.10 kan afgelei word dat die meeste modules vir die vier geïdentifiseerde programme in die Oos-Kaap (n = 1099; 22.3%) en Mpumalanga (n = 1075; 21.8%) geskryf is. Dit is ook verteenwoordigend van die totale getal studente vir afkampusprogramme wat by die NWU geregistreer is, omdat die meeste studente uit hierdie twee provinsies kom.

- **Getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is per studiesentrum**

Die frekwensie-tabel (Tabel 6.11) rapporteer die totale getal modules waarin gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf is per studiesentrum. Hierdie data word gerapporteer vir volledige agtergrond rakende die oorsprong van die modulepunte wat in Fase 2 gebruik is. Afstande vanaf studiesentrums kan 'n probleem wees t.o.v. doelwit (4) en derhalwe is die inligting nodig soos later in Fase 3 sal blyk.

**Tabel 6.11: Frekwensietabel: Getal modules wat per eksamensentrum geskryf is**

STUDIESENTRUM	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% STUDENTE WAT EKSAMEN GESKRYF HET	STUDIESENTRUM	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% STUDENTE WAT EKSAMEN GESKRYF HET
Queenstown	132	1.8	Lusikisiki	28	0.4
Alberton	8	0.1	Lydenburg	11	0.2
Aliwal-Noord	12	0.2	Mafikeng	71	0.9
Atamelang	68	0.9	Makhado (Louis Trichardt)	69	0.9
Bethlehem	3	0.04	Matatiele	34	0.5
Bizana	40	0.5	Middelburg	111	1.5
Bloemfontein	92	1.2	Modimolle (Nylstroom)	24	0.3
Butterworth	64	0.9	Mogwase	10	0.1
Caledon	5	0.07	Mount Fletcher	14	0.2
Clocolan	2	0.03	Mount Frere	53	0.7
Colesberg	2	0.03	Nelspruit	238	3.2
Cradock	26	0.4	Newcastle	13	0.2
Durban	147	1.9	Nkomazi	192	2.6
Oos-Londen	159	2.2	Nongoma	29	0.4
Elliot	50	0.7	Paarl	21	0.3
Elukwatini	62	0.8	Parow	231	3.1

STUDIESENTRUM	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% STUDENTE WAT EKSAMEN GESKRYF HET	STUDIESENTRUM	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% STUDENTE WAT EKSAMEN GESKRYF HET
Empangeni	20	0.3	Phalaborwa	47	0.6
Empangeni (Bib)	13	0.2	Piet Retief	28	0.4
Ermelo	121	1.6	Pietermaritzburg	25	0.3
Esikhaweni	27	0.4	Polokwane	353	4.8
Estcourt	17	0.2	Pongola	9	0.1
George	42	0.6	Port Elizabeth	144	1.9
Giyani	84	1.1	Port Shepstone	16	0.2
Graaff-Reinet	4	0.1	Potchefstroom	14	0.2
Grahamstad	37	0.5	Pretoria	130	1.8
Graskop	180	2.4	Rustenburg	63	0.9
Greytown	37	0.5	Soweto (Diepkloof)	30	0.4
Groblersdal	39	0.5	Spesiale reëling	41	0.6
Harrismith	10	0.1	Springs	27	0.4
Hopetown	4	0.1	Stanger	21	0.3
Idutywa	30	0.4	Sterkspruit	20	0.3
Ingwavuma	86	1.2	Taung	122	1.7
Jane Furse	76	1.03	Thabazimbi	6	0.1

STUDIESENTRUM	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% STUDENTE WAT EKSAMEN GESKRYF HET	STUDIESENTRUM	TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS	% STUDENTE WAT EKSAMEN GESKRYF HET
Kimberley	45	0.6	Thohoyandou	143	1.9
King Williams Town	76	1.03	Tzaneen	57	0.8
Kinross	54	0.7	Ulundi	16	0.2
Klerksdorp	53	0.7	Umtata	142	1.9
Kokstad	23	0.3	Upington	20	0.3
Kroonstad	4	0.1	Vereeniging	11	0.2
Krugersdorp(Kenmare)	10	0.1	Vosloorus	14	0.2
Kuruman	164	2.2	Vredendal	3	0.04
Ladybrand	37	0.5	Vryheid	44	0.6
Lephalale(Ellisras)	19	0.3	Welkom	33	0.5
Lichtenburg	14	0.2	Worcester	5	0.1
<b>TOTALE GETAL MODULES WAARIN EKSAMEN GESKRYF IS = 4931</b>					

Die studiesentrum waar studente in die meeste modules vir die vier GOS-programme gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het, was Polokwane (4.8% van die totale getal modules) gevolg deur Nelspruit (3.2% van totale getal modules). Die studiesentrums by Clocolan en Colesberg het die minste studente gehad wat eksamen geskryf het (elk 0.03% van totale getal modules). Die meeste GOS-Wiskunde-spesialiseringsmodules is geskryf by Polokwane (n = 56), gevolg deur Thohoyandou (n = 36). Die meeste spesialiseringmodules in Leerderondersteuning is geskryf by Nelspruit (n = 41), gevolg deur Graskop (n = 34). As gekyk word na die spesialiseringmodules in die GOS-Grondslagfase is die meeste modules by Polokwane (n = 67) geskryf, gevolg deur Parow (n = 30). Wat betref GOS in Geografie is die meeste spesialiseringmodules wat by 'n sentrum geskryf is, slegs 2.

- **Geslagsverdeling van deelnemers per module, GOS-program en provinsie wat in Oktober 2009 eksamen geskryf het**

Beskrywende statistiek (Tabel 6.12) is bereken om die geslagsverdeling van die totale groep studente volgens provinsie te bepaal. Die oorgrote meerderheid (80.8%) van die totale getal modules wat deur studente geskryf is, is vroue, en 19.2% is mans. Die verdeling is ook tiperend van die huidige onderwyssituasie in SA, waar die oorgrote meerderheid onderwysers vroue is. Die frekwensie-tabel (Tabel 6.12) voorsien ook 'n uiteensetting van die getal manlike en vroulike deelnemers volgens provinsie wat gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het. Hiervolgens het vrouens die meeste modules in die Oos-Kaap geskryf (909), gevolg deur Mpumalanga. By mans is gevind dat die meeste modules in Limpopo geskryf is (251), gevolg deur Mpumalanga.

**Tabel 6.12: Frekwensie-tabel: Die verdeling van geslag volgens provinsie**

STREEK	VROULIK		MANLIK	
	n	%	n	%
Oos-Kaap	909	82.7	190	17.3
Vrystaat	107	72.8	40	27.2
Gauteng	161	84.3	30	15.7
KwaZulu-Natal	527	89.3	63	10.7
Limpopo	578	69.7	251	30.3
Mpumalanga	847	78.8	228	21.2
Noordwes	352	81.5	80	18.5
Noord-Kaap	214	83.9	41	16.1
Wes-Kaap	252	91.3	24	8.7
Ongespesifiseerd	36	97.3	1	2.7
<b>Totale</b>	<b>3983</b>		<b>948</b>	

**Tabel 6.13: Frekwensie-tabel: Geslagsverdeling van deelnemers per GOS-program en totale getal modules wat gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het**

GOS-PROGRAMME																
MODULE	WISKUNDE-ONDERWYS				LEERDERONDERSTEUNING				GRONDSLAGFASE				GEOGRAFIE			
	Vroulik		Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik		Manlik	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
NDWK522	56	54.4	47	45.4	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
NWPK511	89	57.4	66	42.6	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
ORK521	50	56.2	39	43.8	112	81.2	26	18.8	-	-	-	-	-	-	-	-
NWPK521	58	57.4	43	42.6	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
ORAK511	-	-	-	-	141	82.5	30	17.5	280	99.6	1	0.4	2	33.3	4	66.7
FSET511	76	54.7	63	45.3	153	81.8	34	18.2	304	99.7	1	0.3	6	50	6	50
LSSH528	-	-	-	-	106	85.5	18	14.5	-	-	-	-	-	-	-	-
LSED518	-	-	-	-	106	77.9	30	22.1	-	-	-	-	-	-	-	-
EUCE511	75	55.9	59	44.03	140	80.9	33	19.1	250	99.6	1	0.4	5	50	5	50
LSDL528	-	-	-	-	118	83.1	24	16.9	-	-	-	-	-	-	-	-
ORK511	75	56.4	58	43.6	165	80.1	41	19.9	286	98.9	3	1.04	5	62.5	3	37.5
EDFM523	62	62	38	38	122	83.6	24	16.4	-	-	-	-	1	50	1	50

<b>GOS-PROGRAMME</b>																
<b>MODULE</b>	<b>WISKUNDE-ONDERWYS</b>				<b>LEERDERONDERSTEUNING</b>				<b>GRONDSLAGFASE</b>				<b>GEOGRAFIE</b>			
	<b>Vroulik</b>		<b>Manlik</b>		<b>Vroulik</b>		<b>Manlik</b>		<b>Vroulik</b>		<b>Manlik</b>		<b>Vroulik</b>		<b>Manlik</b>	
	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>	<b>n</b>	<b>%</b>
<b>ORAK521</b>	-	-	-	-	133	86.9	20	13.1	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>HIVA521</b>	69	60	46	40	151	81.6	34	18.4	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>FROL571</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	167	100	-	-	-	-	-	-
<b>FROF571</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	204	100	-	-	-	-	-	-
<b>LSIE518</b>	-	-	-	-	109	77.9	31	22.1	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>NWPK512</b>	97	57.7	71	42.3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>NWPK522</b>	41	53.9	35	46.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>FROG571</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	167	100	-	-	-	-	-	-
<b>GBGK511</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	25	6	75
<b>GSGK511</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	28.6	5	71.4
<b>Totale (n = 4931)</b>	<b>748</b>		<b>565</b>		<b>1556</b>		<b>345</b>		<b>1658</b>		<b>6</b>		<b>23</b>		<b>30</b>	

Uit Tabel 6.13 blyk dit dat die meeste modules gedurende die Oktober 2009-eksamen in die GOS-program *Leerderondersteuning* (n = 1901) geskryf is en dat vrouens 1556 modules van die totaal geskryf het. Die verdeling van vroue en mans wat modules in die GOS-program *Grondslagfase* geskryf het, was oorweldigend vroue, wat te wagte was, want die meeste Grondslagfase-onderwysers is vrouens. Dit is opvallend dat in die GOS-programme *Wiskunde* en *Geografie* die verdeling meer na 'n gelyke verdeling tussen mans en vrouens geneig het.

- **Getal studente per GOS-program en modules wat onderskeidelik kontakklasse en vakansieskole bygewoon en gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het**

Tabel 6.14 rapporteer die getal studente wat onderskeidelik kontakklasse, en vakansieskole bygewoon het per GOS-program en modules, en wat gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het. In 81.1% (n = 3999) van die 4931 modules waarin studente gedurende Oktober 2009 vir die vier GOS-programme eksamen geskryf het, was daar geen kontakklasbywoning nie; 17.5% (n = 864) van die modules is deur studente tydens een kontakklas bygewoon; in 1.3% (n = 65) modules is twee kontakklasse bygewoon; en in slegs 0.1% (n = 3) van die modules het studente drie kontakklasse bygewoon. In totaal het studente in slegs 18.9% van die modules waarin daar in Oktober 2009 eksamen geskryf is een of meer kontakklasse bygewoon. As verder na eksamenuitslae gekyk word, is dit duidelik dat goeie modulepunte behaal is, ten spyte van die lae kontakklasbywoning. Dit wil dus blyk dat vir hierdie vier spesifieke GOS-programme ander faktore, buiten kontakklasbywoning, 'n rol moes gespeel het in akademiese prestasie.

By die meerderheid (n = 4538; 92.0%) van die 4931 modules waarin studente gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het, was daar geen vakansieskoolbywoning nie; terwyl by 7.9% (n = 392) van die modules studente een vakansieskool bygewoon. Dieselfde tendens as met kontakklasbywoning word dus gevind. Aangesien heelwat studente ver woon en dus nie kontakklas bywoon nie, sou verwag word dat hulle ten minste vakansieskole sou bywoon. Die aspek word verder toegelig in doelwit 5.

**Tabel 6.14: Twee-rigting-tabelle: getal studente wat kontakklasse en vakansieskole bygewoon het per GOS-program en module, en gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het**

		KONTAKKLASSE BYGEWOON								VAKANSIESKOOL BYGEWOON				SLAAG / DRUIP			
		Geen Kontakklasse		1 kontakklas		2 kontakklasse		3 kontakklasse		Geen vakansieskool		Vakansieskool bygewoon		Druip modulepunt < 50		Slaag modulepunt > 50	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
<b>GOS-PROGRAM WISKUNDE-ONDERWYS</b>	<b>NDWK522</b>	100	97.1	3	2.9	-	-	-	-	103	100	-	-	6	5.8	97	94.2
	<b>NWPK511</b>	133	85.8	18	11.6	3	1.9	1	0.7	133	83.7	22	13.8	22	14.2	133	85.8
	<b>ORLK521</b>	74	83.2	15	16.9	-	-	-	-	85	95.5	4	4.5	26	29.2	63	70.8
	<b>NWPK521</b>	85	84.2	16	15.8	-	-	-	-	100	99.0	1	0.9	26	25.7	75	74.3
	<b>FSET511</b>	110	79.1	28	20.1	1	0.7	-	-	117	84.2	22	15.8	34	24.5	105	75.6
	<b>EUCE511</b>	123	91.8	11	8.2	-	-	-	-	131	97.8	3	2.2	4	2.9	130	97.0
	<b>ORLK511</b>	105	78.9	24	18.1	4	3.0	-	-	118	88.7	15	11.3	46	34.6	87	65.4
	<b>EDFM523</b>	88	88.0	12	12.0	-	-	-	-	93	93.0	7	7.0	40	40.0	60	60.0
	<b>HIVA521</b>	105	91.3	10	8.7	-	-	-	-	108	93.9	7	6.1	20	17.4	95	82.6
	<b>NWPK512</b>	143	85.1	21	12.5	4	2.4	-	-	145	86.3	23	13.7	56	33.3	112	66.7
	<b>NWPK522</b>	63	82.9	13	17.1	-	-	-	-	67	89.3	8	10.7	34	44.7	42	55.3
	<b>Totale</b>	<b>1129</b>		<b>171</b>		<b>12</b>		<b>1</b>		<b>1200</b>		<b>112</b>		<b>314</b>	<b>23.9</b>	<b>999</b>	<b>76.1</b>
		<b>V = 0.1; p = 0.0000</b>								<b>V = 0.2; p = 0.00001</b>				<b>V = 0.3; p = 0.0000</b>			

		KONTAKKLASSE BYGEWOON								VAKANSIESKOOI BYGEWOON				SLAAG / DRUIP			
		Geen Kontakklasse		1 kontakklas		2 kontakklasse		3 kontakklasse		Geen vakansieskool		Vakansieskool bygewoon		Druip modulepunt < 50		Slaag modulepunt > 50	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
<b>GOS-PROGRAM LEERDERONDERSTEUNING</b>	<b>ORLK521</b>	124	89.9	13	9.4	1	0.7	-	-	131	94.9	7	5.1	32	23.2	106	76.8
	<b>ORAK511</b>	133	77.8	35	20.5	3	1.8	-	-	146	85.4	25	14.6	29	16.9	142	83.0
	<b>FSET511</b>	141	75.4	43	22.9	3	1.6	-	-	161	86.1	26	13.9	49	26.2	138	73.8
	<b>LSSH528</b>	104	83.9	16	12.9	4	3.2	-	-	124	100.0	-	-	8	6.5	116	93.6
	<b>LSED518</b>	97	71.3	37	27.2	2	1.5	-	-	136	100.0	-	-	46	33.8	90	66.2
	<b>EUCE511</b>	139	80.4	32	18.5	2	1.2	-	-	172	99.4	1	0.6	8	4.6	165	95.4
	<b>LSDL528</b>	122	85.9	18	12.7	2	1.4	-	-	132	92.9	10	7.0	6	4.2	136	95.8
	<b>ORLK511</b>	170	82.5	35	16.9	1	0.5	-	-	182	88.4	24	11.7	90	43.7	116	56.3
	<b>EDFM523</b>	125	85.6	18	12.3	3	2.1	-	-	133	91.1	13	8.9	70	47.9	76	52.1
	<b>ORAK521</b>	128	83.7	20	13.1	5	3.3	-	-	153	100.0	-	-	29	18.9	124	81.1
	<b>HIVA521</b>	161	87.0	22	11.9	2	1.1	-	-	174	94.1	11	5.9	26	14.1	159	85.9
	<b>LSIE518</b>	107	76.4	32	22.9	1	0.7	-	-	123	87.9	17	12.1	35	25.0	105	75.0
<b>Totale</b>	<b>1551</b>		<b>321</b>		<b>29</b>		<b>0</b>		<b>1767</b>		<b>134</b>		<b>428</b>	<b>22.5</b>	<b>1473</b>	<b>77.5</b>	
		<b>V = 0.1; p = 0.00001</b>								<b>V = 0.2; p = 0.00001</b>				<b>V = 0.3; p = 0.0000</b>			

		KONTAKKLASSE BYGEWOON								VAKANSIESKOOI BYGEWOON				SLAAG / DRUIP			
		Geen kontakklasse		1 kontakklas		2 kontakklasse		3 Kontakklasse		Geen vakansieskool		Vakansieskool bygewoon		Druip modulepunt < 50		Slaag modulepunt > 50	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
<b>GOS-PROGRAM GRONDSLAGASE</b>	<b>ORAK511</b>	202	71.9	76	27.1	3	1.1	-	-	235	83.6	46	16.4	61	21.7	220	78.3
	<b>FSET511</b>	235	77.1	64	20.9	6	1.9	-	-	261	85.6	44	14.4	86	28.2	219	71.8
	<b>EUCE511</b>	202	80.5	47	18.7	2	0.8	-	-	246	98.0	5	1.9	8	3.2	243	96.8
	<b>ORLK511</b>	237	82.0	47	16.3	5	1.7	-	-	242	83.7	47	16.3	101	34.9	188	65.1
	<b>FROL571</b>	121	72.5	40	23.9	6	3.6	-	-	166	99.4	1	0.6	17	10.2	150	89.8
	<b>FROF571</b>	154	75.5	48	23.5	1	0.5	1	0.5	204	100.0	-	-	58	28.4	146	71.6
	<b>FROG571</b>	129	77.3	36	21.6	1	0.6	1	0.6	166	99.4	1	0.6	37	22.2	130	77.9
	<b>Totale</b>	<b>1280</b>		<b>358</b>		<b>24</b>		<b>2</b>		<b>1520</b>		<b>144</b>		<b>368</b>	<b>22.1</b>	<b>1296</b>	<b>77.9</b>
		<b>V = 0.1; p = 0.99982</b>								<b>V = 0.2; p = 0.0000</b>				<b>V = 0.3; p = 0.0000</b>			

		KONTAKKLASSE BYGEWOON								VAKANSIESKOOL BYGEWOON				SLAAG / DRUIP			
		Geen Kontakklasse		1 kontakklas		2 kontakklasse		3 kontakklasse		Geen vakansieskool		Vakansieskool bygewoon		Druip modulepunt < 50		Slaag modulepunt > 50	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	N	%	n	%
<b>GOS-PROGRAM EOGRAFIE</b>	<b>ORAK511</b>	4	66.7	2	33.3	-	-	-	-	5	83.3	1	16.7	-	-	6	100.0
	<b>FSET511</b>	7	58.3	5	41.7	-	-	-	-	11	91.7	1	8.3	3	25.0	9	75.0
	<b>EUCE511</b>	5	50.0	5	50.0	-	-	-	-	10	100.0	-	-	-	-	10	100.0
	<b>ORLK511</b>	6	75.0	2	25.0	-	-	-	-	8	100.0	-	-	1	12.5	7	87.5
	<b>EDFM523</b>	2	100.0	-	-	-	-	-	-	2	100.0	-	-	2	100.0	-	-
	<b>GBGK511</b>	8	100.0	-	-	-	-	-	-	8	100.0	-	-	4	50.0	4	50.0
	<b>GSGK511</b>	7	100.0	-	-	-	-	-	-	7	100.0	-	-	-	-	7	100.0
	<b>GKLK521</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	<b>GGGK521</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	<b>ORAK521</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	<b>ORLK521</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	<b>HIVA521</b>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	<b>Totale</b>	<b>39</b>		<b>14</b>		<b>0</b>		<b>0</b>		<b>51</b>		<b>2</b>		<b>10</b>	<b>18.9</b>	<b>43</b>	<b>81.1</b>
<b>V = 0.3; p = 1.0000</b>								<b>V = 0.2; p = 1.0000</b>				<b>V = 0.6; p = 0.55178</b>					

Uit Tabel 6.14 kan afgelei word dat studente wat gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het se kontakklasbywoning per module vir die GOS-program *Wiskunde-onderwys*, 14% was. Tabel 6.14 rapporteer verder studente se vakansieskoolbywoning per module vir die GOS-program *Wiskunde-onderwys*. Van die totaal van 1312 modules is slegs 112 deur studente gedurende die vakansieskool bygewoon, wat 'n persentasie van 8.5% verteenwoordig. Hierdie persentasie bywoning in die vakansieskool is nog swakker as die kontakklasbywoning vir die GOS-program *Wiskunde*, wat 14% was.

Tabel 6.14 rapporteer verder studente se kontakklasbywoning per module vir die GOS-program *Leerderondersteuning*. Resultate toon dat 81.5% van die modules geen kontakklasbywoning gehad het nie. Die bywoning van kontakklasse vir studente in *Leerderondersteuning* (18.5%) blyk beter as die 14% van *Wiskunde-onderwys* te wees. Tabel 6.14 rapporteer ook studente se vakansieskoolbywoning per module vir die GOS-program in *Leerderondersteuning*. Uit die resultate in hierdie tabel blyk dit dat 92.9% van die modules wat gedurende die Oktober 2009-eksamen geskryf is, nie die vakansieskool vir daardie modules bygewoon het nie.

Tabel 6.14 rapporteer ook studente wat gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het se kontakklasbywoning per module vir die GOS-program *Grondslagfase*. Die resultate toon dat in 23.3% van die modules kontakklasse wel bygewoon is, wat dit selfs beter maak as in die geval van die GOS in *Wiskunde-onderwys* en *Leerderondersteuning*. Opvallend is weer eens, soos by die ander GOS-spesialiserings, dat by 1 280 modules waarin eksamen geskryf is, daar geen kontakklasbywoning deur studente was nie. Tabel 6.14 voorsien verder data rakende studente se vakansieskoolbywoning per module vir die GOS-program in *Grondslagfase*. By hierdie GOS-program is basies dieselfde resultaat gevind as by die GOS-program in *Leerderondersteuning*, naamlik dat altesaam 91.3% geen klasse vir die gemelde modules gedurende die vakansieskool bygewoon het nie.

Laastens rapporteer Tabel 6.14 ook studente wat gedurende Oktober 2009 eksamen geskryf het se kontakklasbywoning per module vir die GOS-program *Geografie*. Resultate toon dat 73.5% studente nie kontakklasse in die modules bygewoon het nie. Verder het geen student twee of meer kontakklasse in hierdie spesifieke modules bygewoon nie. 'n Finale modulepuntslaagsyfer van 81.1% is egter behaal. Tabel 6.14 rapporteer verder studente se vakansieskoolbywoning per module vir die GOS-program in *Geografie*. Van die 23 GOS-

Geografie modules wat gedurende die betrokke eksamen geskryf is, is slegs twee modules gedurende die vakansieskool bygewoon. Opsommend blyk dit dat vakansieskoolbywoning in die verskillende GOS-programme besonders laag was.

### **6.3.2 Die kwantitatiewe verband tussen akademiese prestasie, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning van studente wat gedurende Oktober 2009 regoor Suid-Afrika eksamen geskryf het in die GOS-programme Wiskunde- onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie**

Ook in Tabel 6.14 is Cramer se effekgroottes ( $V$ ) met behulp van twee-rigting-tabelle bereken om te bepaal of daar prakties betekenisvolle verskille bestaan tussen eerstens kontakklasbywoning en GOS-program modules en tweedens vakansieskoolbywoning en GOS-programmodules. Klein effekgroottes is bereken ten opsigte van kontakklasbywonings vir die GOS-programme Wiskunde-onderwys ( $V = 0.1$ ;  $p = 0.0000$ ), Leerderondersteuning ( $V = 0.1$ ;  $p = 0.00001$ ) en Grondslagfase ( $V = 0.1$ ;  $p = 0.99982$ ), wat daarop dui dat daar min verskille in die kontakklasbywonings van modules binne hierdie programme bestaan. 'n Medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 1.000$ ), wat dui op 'n statistiese verskil wat neig tot betekenisvolheid, is gevind tussen die kontakklasbywonings van modules binne die GOS-program Geografie. So byvoorbeeld het 100% van studente geen kontakklasse bygewoon vir die modules EDFM523, GBGK511 en GSGK511, en het 75% van studente geen kontakklasse bygewoon vir die module ORLK511; teenoor 50% wat geen kontakklasse bygewoon het vir die module EUCE511 nie.

Klein effekgroottes (Tabel 6.14) is verder bereken ten opsigte van vakansieskoolbywonings vir al vier GOS-programme (Wiskunde-onderwys  $V = 0.2$ ,  $p = 0.0000$ ; Leerderondersteuning  $V = 0.2$ ,  $p = 0.00001$ ; Geografie  $V = 0.2$ ,  $p = 1.0000$ ; Grondslagfase  $V = 0.2$ ,  $p = 0.0000$ ), wat daarop dui dat daar nie noemenswaardige verskille bestaan in die vakansieskoolbywoning vir modules binne die vier programme nie.

Tabel 6.14 voorsien die akademiese prestasie (slaag- en driuipsyfers) van studente vir die GOS-program in *Wiskunde-onderwys* vir die Oktober 2009-eksamen per module. Uit hierdie tabel kan die volgende afleidings gemaak word: 'n slaagsyfer van 76.1% is vir alle modules behaal, met 'n gemiddelde slaagsyfer van 75.2% in die vyf spesialiseringmodules teenoor die 75.2% in generiese modules. Cramer se effekgrootte ( $V$ ) is met behulp van 'n twee-rigting-tabel bereken (Tabel 6.14) om te bepaal of daar 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die

akademiese prestasie (slaag- en driipsyfers) van modules binne die GOS-program Wiskunde-  
 onderwys bestaan. 'n Medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ) is bereken, wat daarop dui dat daar  
 'n statisties betekenisvolle verskil wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verskil in die  
 betrokke studiepulasie tussen die akademiese prestasie van modules binne die program  
*Wiskunde-onderwys* bestaan. So byvoorbeeld is die gemiddelde slaagsyfer vir NDWK522  
 94.2% teenoor slegs 5.8% wat drui, en die gemiddelde slaagsyfer vir EUCE511 97% is  
 teenoor slegs 2.9% wat drui. In teenstelling hiermee is die slaagsyfer vir EDFM523 60%  
 teenoor 'n 40% driipsyfer, en die slaagsyfer vir NWPK522 slegs 55.3% teenoor 'n 44.7%  
 driipsyfer. Hierdie verskille in akademiese prestasie vir verskillende modules in die  
 betrokke program verklaar die medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ).

Tabel 6.14 voorsien ook die akademiese prestasie (slaag- en driipsyfers) van studente vir die  
 GOS-program in *Leerderondersteuning* vir die Oktober 2009-eksamen per module. Basies  
 dieselfde slaagsyfertendens as vir GOS in *Wiskunde-onderwys* is behaal, naamlik 77.5% vir  
 alle modules. Die hoogste slaagsyfer is in die spesialisingsmodule LSDL528 behaal,  
 naamlik 95.8%, en die minste sukses in die generiese module EDFM523, nl. 52.1%. Cramer  
 se effekgrootte ( $V$ ) is ook met behulp van 'n twee-rigting-tabel bereken (Tabel 6.14) om te  
 bepaal of daar 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die akademiese prestasie (slaag- en  
 driipsyfers) van modules binne die GOS-program *Leerderondersteuning* bestaan. 'n Medium  
 effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ) is bereken, wat daarop dui dat daar 'n statisties betekenisvolle  
 verskil in die betrokke studiepulasie, wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verskil, tussen  
 die akademiese prestasie van modules binne hierdie program bestaan. So byvoorbeeld is die  
 gemiddelde slaagsyfer vir LSDL528 95.8% teenoor slegs 4.2% wat drui. In teenstelling  
 hiermee is die slaagsyfer vir EDFM523 52.1% is teenoor 'n 47.9% driipsyfer. Soortgelyke  
 diskrepansie in akademiese prestasie vir verskillende modules in die betrokke program  
 verklaar die medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ).

Tabel 6.14 voorsien verder die akademiese prestasie (slaag- en driipsyfers) van studente vir  
 die GOS-program in Grondslagfase vir die Oktober 2009-eksamen per module. Die  
 gemiddelde slaagsyfer in die generiese modules is 77.9%, teenoor die gemiddelde van 79.7%  
 vir die spesialisingsmodules. Die slaagsyfer van 77.9% vir die GOS in Grondslagfase is  
 besonders hoog, ten spyte daarvan dat studente min kontakklasse en vakansieskole bygewoon  
 het. In die geval van die GOS-program *Grondslagfase*, is ook 'n medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p =$   
 $0.0000$ ) gevind tussen die akademiese prestasie (slaag- en driipsyfers) van modules, wat dui  
 op 'n statisties betekenisvolle verskil in die betrokke studiepulasie, wat neig tot 'n prakties

betekenisvolle verskil, tussen die akademiese prestasie van modules binne hierdie program. So byvoorbeeld is die gemiddelde slaagsyfer vir EUCE511 96.8% teenoor slegs 3.2% wat druip. In teenstelling hiermee is die slaagsyfer vir ORLK511 65.1% teenoor 'n 34.9% druipsyfer. Diskrepanse in akademiese prestasie vir verskillende modules in die betrokke program verklaar die medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ).

Laastens voorsien Tabel 6.14 ook die akademiese prestasie (slaag- en druipsyfers) van studente vir die GOS-program in *Geografie* vir die Oktober 2009-eksamen per module. Dieselfde tendens soos by die ander GOS-programme is gevind, nl. 'n hoë eksamenslaagsyfer in al die modules (81.1%), ten spyte van die relatief min kontakgeleenthede wat deur studente benut is. In die geval van die GOS-program *Geografie*, is 'n groot effek ( $V = 0.6$ ;  $p = 0.55178$ ) gevind tussen die akademiese prestasie (slaag- en druipsyfers) van modules, wat dui op 'n praktiese betekenisvolle verskil in die betrokke studiepopulasie tussen die akademiese prestasie van modules binne hierdie program. So byvoorbeeld het drie modules 'n 100% slaagsyfer, naamlik ORAK511, EUCE511 en GSGK511, teenoor GBGK511 wat 'n slaagsyfer van slegs 50% het, en FSET511 wat 'n slaagsyfer van 75% het.

In die 22 modules waar geen kontakklas bygewoon is nie, het studente 'n gemiddelde slaagpersentasie van 56.7% behaal (kyk Tabel 6.15 op die volgende bladsy). Vier modules het 'n gemiddelde druipsyfer van minder as 50% getoon. Die gemiddelde van die modules waarin eksamen geskryf is en waar net een kontakklas bygewoon is, was 58.6%. In hierdie geval het slegs een module 'n gemiddelde druipersentasie getoon. Vir die modules waarin twee of meer kontakgeleenthede bygewoon is, het die studente 'n gemiddelde punt van 56.3% behaal vir die modules waarin eksamen geskryf is. Ses modules het 'n druipersentasie getoon. Opsommend kan dus gesê word dat studente wat geen kontakklas bygewoon het nie, selfs beter presteer het as die studente wat twee of meer kontakgeleenthede in modules bygewoon het (56.7% teenoor 56.3%).

Ten spyte van die swak kontakklas- en vakansieskoolbywoning, blyk dit dat die studente tydens die eksamengeleentheid van Oktober 2009 bogemiddeld presteer het (Tabel 6.14). Van die 4931 modules wat geskryf is, is in 3811 (77.3%) geslaag. Die grootste persentasie slaagsyfers per module was in GSGK511 (100%, hoewel net sewe studente geskryf het), EUCE511 (96.9%) en LSDL528 (95.8%). Die hoogste druipsyfers het voorgekom by GBGK511 (50%, hoewel net agt studente geskryf het) en EDFM523 (45.2%).

**Tabel 6.15: Twee-riktig-tabel om die verbande tussen akademiese prestasie en die getal kontakklasbywonings vir die GOS-programme gesamentlik te bepaal**

	GEEN KONTAKKLAS BYGEWOON		1 KONTAKKLAS BYGEWOON		2 OF MEER KONTAKKLASSE BYGEWOON	
	n	%	n	%	n	%
NDWK522	100	62.7	3	67.3	-	-
NWPK511	133	55.2	18	61.5	4	48.0
ORLK521	198	54.9	28	56.5	1	64.0
NWPK521	85	57.4	16	61.4	-	-
ORAK511	339	55.5	113	57.4	6	57.0
FSET511	493	52.9	140	57.8	10	54.9
LSSH528	104	59.4	16	61.6	4	58.8
LSED518	97	53.0	37	51.6	2	36.0
EUCE511	469	65.6	95	67.8	4	64.0
LSDL528	122	64.7	18	66.6	2	67.5
ORLK511	518	49.3	108	52.0	10	57.0
EDFM523	215	48.4	30	51.8	3	47.3
ORAK521	128	54.2	20	53.3	5	58.0
HIVA521	266	58.8	32	61.6	2	56.5
FROL571	121	67.6	40	68.2	6	82.0
FROF571	154	57.9	48	54.9	2	47.5
LSIE518	107	55.9	32	57.0	1	47.0
NWPK512	143	56.7	21	54.8	4	48.3
NWPK522	63	46.0	13	49.2	-	-
FROG571	129	57.2	36	60.3	2	63.0
GBGK511	8	46.6	-	-	-	-
GSGK511	7	67.6	-	-	-	-
	<b>3999</b>	<b>56.7</b>	<b>864</b>	<b>58.6</b>	<b>68</b>	<b>56.3</b>
	<b>V = 0.3; p = 0.0000</b>					

### 6.3.3 Verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning van studente wat gedurende Oktober 2009 aan die eksamen deelgeneem het.

Cramer se effekgrootte ( $V$ ) is met behulp van 'n twee-rigting-tabel bereken (Tabel 6.15) om te bepaal of daar praktiese betekenisvolle verbande bestaan tussen akademiese prestasie en die getal kontakklasbywonings van modules in al vier GOS-programme. 'n Medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ) is gevind, wat daarop dui dat daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen die GOS-modules se kontakklasbywoning en akademiese prestasie bestaan, wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verband in die betrokke studiepopulasie. Dit impliseer dat studente in 'n mate (wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verband) beter vaar in bepaalde modules hoe meer kontakklasse hulle bywoon. So byvoorbeeld verhoog die gemiddelde modulepunt van NDWK522 van 62.7% met geen kontakklasbywoning tot 67.3% waar een kontakklas bygewoon is; terwyl die gemiddelde modulepunt van FSET511 van 52.9% met geen kontakklasbywoning verhoog tot 57.8% waar een kontakklas bygewoon is. Die medium effek ( $V = 0.3$ ;  $p = 0.0000$ ) word verklaar deur die teendeel, byvoorbeeld die gemiddelde modulepunt van NWPK511 verhoog van 55.2% met geen kontakklasbywoning tot 61.5% waar een kontakklas bygewoon is, maar daal dan drasties tot 48.0% waar twee of meer kontakklasse vir die module bygewoon is. Daar is egter gevalle, soos ORLK521, waar die gemiddelde modulepunt verhoog hoe meer kontakklasse bygewoon word (54.9% geen kontakklasbywoning; 56.5% een kontakklas bygewoon; 64.0% twee of meer kontakklasse bygewoon).

Spearman se rangorde-korrelasie ( $r$ ) is volgende bereken om te bepaal of daar prakties betekenisvolle verbande tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning bestaan (Tabel 6.17).

**Tabel 6.17: Spearman se rangorde-korrelasies ( $r$ ): Verband tussen modulepunte, kontakklasbywoning en vakansieskoolbywoning**

	VERBAND (R) MET KONTAKKLASBYWONING	VERBAND (R) MET VAKANSIESKOOBYWONING
Modulepunte	0.04	-0.02
Kontakklasbywoning		0.1

Soos uit Tabel 6.17 afgelei kan word, is geen prakties betekenisvolle verband tussen modulepunte en kontakklasbywoning (klein effek  $r = 0.04$ ) vir die totale studiepopulasie gevind nie. Daar is ook geen prakties betekenisvolle verband tussen modulepunte en vakansieskoolbywoning gevind nie (klein effek  $r = -0.02$ ). Redes hoekom geen praktiese betekenisvolle verband tussen modulepunt en kontakklasbywoning/ vakansieskoolbywoning gevind is nie, is:

- Nadere ondersoek van die data wys dat die oorgrootte meerderheid studente wat goed vaar, nie kontakklasse en vakansieskole bywoon nie – heel waarskynlik omdat hulle voel hulle het nie addisionele studiehulp nodig nie. Bevredigende slaagsyfers korreleer dus grotendeels met nie-kontakklasbywoning, en oorskadu dus die moontlike effek wat kontakklasse en vakansieskole op die modulepunte van sommige studente mag uitoefen (die effek word dus in die groter datapoel uitgeskakel); en
- die studiepopulasie studente wat wel kontakklasse bygewoon het, is te klein (56.7% het geen kontakklasse bygewoon nie) om prakties betekenisvolle verbande tussen kontakklasbywoning en modulepunte te bereken.

### **6.3.4 Samevatting van Fase 2**

Vir die vier GOS-programme wat in hierdie fase vir ontledings gebruik is, het die deelnemers 81.1% van die kontakklasmodules wat aangebied is, nie bygewoon nie (Tabel 6.14). Wat betref die bywoning van vakansieskole in die gemelde modules was die nie-bywoning selfs hoër, naamlik 92%. Geen student het ook meer as drie kontakklasse bygewoon nie. Die beste bywoning van kontakklasse was by die GOS in Geografie, waar kontakklasse in 26.5% van die modules waarin eksamen geskryf is, bygewoon is.

'n Slaagsyfer van 77.3% is gedurende die eksamen in al die modules behaal, ten spyte van die swak kontakklas- en vakansieskoolbywoning. Die beste slaagsyfer is in die GOS in Geografie behaal, naamlik 81.1%, dit terwyl die kontakklasbywoning in modules slegs 26.4% was, en vir die vakansieskool nog minder, naamlik 3.8% (Tabel 6.14).

Resultate toon dat die oorgrootte meerderheid studente wat wel goed gedurende die eksamen presteer het, nie kontakklasse of vakansieskool bygewoon het nie. Dit wil dus blyk dat kontakklasbywoning nie die hoof bydraende faktor tot akademiese prestasie was nie. In modules waarin geen kontakklasse bygewoon is nie, was daar 'n slaagsyfer van 56.7%,

teenoor die gemiddelde slaagsyfer van 57.5% in die geval van studente wat een of meer kontakklasse in modules bygewoon het.

Die kwantitatiewe data van Fases 1 en 2 het waardevolle resultate rakende die verband tussen studente se kontakklasbywoning en hulle akademiese prestasie opgelewer, wat weens die kwantitatiewe aard van die twee fases se navorsing, in 'n mate veralgemeen kan word binne die konteks waarin die navorsing plaasgevind is. Die data van Fases 1 en 2 is direk vanaf die NWU en OLG se studente-rekordstelsels ontgin, en dit het vanselfsprekend sekere navorsingsbeperkings ingehou weens die beperkte data en die feit dat die navorser nie doelgerig verdere data in hierdie fases kon insamel nie. In ooreenstemming met die *Opeenvolgend Ontwikkelende Navorsingsontwerp* (Johnson & Onwuegbuzie, 2004; Leech & Onwuegbuzie, 2009; Onwuegbuzie & Leech, 2005) wat in hierdie studie gevolg is, het die navorser gevolglik besluit: *Om studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in vier GOS-programme te ondersoek* (navorsingsdoelwit 5); *asook om oop afstandsléerstudente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde Gevorderde Onderwyssertifikaat- (GOS-) programme te ondersoek* (navorsingsdoelwit 6), deur hoofsaaklik gebruik te maak van verdere kwantitatiewe navorsing in die vorm van 'n vraelys. Derhalwe, volg Fase 3.

#### 6.4 Resultate van Fase 3

Soos reeds in Hoofstuk 5 verduidelik, het die navorser 'n vraelys (Addendum D) opgestel met Likert-tipe vrae wat studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning kon meet, asook hulle gereedheid vir e-leer. Die vraelys het ook enkele kwalitatiewe oop vrae bevat wat studente met persoonlike skriftelike narratiewe kon beantwoord rakende hulle menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning. Paragraaf 6.4.1 voorsien eerstens 'n beskrywing van die deelnemers (demografiese inligting), gevolg deur paragraaf 6.4.2, wat studente se menings en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole kwantitatief ondersoek, en paragraaf 6.4.3 wat studente se menings en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole verder kwalitatief ondersoek deur middel van skriftelike persoonlike narratiewe. In paragraaf 6.4.4 word studente se gereedheid vir e-leer kwantitatief ondersoek, gevolg deur verskeie kwantitatiewe korrelasie-ontledings in paragrawe 6.4.5 tot 6.4.9 rakende kontakklasse en e-leer. Kyk Tabel 6.18 vir Fase 3 se rapporteringstruktuur van bevindinge wat aantoon hoe navorsingsdoelwitte 5 en 6 deur middel van verskillende paragrawe hanteer word.

**Tabel 6.18: Fase 3: Rapporteringstruktuur van bevindinge**

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS	PARAGRAWE	STATISTIESE TEGNIEKE
<p><b>Navorsingsdoelwit 5</b></p> <p>Om studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde GOS-programme te ondersoek</p>	<p>⊕ N = 87 deelnemers (43 studente wat een of meer kontakklasse bygewoon het; en 44 studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie) ewekansig gekies vanuit die totale groep deelnemers van Fase 2 wat gedurende Oktober 2009 regoor Suid-Afrika eksamen geskryf het in die GOS-programme Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie</p>	<p><b>6.4 Resultate van Fase 3</b></p> <p>6.4.1 Beskrywing van deelnemers volgens kontakklasbywoning</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Geslagverdeling van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning</i></li> <li>▪ <i>Ouderdomverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning</i></li> <li>▪ <i>Streekverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning</i></li> <li>▪ <i>Deelnemers se jaar van studie volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning</i></li> <li>▪ <i>Kontakklasbywoning van deelnemers per GOS-program</i></li> </ul> <p>6.4.2 <b>Kwantitatiewe</b> ondersoek na studente se menings en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Studente se menings en ervarings rakende aspekte van studiesentrums</i></li> <li>▪ <i>Studente se menings en ervarings rakende aspekte van kontakklas- en vakansieskoolbywoning, studiemateriaal en finansiële aspekte</i></li> <li>▪ <i>Studente se menings en ervarings rakende aspekte van fasilitering van kontaksessies, kwaliteit van kontaksessies en voorbereiding vir werksopdragte en eksamens</i></li> <li>▪ <i>Studente se menings en ervarings rakende kontaksessieregte van studente, die waarde van afstandsonderrig en oop afstandslereer, en die Universiteit se rol daarin</i></li> <li>▪ <i>Studente se menings en ervarings rakende die rol van sentrumkoördineerders, getal kontaksessies, webtuiste en fasiliteite</i></li> <li>▪ <i>Studente se menings en ervarings rakende jaarprogramme en individuele aandaag</i></li> </ul>	<p>Beskrywende statistiek (frekwensies en persentasies)</p> <p>Beskrywende statistiek (frekwensies en persentasies), asook Spearman se rang-orde verbande (r)</p>

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS	PARAGRAWE	STATISTIESE TEGNIEKE
		6.4.3 <b>Kwalitatiewe</b> ondersoek na studente se menings en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole (skriftelike persoonlike narratiewe)	Kwalitatiewe analise van geïntegreerde datastel van skriftelike persoonlike narratiewe
<b>Navorsingsdoelwit 6</b> Om studente se gereedheid vir e-leer in geselekteerde GOS-programme te ondersoek		6.4.4 <b>Kwantitatiewe</b> ondersoek na studente se gereedheid vir e-leer <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Studente se besit en gebruik van rekenaars, die internet en mobiele telefone</i></li> <li>▪ <i>Studente se menings rakende die NWU se gebruik van mobiele telefone, rekenaars en die internet</i></li> </ul>	Spearman se rang-orde verbande (r)
		6.4.5 Die <b>kwantitatiewe</b> verband tussen oop afstandsl eer as studente se voorkeurmetode om te studeer en die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te tik	Spearman se rang-orde verbande (r)
		6.4.6 Die <b>kwantitatiewe</b> verband tussen oop afstandsl eer as studente se voorkeurmetode om te studeer en die mate van gemak waarmee IKTs gebruik kan word	
		6.4.7 Die <b>kwantitatiewe</b> verband tussen 'n positiewe houding teenoor die implementering van die internet en e-posse om inligting te ontvang en (i) die mate van gemak waarmee studente 'n selfoon kan gebruik en (ii) die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te kan tik	Spearman se rang-orde verbande (r)
		6.4.8 Die <b>kwantitatiewe</b> verband tussen die mate van gemak waarmee studente die internet kan gebruik en 'n positiewe houding teenoor die implementering van mobiele kommunikasie om studiemateriaal te ontvang	

#### 6.4.1 Beskrywing van deelnemers volgens kontakklasbywoning

'n Rekenaargebaseerde ewekansige seleksie is uitgevoer om 200 studente [studente wat een of meer kontakklasse bygewoon het ( $n = 100$ ); studente wat geen kontakklas bygewoon het nie ( $n = 100$ )] uit die vier GOS-programme in Fase 2 te identifiseer. Die vraelys (Addendum D) is aan die studente regoor Suid-Afrika gepos. Hulle is vriendelik versoek om vrywillig en anoniem aan Fase 3 deel te neem deur die vraelys te voltooi, en terug te pos aan die navorser in 'n self-geadresseerde koevert (Addendum F). Sewe-en-tagtig studente het die vraelys voltooi en teruggestuur. In die finale studiepopulasie van Fase 3 het 44 (50.6%) van hierdie 87 studente geen kontakklasse bygewoon nie, teenoor 43 (49.4%) wat een of meer kontakklasse bygewoon het. Die volgende demografiese inligting van deelnemers, wat met Afdeling A van die vraelys (Addendum D) ingesamel is, word vervolgens aangebied: Geslag, ouderdomverspreiding, streekverspreiding en studiesentrum, jaar van studie, en die getal deelnemers per GOS-program (Addendum E).

- *Geslagverdeling van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning*

Uit Tabel 6.19 kan die geslagverdeling van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning afgelei word.

**Tabel 6.19: Frekwensietabel: Geslagsverdeling van deelnemers**

	MANLIK		VROULIK		TOTALE	
	n	%	n	%	n	%
<b>Een of meer kontakklasse bygewoon</b>	7	16.3	36	83.7	<b>43</b>	<b>100</b>
<b>Geen kontakklasse bygewoon</b>	11	25	33	75	<b>44</b>	<b>100</b>
<b>Totale</b>	<b>18</b>	<b>20.7</b>	<b>69</b>	<b>79.3</b>	<b>87</b>	<b>100</b>

Soos in Tabel 6.19 gesien kan word, is 16.3% van die totale getal deelnemers ( $n = 43$ ) wat kontakklasse bygewoon het manlik, teenoor 83.7% vroue. Van die totale groep ( $n = 44$ ) wat geen kontakklasse bygewoon het nie, is 25% manlik en 75% vroulik. Van die totale groep mans ( $n = 18$ ) het 11 (61.1%) geen kontakklasse bygewoon nie, terwyl van die totale groep vroue ( $n = 69$ ) 33 (47.8%) geen kontakklasse bygewoon het nie. In Fase 2 van die studie,

waaruit Fase 3 voortspruit, was vroue ook verreweg die meeste verteenwoordig in die studiepopulasie.

- ***Ouderdomverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning***

Uit Tabel 6.20 kan die ouderdomverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning afgelei word.

**Tabel 6.20: Frekwensietabel: Ouderdomverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning**

Ouderdomsgroep	Geen kontakklasse bygewoon		Een of meer kontakklasse bygewoon		Totale getal deelnemers	
	n	%	n	%	n	%
31–40 jaar oud	17	38.6	12	28.6	29	33.7
41–50 jaar oud	23	52.3	24	57.1	47	54.6
51–60 jaar oud	4	9.1	5	11.9	9	10.5
61 en ouer	-	-	1	2.4	1	1.2
<b>Totale</b>	<b>44</b>	<b>100</b>	<b>42</b>	<b>100</b>	<b>86</b>	<b>100</b>

Die mees verteenwoordigende ouderdomsgroep in die studiepopulasie is 41 tot 50 jaar (54.6%), gevolg deur die ouderdomsgroep 31 tot 40 jaar (33.7%). Een respondent het nie sy/haar ouderdom aangetoon nie. As gekyk word na die heropleiding van onderwysers of die verbetering van kwalifikasies van onderwysers in Suid-Afrika, word dieselfde tendens gevind, naamlik dat die meeste onderwysers tussen 31 en 50 jaar oud is. Die studiepopulasie is dus 'n getroue weerspieëling van die onderwyserskonteks in die land.

- ***Streekverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning***

Tabel 6.21 gee 'n uiteensetting van die streekverspreiding van die groep deelnemers wat geen kontakklasse bygewoon het nie, asook vir die groep deelnemers wat een of meer kontakklasse bygewoon het.

**Tabel 6.21: Frekwensietabel: Streekverspreiding van deelnemers volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning**

Streek	Geen kontakklasse bygewoon		Een of meer kontakklasse bygewoon		Totale getal deelnemers	
	n	%	n	%	n	%
Oos-Kaap	8	18.2	13	30.2	21	24.1
Vrystaat	1	2.3	1	2.3	2	2.3
Gauteng	2	4.5	-	-	2	2.3
KwaZulu-Natal	5	11.4	4	9.3	9	10.3
Limpopo	5	11.4	9	20.9	14	16.1
Mpumalanga	6	13.6	7	16.3	13	14.9
Noordwes	8	18.2	-	-	8	9.2
Noord-Kaap	3	6.8	3	7.0	6	6.9
Wes-Kaap	6	13.6	6	14.0	12	13.8
<b>Totale</b>	<b>44</b>	<b>100</b>	<b>43</b>	<b>100</b>	<b>87</b>	<b>100</b>

In die betrokke studiepulasie is studente van die Oos-Kaap die meeste verteenwoordig (24.1% van die totale populasie), en studente van Gauteng en die Vrystaat (elk 2.3% van die totale populasie) die minste verteenwoordig.

Vrae 6 en 7 van die demografiese afdeling (A) van die vraelys (Addendum D) het ten doel gehad om te bepaal of die steekproef wat in hierdie studie gebruik is, verteenwoordigend was t.o.v. studiesentrums na aan studente, asook waar kontakklasse bygewoon word. Uiteraard kon studente wat kontakklasse bygewoon het, sowel as dié wat geen kontakklas bygewoon het nie, vraag 7 beantwoord. Die resultaat toon dat by 12, uit 'n totaal van 28 studiesentrums, geen studente kontakklasse bygewoon het nie. Wat betref die verteenwoordiging van studente wat kontakklasse bygewoon het, toon die resultate dat studente kontakklasse by 16 sentrums uit 'n moontlike 28 bygewoon het, met die meeste afkomstig van Polokwane (n = 7), gevolg deur Parow (n = 6) en Umtata (n = 5). Vir sover dit vraag 8 betref, kan basies slegs die resultate van die groep wat kontakklasse bygewoon het, genoteer word. Interessantheidshalwe is wel gekyk na die groep wat geen kontakklasse bygewoon het nie. Die studente wat nie kontakklasse bygewoon het, verteenwoordig 12 studiesentrums. Soos

reeds vroeër gemeld is, kan dit wees dat hulle met vroeëre studies wel die sentrum kon gebruik het.

- ***Deelnemers se jaar van studie volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning***

As gekyk word na die resultate wat betref die jaar van studie waarin respondente hulle in 'n GOS-program bevind (Tabel 6.22), was beide die hoogste bywoning (n = 22; 51.2%) en die meeste nie-bywoning (n = 16; 36.4% ) in die tweede studiejaar.

**Tabel 6.22: Frekwensietabel: Deelnemers se jaar van studie volgens kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning**

Jaar van Studie	GEEN KONTAKKLASSE BYGEWOON		EEN OF MEER KONTAKKLASSE BYGEWOON		TOTALE GETAL DEELNEMERS	
	n	%	n	%	n	%
1ste jaar	11	25	10	23.2	21	24.1
2de jaar	16	36.4	22	51.2	38	43.7
3de jaar	4	9.1	4	9.3	8	9.2
4de jaar	13	29.5	7	16.3	20	23
<b>Totale</b>	<b>44</b>	<b>100</b>	<b>43</b>	<b>100</b>	<b>87</b>	<b>100</b>

- ***Kontakklasbywoning van deelnemers per GOS-program***

Tabel 6.23 voorsien 'n opsomming van deelnemers se kontakklasbywoning per GOS-program

Die verspreiding van studente volgens GOS-programme in Fase 3 verteenwoordig basies dieselfde tendens as die verspreiding van studente in Fase 2, naamlik dat die meeste deelnemende studente die GOS-programme *Leerderondersteuning* (n = 36; 41.4%) en *Grondslagfase* (n = 30; 34.5%) verteenwoordig, en dat die minste deelnemers (n = 2; 2.3%) die GOS-program *Geografie* verteenwoordig.

**Tabel 6.23: Frekwensietabel: Kontakklasbywoning van deelnemers per GOS-program**

GOS-programme	GEEN KONTAKKLASSE BYGEWOON		EEN OF MEER KONTAKKLASSE BYGEWOON		TOTALE GETAL DEELNEMERS	
	n	%	n	%	n	%
Wiskunde-onderwys	12	27.3	7	16.3	19	21.8
Leerderondersteuning	17	38.6	19	44.2	36	41.4
Grondslagfase	14	31.8	16	37.2	30	34.5
Geografie	1	2.3	1	2.3	2	2.3
<b>Totale</b>	<b>44</b>	<b>100</b>	<b>43</b>	<b>100</b>	<b>87</b>	<b>100</b>

#### 6.4.2 Kwantitatiewe ondersoek na studente se menings en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole

Studente se menings en ervarings rakende kontakklasse is kwantitatief met behulp van 'n Likert-tipe skaal met Afdeling B van die vraelys (Addendum D) ingesamel. Die bevindinge word onder die volgende temas bespreek:

- Studente se menings en ervarings rakende aspekte van studiesentrums.
- Studente se menings en ervarings rakende aspekte van kontakklas- en vakansieskoolbywoning, studiemateriaal en finansiële aspekte.
- Studente se menings en ervarings rakende aspekte van fasilitering van kontaksessies, kwaliteit van kontaksessies en voorbereiding vir werksopdragte en eksamens.
- Studente se menings en ervarings rakende kontaksessieregte van studente, die waarde van afstandsonderrig en oop afstandslere, en die universiteit se rol daarin.
- Studente se menings en ervarings rakende die rol van sentrumkoördineerders, getal kontaksessies, webtuiste en fasiliteite.
- Studente se menings en ervarings rakende jaarprogramme en individuele aandag.

Let daarop dat daar in enkele gevalle verlore data in die datastel bestaan (items wat studente nie voltooi het nie). Persentasies is sonder die verlore data bereken. Hieronder volg die besprekings van hierdie temas:

- *Studente se menings en ervarings rakende aspekte van studiesentrums*

Tabel 6.24 rapporteer die menings en ervarings van studente rakende aspekte van studiesentrums.

**Tabel 6.24: Frekwensietabel: Studente se menings en ervarings rakende aspekte van studiesentrums**

STELLINGS	GROEPE	STEM TEN VOLLE SAAM		STEM SAAM		WEET NIE		VERSKIL		VERSKIL TEN VOLLE		RESPONS-TOTALE	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
1. Daar is 'n studiesentrum binne 50 km van student se huis af	Kontakklasse bygewoon	16	39	7	17.1	3	7.3	4	9.8	11	26.8	<b>41</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	11	27.5	11	27.5	2	5	6	15	10	25	<b>40</b>	<b>100</b>
2. Die roete na die studiesentrum is aan my bekend	Kontakklasse bygewoon	25	58.1	18	41.9	-	-	-	-	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	25	58.1	15	34.9	1	2.3	1	2.3	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
3. Kan maklik by studiesentrum kom, hetsy met eie of publieke vervoer	Kontakklasse bygewoon	19	44.2	17	39.5	1	2.3	4	9.3	2	4.7	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	19	43.2	18	40.9	-	-	4	9.1	3	6.8	<b>44</b>	<b>100</b>
4. Studiesentrum is goed geleë	Kontakklasse bygewoon	17	39.5	24	55.8	-	-	1	2.3	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	18	41.9	18	41.9	1	2.3	3	7	3	7	<b>43</b>	<b>100</b>
5. Studente voel veilig by studiesentrums	Kontakklasse bygewoon	19	44.2	24	55.8	-	-	-	-	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	19	43.2	18	40.9	3	6.8	3	6.8	1	2.3	<b>44</b>	<b>100</b>
6. Studiesentrum is gewoonlik skoon en netjies	Kontakklasse bygewoon	15	34.9	26	60.5	-	-	1	2.3	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	19	43.2	20	45.5	3	6.8	1	2.3	1	2.3	<b>44</b>	<b>100</b>
7. Sitplekke by studiesentrums is voldoende	Kontakklasse bygewoon	15	34.9	22	51.2	-	-	5	11.6	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	18	40.9	17	38.6	4	9.1	4	9.1	1	2.3	<b>44</b>	<b>100</b>

In Tabel 6.24 (items 1 tot 7) kan die menings van studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie, bevraagteken word. Die vraag kan gevra word: Hoe kan studente wat geen kontakklasse bygewoon het, menings, en in die meeste gevalle positiewe menings, uitspreek oor aspekte soos veiligheid, netheid en sitplekke beskikbaar by kontaksentrums? Twee redes kan vir die tendens aangevoer word, wat wel aan die menings van hierdie groep meriete verleen, naamlik: (i) Dat hierdie studente nie binne die navorsingstydperk kontakklasse bygewoon het nie, maar wel gedurende 'n ander fase; dit kon dus gebeur het dat 'n student 'n vorige kwalifikasie by die NWU verwerf het waartydens hy/sy kontakklasse bygewoon het, en dus kwalifiseer om menings rakende hierdie items te lug; of (ii) daar moet ook onthou word dat 'n GOS-studietydperk normaalweg oor vier semesters strek; studente kon moontlik in 'n vorige semester kontakklasse bygewoon het, maar geen kontakklasse gedurende die semester van ondersoek bygewoon het nie. Wat afgelei kan word uit die studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie, is dat die meerderheid studente nie probleme met die toeganklikheid, ligging, veiligheid ens. van die studiesentrums het nie. Hierdie aspekte is dus nie faktore wat hulle verhinder om kontakklasse by te woon nie.

Uit die resultate van Tabel 6.24 blyk dit dat afstand vanaf 'n studiesentrum 'n rede kan wees waarom studente nie kontakklasse bywoon nie. Van die totale groep wat kontakklasse bygewoon het, het  $n = 16$  (39%) hierdie stelling ten volle ondersteun. As daar oor die algemeen na beide groepe gekyk word, blyk dit egter dat die meeste studente binne 50 km van 'n studiesentrum woon of werk (55.6%), die roete na die studiesentrum bekend is (96.5%), vervoer na die studiesentrum maklik bekombaar is (83.9%), en dat die ligging van die studiesentrum die studente se goedkeuring wegdra (89.5%).

Die menings van studente wat wel kontakklasse bygewoon het, toon dat hulle uiters positief is t.o.v. aspekte soos veiligheid, netheid en sitplekke by studiesentrums. As gekyk word na die mening van die groep wat nie kontakklasse bygewoon het nie, word dieselfde mening uitgespreek, hoewel die persentasies effens laer is.

- *Studente se menings en ervarings rakende aspekte van kontakklas- en vakansieskoolbywoning, studiemateriaal en finansiële aspekte*

Tabel 6.25 rapporteer studente se menings en ervarings rakende aspekte van kontakklas- en vakansieskoolbywoning, studiemateriaal en finansiële aspekte.

**Tabel 6.25: Frekwensietabel: Menings en ervarings van studente rakende aspekte van kontakklas- en vakansieskoolbywoning, studiemateriaal en finansiële aspekte**

STELLINGS	GROEPE	STEM TEN VOLLE SAAM		STEM SAAM		WEET NIE		VERSKIL		VERSKIL TEN VOLLE		RESPONS-TOTALE	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
8. Ontvang gereelde SMS'e rakende kontakklasbywoning	Kontakklasse bygewoon	29	67.4	12	27.9	-	-	1	2.3	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	26	59.0	17	38.6	1	2.3	-	-	-	-	<b>44</b>	<b>100</b>
9. Persoonlike omstandighede verhinder soms dat ek kontakklasse by woon	Kontakklasse bygewoon	12	27.9	20	46.5	1	2.3	8	18.6	2	4.6	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	5	11.6	26	60.5	-	-	9	20.9	2	4.7	<b>42</b>	<b>100</b>
10. Dit is te duur om kontakklasse by te woon	Kontakklasse bygewoon	8	18.6	11	25.5	1	2.3	15	34.8	8	18.6	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	5	11.6	13	30.2	-	-	20	46.5	4	9.3	<b>42</b>	<b>100</b>
11. Studiemateriaal wat ontvang word, is duidelik en voldoende	Kontakklasse bygewoon	25	56.2	16	37.2	-	-	2	4.4	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	15	34.9	23	53.5	-	-	5	11.6	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
12. Studente woon kontakklasse by om dosente/ fasiliteerders vrae te vra rakende inhoud	Kontakklasse bygewoon	19	44.1	20	46.5	1	2.3	3	6.9	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	14	33.3	24	57.1	-	-	3	7.1	1	2.4	<b>42</b>	<b>100</b>
13. Studente woon vakansieskole by om dosente vrae te vra rakende inhoud	Kontakklasse bygewoon	8	18.6	21	48.8	5	11.6	8	18.6	1	2.3	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	7	16.3	18	41.9	5	11.6	7	16.3	6	14	<b>43</b>	<b>100</b>
14. Woon slegs kontakklasse by om eksameninligting en wenke te kry	Kontakklasse bygewoon	2	4.6	5	11.6	1	2.3	25	58.1	10	23.2	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	5	12.2	2	17.1	-	-	18	43.9	11	26.8	<b>36</b>	<b>100</b>
15. Woon slegs vakansieskole by om eksameninligting en wenke te kry	Kontakklasse bygewoon	3	7	8	18.6	4	9.3	20	46.5	8	18.6	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	3	7.7	3	7.7	6	15.4	14	35.9	13	33.3	<b>39</b>	<b>100</b>

Soos afgelei kan word uit Tabel 6.25, erken 100% van die studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie dat hulle wel SMS'e ontvang het om hulle aan die klasse te herinner. 'n Rede waarom studente moontlik nie kontakklasse bywoon nie, kan persoonlike omstandighede wees. Studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie (72.1%), sowel as studente wat kontakklasse bygewoon het (74.4%), ondersteun die stelling met "stem ten volle saam" of "stem saam". Die meerderheid van beide groepe het ook saamgestem dat dit nie te duur is om kontakklasse by te woon nie. Dit is opvallend dat gemiddeld 90.8% van beide groepe gesê het dat studiemateriaal duidelik en voldoende is, wat kan beteken dat veral die groep wat nie kontakklasse bygewoon het nie, voel hulle kan studeer sonder kontakonderrig, aangesien die studiemateriaal voldoende leiding gee.

Die meerderheid studente van beide groepe het aangetoon dat hulle kontakklasse en vakansieskole bywoon sodat vrae aan dosente of fasiliteerders gevra kan word. Die indruk word somtyds geskep dat die meeste studente slegs die kontaksessie of vakansieskool bywoon om wenke rakende die eksamen te kry. Dit word veral weerspieël in die groot getal studente wat gewoonlik die laaste kontaksessie voor 'n eksamen bywoon. Hierdie stelling word egter sterk weêrlê deur die response by item 14, waar die meerderheid studente van beide groepe aangetoon het hulle verskil of verskil sterk van die stelling: *Woon slegs kontakklasse by om eksameninligting en wenke te kry*. Van die groep studente wat kontakklasse bygewoon het, het slegs 7 studente (16.2%) met die stelling saamgestem en vir vakansieskole 11 (25.6%). Die afleiding kan dus uit hierdie resultate gemaak word dat studente kontakgeleenthede nie slegs vir eksameninligting bywoon nie.

- ***Studente se menings en ervarings rakende aspekte van fasilitering van kontaksessies, kwaliteit van kontaksessies en voorbereiding vir werksopdragte en eksamens***

Tabel 6.26 rapporteer studente se menings rakende aspekte van fasilitering van kontaksessies, kwaliteit van kontaksessies, en voorbereiding vir werksopdragte en eksamens.

**Tabel 6.26: Frekwensietabel: Menings van studente rakende aspekte van fasilitering van kontakssessies, kwaliteit van kontakssessies en voorbereiding van studente vir werksopdragte en die eksamen**

STELLINGS	GROEPE	STEM TEN VOLLE SAAM		STEM SAAM		WEET NIE		VERSKIL		VERSKIL TEN VOLLE		RESPONS-TOTALE	
		n	%	n	%	n	%	N	%	n	%	n	%
16. Belangrik om soveel moontlik kontakssessies en vakansieskole by te woon	Kontakklasse bygewoon	22	51.1	11	25.5	5	11.6	4	9.3	1	2.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	26	61.9	12	28.6	2	4.8	2	4.8	-	-	42	100
17. Verkies om eerder vakansieskool en kontakklas by te woon	Kontakklasse bygewoon	3	7	7	16.3	7	16.3	22	51.2	4	9.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	2	4.8	5	11.9	6	14.3	19	45.2	10	23.8	42	100
18. Dit is maklik om met fasiliteerders te praat gedurende kontakklasse	Kontakklasse bygewoon	12	27.9	23	53.4	4	9.3	2	4.6	2	4.6	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	12	28.6	18	42.9	1	2.4	9	21.4	2	4.8	42	100
19. Kwaliteit van kontakklasse is goed	Kontakklasse bygewoon	4	23.5	9	52.9	3	17.6	1	5.9	-	-	17	100
	Kontakklasse nie bygewoon	12	27.2	15	34	3	6.8	7	15.9	7	15.8	44	100
20. Kwaliteit van vakansieskole is goed	Kontakklasse bygewoon	5	11.4	17	39.5	16	37.2	4	9.3	1	2.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	7	17.5	16	40	12	30	3	7.5	2	5	40	100
21. Tevere met kwaliteit van aanbieding van fasiliteerders	Kontakklasse bygewoon	10	23.2	20	46.5	5	11.6	7	16.2	1	2.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	12	28.6	18	42.9	2	4.8	9	21.4	1	2.4	42	100
22. Studente tevrede met die vaardighede en leiding wat fasiliteerders gee	Kontakklasse bygewoon	8	18.6	21	48.8	7	16.2	6	13.9	1	2.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	10	24.4	23	56.1	2	4.9	5	12.2	1	2.4	41	100
23. Studente verkies dat fasiliteerders dieselfde moet bly en nie wissel nie	Kontakklasse bygewoon	11	25.5	9	20.9	12	27.9	9	20.9	2	4.6	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	10	23.8	13	31	4	9.5	11	26.2	4	9.5	42	100
24. Studente verkies dat dosente van NWU-kontakklasse moet aanbied	Kontakklasse bygewoon	12	27.9	12	27.9	9	20.9	10	23.2	-	-	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	21	50	10	23.8	2	4.8	9	21.4	-	-	42	100
25. Studente verkies dat dosente van NWU vakansieskole moet aanbied	Kontakklasse bygewoon	7	38.9	7	38.9	4	22.2	-	-	-	-	18	100
	Kontakklasse nie bygewoon	17	38.6	12	27.2	8	18.1	7	15.9	-	-	44	100
26. Bywoning van kontakklasse help met die voltooiing van werksopdragte	Kontakklasse bygewoon	8	44.4	6	33.3	3	16.7	1	5.6	-	-	18	100
	Kontakklasse nie bygewoon	20	45.4	13	29.5	2	4.5	4	9.1	5	11.4	44	100
27. Bywoning van kontakklasse help met voorbereiding vir eksamen	Kontakklasse bygewoon	19	44.2	18	41.9	4	9.3	2	4.7	-	-	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	19	46.3	17	41.5	2	4.9	2	4.9	1	2.4	41	100

Ten spyte daarvan dat 50.6% van die respondente in Fase 3 geen kontakklas gedurende die verloop van hierdie studie bygewoon het nie (par. 6.4.1), het 90.5% (61.9% + 28.6%) van die groep aangetoon dat dit belangrik is om soveel moontlik kontakklasse by te woon (item 16 op Tabel 6.26). Verder blyk dit dat studente kontakklasse bo vakansieskole verkies. Ook blyk dit by studente wat kontakklasse bygewoon het (49.4%) dat dit maklik is om met fasiliteerders te praat (81.3%). Die groep wat nie kontakklasse bygewoon het nie, huldig dieselfde mening. Dit kan heel moontlik daaraan toegeskryf word dat dit die gevolg is van 'n soortgelyke belewenis gedurende 'n ander semester of program, soos reeds vroeër vermeld is. Die vraag kan ook verkeerd vertolk gewees het. Studente kon ook telefoonkontak met fasiliteerders as behorende tot hierdie kategorie gesien het.

Dat studente met die kwaliteit van fasiliteerders gedurende kontakklasse en vakansieskole tevrede is, is duidelik, aangesien die meerderheid respondente so aangedui het. 'n Verdere afleiding wat uit die response gemaak kan word, is dat studente verkies dat dosente van die NWU klasse gedurende kontaksessies moet aanbied. Selfs studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie, huldig dieselfde mening (73.8%). In hierdie studie is alle kontakklasse en vakansieskole in Fase 1 deur NWU-dosente aangebied, maar in Fase 2 is kontakklasse hoofsaaklik deur fasiliteerders aangebied, en vakansieskole hoofsaaklik deur NWU-dosente. Hoewel die studiepulasie in Fase 1 heelwat kleiner was as Fase 2, was die bywoning van kontakklasse tog beter as in Fase 2 (Tabelle 6.3, 6.4 en 6.17). Die vraag kan gestel word of die hoë syfer van nie-bywoning van modules gedurende kontaksessies in Fase 2 te make het met die feit dat fasiliteerders hoofsaaklik kontakklasse aangebied het. Andersyds bewys eksamenuitslae van die SVO egter die teendeel.

Wat betref die vraag of die bywoning van kontakklasse studente met die aanbieding van werksopdragte en eksamens help, was die oorgrote mening positief. Die menings van studente wat kontakklasse bygewoon het, teenoor dié wat nie kontakklasse bygewoon het nie, was bykans dieselfde. Van die totale groep studente wat kontakklasse bygewoon het, het 77.7% getoon dat kontakklasse hulle help om opdragte te voltooi, terwyl 86.1% getoon het dat kontakklasse hulle met voorbereiding vir die eksamen help. Van die totale groep studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie, het 74.9% nietemin aangedui dat kontakklasse hulle help om opdragte te voltooi, terwyl 87.8% aangedui het dat kontakklasse hulle met voorbereiding vir die eksamen help. Tog woon hulle nie kontakklasse by nie, moontlik weens redes soos in Tabel 6.25 aangetoon.

**Tabel 6.27: Frekwensietabel: Menings van studente t.o.v. kontaksessieregte van studente, die waarde van afstandsonderrig en die universiteit se rol daarin**

STELLINGS	GROEPE	STEM TEN VOLLE SAAM		STEM SAAM		WEET NIE		VERSKIL		VERSKIL TEN VOLLE		RESPONS-TOTALE	
		n	%	n	%	n	%	N	%	n	%	n	%
28. Dit help studente om werksopdragte te voltooi as hulle vakansieskole bywoon	Kontakklasse bygewoon	8	19	18	42.9	12	28.6	3	7.1	1	2.4	<b>42</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	10	24.4	12	29.3	13	31.7	3	7.3	3	7.3	<b>41</b>	<b>100</b>
29. Dit help studente om vir eksamen voor te berei as hulle vakansieskole bywoon	Kontakklasse bygewoon	8	19	18	42.9	12	28.6	3	7.1	1	2.4	<b>42</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	8	19.5	14	34.1	14	34.1	2	4.9	3	7.3	<b>41</b>	<b>100</b>
30. Dit is die student se reg om self oor kontakklasbywoning te besluit	Kontakklasse bygewoon	3	6.7	13	30.2	2	4.6	13	30.2	12	27.9	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	2	4.9	13	31.7	8	19.5	10	24.4	8	19.5	<b>41</b>	<b>100</b>
31. Dit is die student se reg om self te besluit oor vakansieskoolbywoning	Kontakklasse bygewoon	3	6.7	13	30.2	1	2.3	13	30.2	13	30.2	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	2	4.8	9	21.4	11	26.2	12	28.6	8	19	<b>42</b>	<b>100</b>
32. As kontakklasse nie bygewoon word nie, sal modules nie geslaag word nie	Kontakklasse bygewoon	6	13.9	12	27.9	8	18.6	11	25.5	6	13.9	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	9	20.9	10	23.3	5	11.6	14	32.6	5	11.6	<b>43</b>	<b>100</b>
33. As vakansieskole nie bygewoon word nie, sal modules nie geslaag word nie	Kontakklasse bygewoon	3	6.9	10	23.2	12	27.9	11	25.5	7	16.2	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	5	12.2	8	19.5	11	26.8	14	34.1	3	7.3	<b>41</b>	<b>100</b>
34. Om deur middel van afstandsonderrig te studeer is die beste vir die student	Kontakklasse bygewoon	18	41.8	16	37.2	2	4.6	7	16.2	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	20	47.6	16	38.1	-	-	5	11.9	1	2.4	<b>42</b>	<b>100</b>
35. NWU moet voortgaan met die aanbieding van programme d.m.v. afstandsonderrig	Kontakklasse bygewoon	25	58.1	15	34.8	1	2.3	2	4.6	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	26	61.9	13	31	-	-	3	7.1	-	-	<b>42</b>	<b>100</b>
36. Die NWU moet voortgaan om kontakklasse vir sy studente aan te bied	Kontakklasse bygewoon	26	60.4	16	37.2	-	-	1	2.3	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>
	Kontakklasse nie bygewoon	26	60.5	15	34.9	1	2.3	1	2.3	-	-	<b>43</b>	<b>100</b>

- *Studente se menings en ervarings rakende kontaksessieregte van studente, die waarde van afstandsonderrig en oop afstandsl eer, en die universiteit se rol daarin*

Tabel 6.27 rapporteer studente se menings rakende hulle kontaksessieregte, die waarde van afstandsonderrig, en die Universiteit (NWU) se rol daarin. Die volgende aspekte kan as insiggewend uitgelig word: Dit blyk dat die studente wat kontakklasse bygewoon het, sowel as dié wat nie kontakklasse bygewoon het nie, van mening is dat die bydrae van vakansieskoolbywoning tot die voltooiing van werksopdragte en eksamenvoorbereiding beslis minder is as kontakklasbywoning. Opvallend is dat die meerderheid studente ( $n = 43$ ) van mening was dat dit nie hul reg is om kontaksessies en vakansieskole nie by te woon nie. Van die totale groep het 10 studente aangetoon hul stem ten volle met die stelling saam, teenoor 41 studente wat sterk van hierdie mening verskil. Met betrekking tot die stelling (items 32 en 33) dat as kontakklasse en vakansieskole nie bygewoon word nie, modules nie geslaag sal word nie, is gevind dat studente wat nie een kontakklas bygewoon het nie, in 'n mate van hierdie stellings verskil. Slegs 14 studente van laasgenoemde groep stem ten volle saam met die stelling, terwyl 36 van hierdie stelling verskil. Selfs die studente wat wel kontakklasse bygewoon het, verskil van hierdie stelling, aangesien 35 studente 'n mening van "verskil" tot "verskil sterk" aangetoon het. Van die feit dat selfs studente wat kontakklasse nie bygewoon het nie, 'n uitstekende slaagsyfer met assessering toon, kan die afleiding gemaak word dat bywoning van kontakklas nie 'n waarborg vir sukses is nie.

Die oorgrootte meerderheid van die studente het aangetoon dat om deur middel van afstandsonderrig te studeer die beste vir hulle is (82.3%). Die werksomstandighede waarin onderwysers hulle bevind, noodsaak hierdie metode van verdere studie. Ook die oorgrote meerderheid studente (91.86%) se wens is dat die NWU moet voortgaan met afstandsonderrig. Op die vraag of die NWU steeds kontakklasse moet aanbied, het 42 studente wat kontakklasse gedurende hierdie studietydperk bygewoon het, bevestigend geantwoord. Opvallend was dat, hoewel die 44 studente wat in hierdie studie gebruik is omdat hulle nie kontakklasse bygewoon het nie, 41 aangedui het hulle verkies kontakklasse.

**Tabel 6.28: Frekwensietabel: Verdere menings van studente rakende die rol van sentrumkoördineerders, getal kontakssessies, webtuistes en fasiliteite**

STELLINGS	GROEPE	STEM TEN VOLLE SAAM		STEM SAAM		WEET NIE		VERSKIL		VERSKIL TEN VOLLE		TOTALE-RESPONSE	
		n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
37. Die ondersteuning van koördineerders is voldoende	Kontakklasse bygewoon	14	32.6	21	48.8	4	9.3	4	9.3	-	-	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	17	40.5	16	38.1	3	7.1	5	11.9	1	2.4	42	100
38. Twaalf kontakssessies per jaar is te veel	Kontakklasse bygewoon	6	13.9	7	16.2	2	4.6	22	51.1	6	13.9	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	4	9.3	9	20.9	3	7	24	55.8	3	7	43	100
39. Langer vakansieskole en minder kontakssessies	Kontakklasse bygewoon	6	13.9	8	18.6	9	20.9	13	30.2	7	16.2	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	4	9.5	13	31	6	14.3	15	35.7	4	9.5	42	100
40. Slegs modules waarmee student sukkel, moet aangebied/ondersteun word	Kontakklasse bygewoon	4	9.3	8	18.6	2	4.6	23	53.4	6	13.9	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	9	21.4	6	14.3	1	2.4	13	31	13	31	42	100
41. Voldoende toilette by studiesentrum	Kontakklasse bygewoon	19	44.1	15	34.8	3	6.9	4	9.3	2	4.6	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	19	44.2	22	51.2	-	-	-	-	2	4.7	43	100
42. Indien hulp van NWU en OLG benodig word, kan dit van die webtuiste verkry word	Kontakklasse bygewoon	15	34.9	13	30.2	8	18.6	3	7	4	9.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	13	30.2	14	32.6	7	16.3	7	16.3	2	4.7	43	100
43. Kontakklasse is 'n vermorsing van tyd	Kontakklasse bygewoon	-	-	-	-	-	-	15	34.8	28	65.1	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	1	2.3	4	9.3	1	2.3	18	41.9	19	44.2	43	100
44. Vakansieskole is 'n vermorsing van tyd	Kontakklasse bygewoon	1	2.3	-	-	1	2.3	18	41.8	23	53.4	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	1	2.4	2	4.9	9	22	13	31.7	16	39	41	100
45. Studente voel dit is nie noodsaaklik om kontakklasse by te woon nie	Kontakklasse bygewoon	1	2.3	-	-	-	-	18	41.8	24	55.8	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	4	9.3	1	2.3	-	-	19	44.2	19	44.2	43	100
46. Studente voel dit is nie noodsaaklik om vakansieskole by te woon nie	Kontakklasse bygewoon	2	4.6	1	2.3	2	4.6	17	39.5	21	48.8	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	1	2.4	2	4.8	7	16.7	15	35.7	17	40.5	42	100

- ***Studente se menings en ervarings rakende die rol van sentrumkoördineerders, getal kontakssessies, webtuiste en fasiliteite***

Tabel 6.28 rapporteer studente se menings rakende die rol van sentrumkoördineerders, getal kontakssessies, webtuiste en fasiliteite. Uit die resultate blyk dit dat beide groepe (hoewel die groep wat nie kontakklas bygewoon het, nie 'n werklike mening kan gee nie) uiters tevrede is met die ondersteuning wat hulle van sekere sentrumkoördineerders ontvang het. In die konteks waar kontakssessies so min bygewoon is, ontstaan 'n kernvraag in hierdie studie of die huidige 12 kontakssessies, vakansieskole uitgesluit, nie te veel is nie. By verre die meerderheid van die respondente was van mening dat dit nie te veel is nie. Ook op die vraag of kontakklasse nie minder moet wees en vakansieskole langer nie, was die respondente nie oortuig in hul mening nie. Van die studente wat kontakklasse bygewoon het, het 14 saamgestem, was 20 daarteen, en het 9 nie geweet nie. Onder die studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie, was die resultate soos volg: 17 stem saam, 19 verskil en 4 weet nie. In aansluiting by kontakklasse is die vraag gestel of dit nie beter is om slegs modules aan te bied waarmee studente sukkel nie. Die minderheid van die twee groepe (31.7%) het met die stelling saamgestem, en verkies dus eerder dat alle modules aangebied word.

Soos ook met die vrae rakende demografiese inligting wat vroeër gestel is, was die respondente se mening dat daar voldoende toilette by studiesentrums is. Die meerderheid studente is tevrede dat indien hulle inligting of hulp verkry, dit van NWU en OLG se webtuiste verkry kan word. Dié aspek word weer in Afdeling C aangeraak (par. 6.44). By verre die oorgrote meerderheid respondente huldig die mening dat kontakklas- en vakansieskoolbywoning nie 'n vermorsing van tyd is nie. Dit word verder ondersteun deur items 45 en 46, waar die oorgrote meerderheid respondente ook saamgestem het dat dit noodsaaklik is om kontakssessies by te woon.

- ***Studente se menings en ervarings rakende jaarprogramme en individuele aandag***

Tabel 6.29 rapporteer studente se menings rakende jaarprogramme en individuele aandag.

**Tabel 6.29: Frekwensietabel: Mening van studente t.o.v. jaarprogramme en individuele aandag**

STELLINGS	GROEPE	JA		NEE		TOTALE-RESPONSE	
		n	%	n	%	n	%
47. Student het 'n jaarprogram en datumrooster vir kontakssessies in 2009 ontvang	Kontakklasse bygewoon	43	100	-	-	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	43	97.7	1	2.3	44	100
48. Individuele aandag is gedurende kontakklasse vir 2009 ontvang	Kontakklasse bygewoon	27	62.8	16	37.2	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	30	71.4	12	28.6	42	100
49. Individuele aandag is gedurende vakansieskole in 2009 ontvang	Kontakklasse bygewoon	7	41.2	10	58.8	17	100
	Kontakklasse nie bygewoon	15	34.1	29	65.9	44	100

Bykans alle studente het aangetoon dat 'n jaarprogram en datumrooster deur hulle ontvang is. Wat betref kontakklasbywoning het die meerderheid studente aangetoon (groep wat wel kontakklasse bygewoon het) dat hulle individuele aandag gekry het (n = 27 teenoor n = 16). Vir vakansieskole was die prentjie egter omgekeer, aangesien tien studente, wat kontakklasse bygewoon het, getoon het dat hulle nie aandag ontvang nie, teenoor sewe wat dit wel tydens kontakklasbywoning ontvang het. Laasgenoemde bevinding ondersteun die feit dat vakansieskole nie baie positief deur studente ontvang is nie. Die groep wat nie kontakklasse bygewoon het nie, se menings op items 2 en 3 is geïgnoreer, aangesien dit onmoontlik was om kommentaar op die stellings te lewer gedurende die tydperk waarin die studie gedoen is. Redes vir positiwiteit en negatiwiteit teenoor kontakklasse word in die volgende paragrawe kwalitatief ondersoek.

### **6.4.3 Kwalitatiewe ondersoek na studente se menings en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole (skriftelike persoonlike narratiewe)**

Items 50 tot 52 van die vraelys (Addendum D) het gehandel oor hoe studente voel rakende kontakklasse en vakansieskole, asook hoe studente die samewerking met OLG beleef. Die vrae is as oop vrae gestel en is dus kwalitatief van aard. By item 50 is gevra dat studente hul redes moes gee of hulle positief of negatief teenoor kontakklasse en vakansieskole is. Negatiewe menings oor kontakklasse hou hoofsaaklik verband met die volgende:

- Die feit dat sommige fasiliteerders slegs die inhoud van studiegidse herhaal en nie diepgaande insig in die vakgebied toon nie.

I feel negative about contact classes because instead of offering good lessons they read what is in the study guide with no deep explanation

I feel negative about contact classes and vacation schools, because the facilitators most of them are not lecturers, when asking a question they will tell you about the manual. They refer you to the manual telling you that read the manual and that chapter, I didnt read it. Some of the modules are not facilitated.

The lecturers/educators read the text as it is.

Some facilitators can help you... but others just say they do not understand the modules themselves.

- **Taalprobleme**

The first time I attended the contact classes, most things that were done were not clear to me. The translation that take place confuses me more and more. Only few time English was spoken, most of the time Afrikaans. I ended up studying by myself. I worked hard and finally I passed my modules. I will prefer the university to come more for the language that is used in our contact session and try to have people who can explain the modules better for me it was waste of my time.

There is also the problem of languages. Most of the facilitators prefer Afrikaans more than English which make it difficult to engage in the sessions. When you query about this, it will stop just for a few minutes.

- **Beperkte tyd en klasgrootte**

After 30 min the time is gone, and you are suppose to move to another class. In the class we are overcrowded. If you come for the first time. You don't know which class you are going to attend.

Die beskrywende statistiek van fase 3 toon aan dat die oorgrootte meerderheid studente aspekte van kontakklasse positief ervaar. Dit blyk egter dat 'n beduidende groep studente tog aspekte van kontakklasse negatief ervaar, derhalwe het die navorser besluit om dieper ondersoek in te stel na die moontlike redes vir sommige studente se negatiewiteit. Omrede die vraelys (Addendum D) se kwantitatiewe gedeeltes oor 'n spesifieke rangorde beskik (Likert-skaal), is Spearman se rangorde verbande ( $r$ ) bereken om verbande met negatiewe gevoelens teenoor kontakklasse in meer diepte te ondersoek (Tabel 6.30).

**Tabel 6.30: Spearman se rangorde korrelasies ( $r$ ): Verbande met studente se negatiewe gevoelens teenoor kontakklasse**

	NEGATIEWE GEVOEL TEENoor KONTAKKLASSE
Ontevredenheid met die kwaliteit van kontakklasse	$r = 0.8$
Ontevredenheid met die kwaliteit van vakansieskole	$r = 0.6$
Ontevredenheid met fasiliteerders se aanbieding	$r = 0.8$
Ontevredenheid met fasiliteerders se leiding	$r = 0.8$

Soos in Tabel 6.30 gesien kan word, is groot effekgroottes, wat op prakties betekenisvolle verbande dui, bereken tussen studente se negatiewe gevoel teenoor kontakklasse en: (i) Ontevredenheid oor die kwaliteit van kontakklasse ( $r = 0.8$ ); (ii) ontevredenheid oor fasiliteerders se aanbieding ( $r = 0.8$ ); en (iii) ontevredenheid oor fasiliteerders se leiding ( $r = 0.8$ ). 'n Medium effek, wat neig na 'n prakties betekenisvolle verband, is bereken tussen studente se negatiewe gevoel teenoor kontakklasse en ontevredenheid oor die kwaliteit van vakansieskole ( $r = 0.6$ ). Hieruit blyk dit dat ontevredenheid oor die kwaliteit van kontakklasse, asook ontevredenheid oor fasiliteerders se aanbieding en leiding, die hoofredes is vir die negatiewe gevoel teenoor kontakklasse wat die totale groep respondente ervaar. Ontevredenheid oor die kwaliteit van vakansieskole speel ook 'n rol in negatiwiteit teenoor kontakklasse, maar in 'n mindere mate. In die kwantitatiewe komponent het 67.1% (Tabel 6.29) van studente aangedui dat hulle ten minste een keer individuele aandag tydens kontakklasse ontvang het. Slegs 34.3% van studente het aangedui dat hulle ten minste een keer individuele aandag tydens vakansieskole gekry het (Tabel 6.29). Nietemin toon die korrelasiestudie dat studente minder ontevrede is met die kwaliteit van vakansieskole ( $r = 0.6$ ) as met die kwaliteit van kontakklasse ( $r = 0.8$ ).

Oor die algemeen was die meerderheid studente egter positief oor die hantering van kontaksessies. Positiewe antwoorde wat gegee is, is dat kontaksessies beslis help om werksopdragte te verstaan en te voltooi, en ook met voorbereiding vir die eksamen. Dieselfde mening is ook in Afdeling B van die vraelys met die kwantitatiewe data gevind. 'n Verdere positiewe mening was dat studente tydens kontaksessies vrae kon vra oor inhoud waaroor hulle onseker is en dat hulle ook aan groepsbesprekings kon deelneem. Ook die geleentheid om dosente, fasiliteerders en medestudente te ontmoet is uiters positief ervaar, soos in die kwalitatiewe data weerspieël word:

I feel comfortable and positive because our lecturers are very dedicated to help us and they are motivating us about our work.

I feel very positive about contact classes and vacation school because it really helped me to complete my assignments through the guidance of the facilitators, tips for the exams and also on how to answer the questions during the exams. The facilitators are very hard working and keen to help at any given time.

I feel very positive about contact classes and vacations school because they familiarize students with their lectures and other fellow students. It is sometimes very difficult to grasp and understand

all information pertaining to a particular modules while studying alone. Thus the contact classes make it possible for students to be clarified on discrepancies experienced during studies, contact classes also encourage group discussions and chasing of ideas.

Because the contact classes is where I feel free to ask the lecturers anything that I don't understand about the course it also helps me to guide me to complete the assignment and to write the exam.

What I like most about contact sessions is that you gain more information from the lectures and you have your individual attention when you ask your lecturer.

Contact classes and vacation schools are very important because lecturers are there to explained things that you don't understand and help you with you assignments.

#### **6.4.4 Kwantitatiewe ondersoek na studente se gereedheid vir e-leer**

Afdeling C van die vraelys (Addendum D) het gehandel oor aspekte soos of studente rekenaars besit, of hulle toegang tot die internet het, oor 'n selfoon beskik, of die NWU meer van internet gebruik moet maak en of werksopdragte aanlyn gestuur moet word. Hierdie afdeling in Fase 3 van die empiriese ondersoek is gedoen om te bepaal of die e-leer-aanbiedingsmetode 'n opsie vir afstandsonderrigstudente is. Veral in die lig daarvan dat 'n groot persentasie studente nie kontakklasse bygewoon het nie, kan e-leer-aanbieding 'n moontlikheid bied. Hierdie kwantitatiewe ondersoek spreek ook navorsingsdoelwit 6 van die studie aan, naamlik oop afstandsleerstudente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde GOS-programme. Waar dit die hoofnavorsingsdoelwit van hierdie studie is om 'n bestuursmodel vir oop afstandsleer aan die NWU te vestig, sal die resultate van doelwit 6 dus ook met vrug binne so 'n model aangewend kan word, veral as gekyk word na e-leer as metode van onderrig binne OAL.

- ***Studente se besit en gebruik van rekenaars, die internet en mobiele telefone***

Tabel 6.31 rapporteer die menings van studente rakende die besit en gebruik van rekenaars, die internet en mobiele telefone.

**Tabel 6.31: Frekwensietabel: Menings van studente rakende die besit en gebruik van rekenaars, internet en mobiele telefone**

STELLINGS	GROEPE	JA		NEE		TOTALE RESPONSE	
		n	%	n	%	n	%
1. Besit 'n rekenaar by huis	Kontakklasse bygewoon	20	46.5	23	53.5	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	13	29.5	31	70.5	44	100
2. Rekenaar is beskikbaar by skool/werk	Kontakklasse bygewoon	33	76.7	10	23.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	31	70.5	13	29.5	44	100
3. Beskik oor internet by huis	Kontakklasse bygewoon	5	11.9	37	88.1	42	100
	Kontakklasse nie bygewoon	3	6.8	41	93.2	44	100
4. Beskik oor internet toegang by skool/werk	Kontakklasse bygewoon	12	27.9	31	72.1	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	14	31.8	30	68.2	44	100
5. Besit 'n mobiele telefoon	Kontakklasse nie bygewoon	38	90.5	4	9.3	42	100
	Kontakklasse nie bygewoon	40	90.9	4	9.1	44	100
6. Beskik oor 'n mobiele telefoon wat foto's kan ontvang, en ook MMS'e	Kontakklasse bygewoon	28	65.1	15	34.9	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	26	59.1	18	40.9	44	100
7. Gebruik e-posse	Kontakklasse nie bygewoon	10	23.8	32	76.2	42	100
	Kontakklasse nie bygewoon	7	15.9	37	84.1	44	100

Die resultate toon dat die meerderheid deelnemers in hierdie ondersoek (54 uit 87; 62.1%) nie 'n rekenaar by die huis besit nie. Veral die groep wat nie kontakklasse bygewoon het nie, val in hierdie afdeling (n = 31). Die feit dat hulle nie kontakklasse bywoon nie en steeds goed presteer, kan heel waarskynlik nie daaraan toegeskryf word dat hulle aanlyn studeer nie. Die feit dat 73.6% (64 uit 87) van die onderwysers aangetoon het hulle het rekenars by die skool, sluit egter nie die moontlikheid uit dat hulle dus wel rekenaartoevang het nie. Die oorgrote meerderheid deelnemers het egter aangetoon dat hulle nie oor internetgeriewe by hul huis (78 uit 87; 89.7%) of skool (61 uit 87; 70.1% beskik nie. Dit belemmer studente se toegang tot webtuistes wanneer inligting afgelaai moet word. Soos te wagte het 90.7% studente aangetoon dat hulle oor 'n selfoon beskik en 62.1% van hulle foto's asook MMS'e kan ontvang. Dit ondersteun ook die bevindinge in Tabel 6.25 (stelling 8) dat studente gereeld SMS'e ontvang. Die resultaat bevestig dus dat daar deur selfone met studente gekommunikeer kan word. Ook blyk dit duidelik dat 80.2% van die respondente nie e-posse gebruik nie, wat die stuur van inligting vanaf die universiteit na studente belemmer.

**Tabel 6.32: Frekwensietabel: Menings van studente oor die gebruik van selfone, rekenars en die internet deur die NWU**

STELLINGS	GROEPE	STEM TEN VOLLE SAAM		STEM SAAM		WEET NIE		VERSKIL		VERSKIL TEN VOLLE		TOTALE-RESPONSE	
		n	%	n	%	n	%	N	%	n	%	n	%
8. Student voel gemaklik om mobiele foon te gebruik	Kontakklasse bygewoon	20	47.6	14	33.3	4	9.5	3	7.1	1	2.4	42	100
	Kontakklasse nie bygewoon	20	45.5	18	40.9	2	4.5	3	6.8	1	2.3	44	100
9. Student voel gemaklik om rekenaar te gebruik	Kontakklasse bygewoon	8	18.6	25	58.1	4	9.3	5	11.6	1	2.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	7	16.3	21	48.8	4	9.3	10	23.3	1	2.3	43	100
10. Student voel gemaklik om internet te gebruik	Kontakklasse bygewoon	6	14	13	30.2	10	23.3	11	25.6	3	7	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	5	11.6	11	25.6	12	27.9	10	23.3	5	11.6	43	100
11. Universiteit moet meer van mobiele kommunikasie gebruik maak om inligting aan studente te stuur	Kontakklasse bygewoon	23	53.5	15	34.9	1	2.3	3	7	1	2.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	22	50	21	47.7	-	-	1	2.3	-	-	44	100
12. Universiteit en OLG moet mobiele kommunikasie gebruik om roosters aan studente te stuur	Kontakklasse bygewoon	14	32.6	15	34.9	2	4.7	10	23.3	2	4.7	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	24	54.5	14	31.8	-	-	6	13.6	-	-	44	100
13. Universiteit moet meer van internet en e-posse gebruik maak om inligting aan studente te stuur	Kontakklasse bygewoon	8	18.6	10	23.3	6	14	15	34.9	4	9.3	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	6	14.3	15	35.7	4	9.5	15	35.7	2	4.8	42	100
14. Universiteit moet meer van internet en e-posse gebruik maak om studiemateriaal aan studente te stuur	Kontakklasse bygewoon	4	9.3	10	23.3	4	9.3	17	39.5	8	18.6	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	5	11.6	11	25.6	3	7	18	41.9	6	14	43	100
15. Dit is maklik om werksopdragte op 'n rekenaar te tik	Kontakklasse bygewoon	11	25.6	16	37.2	3	7	10	23.3	3	7	43	100
	Kontakklasse nie bygewoon	13	29.5	17	38.6	4	9.1	8	18.2	2	4.5	44	100
16. Dit is maklik om werksopdragte via e-pos te stuur	Kontakklasse bygewoon	2	11.1	1	5.6	5	27.8	9	50	1	5.6	18	100
	Kontakklasse nie bygewoon	6	13.6	11	25.0	1	2.2	17	38.6	9	20.4	44	100

- *Studente se menings rakende die NWU se gebruik van mobiele telefone, rekenaars en die internet*

Tabel 6.32 toon studente se menings rakende die gebruik van selfone, rekenaars en die internet deur die NWU, soos gerapporteer in Afdeling C van die vraelys (Addendum D). Die resultate toon dat 46.5% van die respondente ten volle saamstem en 37.2% saamstem dat hulle gemaklik voel om 'n mobiele telefoon te gebruik, maar dat slegs 15 studente aangetoon het dat hulle ten volle saamstem dat hulle gemaklik is om 'n rekenaar te gebruik. Waar rekenaaronderwys 'n verpligte module van 'n GOS-program is, sou verwag word dat die getal meer sou wees. Die oorgrootte meerderheid studente (93.1%) het aangedui dat die Universiteit meer inligting aan hulle moet stuur via selfone. Dieselfde antwoord is verkry op die vraag of studente hulle roosters via selfoon wil ontvang.

Op die vraag of die Universiteit meer inligting en studiemateriaal via e-pos aan studente moet stuur, is daar egter 'n teenoorgestelde respons as in die vorige vraag ontvang. Slegs 45.9% van die respondente stem saam dat e-pos gebruik moet word om studie-inligting aan hulle te stuur, teenoor slegs 34.9% wat saamstem dat studiemateriaal per e-pos aan hulle gestuur moet word. 'n Verdere vraag rakende e-leer wat aan studente gevra is, was of dit vir studente moontlik is om hul werksopdragte op 'n rekenaar te tik en via e-pos aan die universiteit te stuur. Oor die tik van die werksopdragte was die antwoord meer positief (65.5%), m.a.w. "stem ten volle saam" of "stem saam", as die respons om werksopdragte per e-pos te stuur. In laasgenoemde geval was die persentasie wat saamgestem het 32.2%. Dit blyk dus dat respondente nog tekortkominge toon wat volle oorgang tot e-leer betref.

In par. 6.4.5 – 6.4.8 word verskeie belangrike verbande (Tabelle 6.33–6.35) tussen veranderlikes op die vraelys ondersoek.

#### **6.4.5 Die verband tussen oop afstandsl eer as studente se voorkeurmetode om te studeer en die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te tik**

Omrede die vraelys (Addendum D) hoofsaaklik data m.b.v. Likert-tipe items ingesamel het, is Spearman se rangorde korrelasies ( $r$ ) bereken (Tabel 6.33) om die verband tussen afstandsl eer as die student se voorkeurmetode om te leer en die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te kan tik, te bepaal.

**Tabel 6.33: Spearman se rangorde korrelasies (r): Verband tussen oop afstandsl eer as studente se voorkeurmetode om te leer en (i) die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te tik, en (ii) die gemak waarmee IKTs gebruik kan word**

	AFSTANDSLEER IS DIE STUDENT SE VOORKEURMETODE OM TE LEER
Dit sal vir die student moontlik wees om sy/haar opdragte op 'n rekenaar te tik	$r = 0.9$
Voel gemaklik om selfoon te gebruik	$r = 0.04$
Voel gemaklik om rekenaars te gebruik	$r = 0.2$
Voel gemaklik om die internet te gebruik	$r = 0.3$

Spearman se rangorde korrelasies word soos volg geïnterpreteer:  $r = 0.1$  (klein effek);  $r = 0.3$  (medium sigbare effek wat neig tot 'n prakties betekenisvolle verband; en  $r \geq 0.5$  (groot effek – aanduiding van 'n praktiese betekenisvolle verband).

'n Prakties betekenisvolle verband ( $r = 0.9$ ) is tussen oop afstandsl eer as voorkeurmetode van leer en die moontlikheid om opdragte op rekenaar te tik, gevind. Hierdie bevinding toon aan dat dit vir studente wat oop afstandsl eer verkies moontlik is om opdragte te tik.

#### **6.4.6 Verband tussen oop afstandsl eer as studente se voorkeurmetode om te studeer en die mate van gemak waarmee IKTs gebruik kan word**

Spearman se rangorde korrelasies ( $r$ ) is bereken om die verbande tussen oop afstandsl eer as studente se voorkeurmetode om te leer en die gemak waarmee IKTs gebruik kan word, te bereken (Tabel 6.33).

Die enigste medium effek ( $r = 0.3$ ), wat neig na 'n praktiese betekenisvolle verband, is bereken tussen oop afstandsl eer as voorkeurmetode van leer en gemak waarmee die internet gebruik kan word. Hierdie bevinding mag daarop dui dat studente wat oop afstandsl eer verkies, in 'n mate ook gemaklik voel om die internet te gebruik.

**6.4.7 Die verband tussen 'n positiewe houding teenoor die implementering van die internet en e-pos om inligting te ontvang en (i) die mate van gemak waarmee studente 'n selfoon kan gebruik, en (ii) die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te kan tik**

'n Prakties betekenisvolle verband ( $r = 0.9$ ) is bereken tussen die oortuiging dat dit 'n goeie idee is dat die NWU meer gebruik maak van die internet en e-pos om studiemateriaal te stuur en die gemak waarmee 'n selfoon gebruik kan word (Tabel 6.34).

**Tabel 6.34: Spearman se rangorde korrelasies (r): Verbande tussen 'n positiewe houding teenoor die implementering van die internet en e-pos om inligting te ontvang en (i) die mate van gemak waarmee studente 'n selfoon kan gebruik, en (ii) die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te kan tik**

	<b>DINK DIT IS 'N GOEIE IDEE DAT DIE NWU MEER GEBRUIK MAAK VAN DIE INTERNET EN E-POS OM STUDIEMATERIAAL TE STUUR</b>
Voel gemaklik om 'n selfoon te gebruik	$r = 0.9$
Dit sal vir die student moontlik wees om opdragte op 'n rekenaar te kan tik	$r = 0.5$

'n Prakties betekenisvolle rangorde verband ( $r = 0.5$ ) is ook bereken tussen 'n positiewe houding teenoor die implementering van die internet en e-pos en die moontlikheid om opdragte op 'n rekenaar te kan tik (Tabel 6.34). Dit dui daarop dat die studente wat opdragte op 'n rekenaar kan tik, ook dink dit is 'n goeie idee as die NWU meer van die internet en e-pos gebruik maak.

**6.4.8 Die verband tussen die mate van gemak waarmee studente die internet kan gebruik en 'n positiewe houding teenoor die implementering van mobiele kommunikasie om studiemateriaal te ontvang**

'n Prakties betekenisvolle verband ( $r = 0.5$ ) is bereken tussen "voel gemaklik om die internet te gebruik" en 'n positiewe houding teenoor die implementering van mobiele kommunikasie om studiemateriaal te stuur (Tabel 6.35).

**Tabel 6.35: Spearman se rangorde korrelasie (r): Verband tussen gemak waarmee die internet gebruik kan word en 'n positiewe houding teenoor die implementering van mobiele kommunikasie om studiemateriaal te ontvang**

	VOEL GEMAKLIK OM DIE INTERNET TE GEBRUIK
Dink dit is 'n goeie idee dat die NWU meer gebruik maak van mobiele kommunikasie (bv. SMS'e) om studiemateriaal te stuur	$r = 0.5$

Dit dui daarop dat die studente wat gemaklik voel om die internet te gebruik, ook positief is oor die gebruik van mobiele kommunikasie (bv. Sms'e).

## 6.5 Samevatting van resultate van Fase 3

Fase 3 het navorsingdoelwitte 5 en 6 aangespreek. Fase 4 sal hierdie twee doelwitte verder toelig, maar uit Fase 3 kan die samevatting hieronder gegee word. Rakende navorsingdoelwit 5: *Om studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde GOS-programme te bepaal*, kan die volgende gerapporteer word:

Die NWU belê groot bedrae geld daarin om studente die geleentheid te gee om kontakklasse by te woon, en tog blyk dit dat slegs tussen 20% en 30% van studente die kontakklasse bywoon. Vir vakansieskole is die bywoning nog swakker. Van die belangrike redes waarom studente nie kontakklasse bywoon nie, is soos volg uitgelig deur studente wat aan Fase 3 deelgeneem het:

- Afstand vanaf 'n studiesentrum is te groot. 'n Getal van 28 studente het hierdie mening gehuldig. Dit is wel so dat ten spyte daarvan dat die NWU meer as 30 studiesentrums in SA bedryf, heelwat studente steeds ver moet reis om 'n kontakgeleentheid by te woon;
- persoonlike redes is ook as 'n moontlike rede deur die studente uitgewys. 'n Gemiddelde van 72.8% studente stem ten volle saam of stem saam met hierdie stelling. Die feit dat kontakklasse op Saterdag aangebied word en onderwysers dan ook persoonlike sake het om te bedryf, bv. gesinsverpligtinge, skoolverpligtinge of begrafnisse, ondersteun die stelling. Tog sou verwag kon word dat as dit dan problematies is, vakansieskole beter bywoning sou getoon het;

- dat studente nie kontakklasse bywoon nie, omdat voltydse NWU-dosente nie klasse aanbied nie. Die mening of rede kan bevraagteken word, aangesien die eksamensukses van Fase 1, waar klasse deur dosente aangebied word, en Fase 2, waar fasiliteerders klasse aanbied, nie wesenlik verskil nie. Sou studente kontak met 'n NWU-dosent wil hê, kan hy/sy vakansieskole bywoon waar voltydse dosente hoofsaaklik betrokke is;
- taal van onderrig en beperkte tyd en klasgroottes blyk 'n probleem vir sekere studente te wees. Dosente en fasiliteerders hou nie by Engels as medium van onderrig nie en die aanbiedings tyd van 'n module wat slegs 30 minute behels is te kort vir effektiewe onderrig;
- die huidige getal kontakklasse blyk voldoende vir die meeste studente te wees;
- dat alle modules tydens kontaksessies aangebied moet word en nie slegs die wat as probleemmodules geïdentifiseer is nie; en
- afstandsonderrig word gesien as die enigste metode om studente in die landelike omgewings te onderrig.

Wat betref doelwit 6: *Om studente se gereedheid vir e-leer binne gesellekteerde GOS-program te bepaal*, kan die volgende gerapporteer word:

- Dit blyk dat die oorgrootte meerderheid van studente wat in hierdie fase getoets is (62.1%) nie oor rekenaars by die huis beskik nie. Verder het 80.4% aangetoon dat hulle nie oor toegang tot internet by die huis of werk beskik nie, wat dus kommunikasie tussen dosent en studente in e-leer bemoeilik. Selfoon kommunikasie blyk die oplossing te wees aangesien 93.1% oor die medium beskik en dit as gewens sien om daarmee met die universiteit te kommunikeer.

Bogenoemde samevatting van die bevindinge van Fase 3, tesame met wat in Fase 4 gerapporteer sal word, bevestig duidelik dat die onderrig-leercomponent van 'n nuwe OAL-eenheid, deeglik na hierdie resultate sal moet kyk. Uiteraard sal die detail, soos bevind in Fases 1, 2 en 3, nie volledig in 'n bestuursmodel vir 'n OAL-eenheid opgeneem kan word nie. Hierdie detail behoort egter deeglik deur die bestuur van die nuwe OAL-eenheid bestudeer te word, aangesien die wyse waarop studente deur oop afstandsl eer onderrig word, bepalend sal wees vir die sukses van onderrig-leer. Die hoof aanbiedings metodes behoort te wissel tussen

volle kontak en elektroniese leer, die sg. *blended* metode. Dit is dan ook een van die hoof redes hoekom hierdie empiriese ondersoek (Fases 1 tot 4) gedoen is, want dit behoort die grondslag te voorsien vir die onderrig-leercomponent, wat weer 'n noodsaaklike gedeelte van 'n model behoort te wees.

## 6.6 Resultate van Fase 4

Hoewel Fase 3 waardevolle data en resultate opgelewer het ten opsigte van studente se menings en ervarings oor kontakklasse en vakansieskole, asook oor hulle gereedheid vir e-leer, het die oorwegende kwantitatiewe aard van Fase 3 steeds 'n behoefte gelaat aan 'n verdere ondersoek om die bevindinge in nog meer diepte te verken. Met Fase 4 is fokusgroeponderhoude met studente gevoer oor hulle menings, ervarings, verwagtinge, probleme en vrese rakende kontakklasse en vakansieskole (navorsingsdoelwit 5), asook hulle gereedheid vir e-leer (navorsingsdoelwit 6), om sodoende konteks-sensitiewe diepte-gevallestudies te doen, ter aanvulling van die bevindinge van Fase 3 (paragraaf 6.4). Drie groepe van agt studente is gekies. Een groep was in Rustenburg en die ander twee groepe was in Potchefstroom.

### 6.6.1 Deelnemers

Die persoonlike handgeskrewe (kwalitatiewe) narratiewe van die 87 studente (43 studente wat een of meer kontakklasse bygewoon het; en 44 studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie), ewekansig gekies vanuit die totale groep deelnemers van Fase 2 ( $n = 1310$ ) (par 5.43), wie se data deur middel van die vraelys (Addendum D) in Fase 3 ( $n = 200$ ) ingesamel is; asook die kwalitatiewe data van drie fokusgroeponderhoude van Fase 4 (par 5.4.4), is in MSWord getranskribeer, om sodoende een datastel te vorm. Met behulp van Atlas.ti sagteware vir kwalitatiewe data-analise is 'n geïntegreerde datastel uit die drie fokusgroeponderhoude en die persoonlike narratiewe saamgestel vir 'n inhoudsanalise waaruit data kategorieë en temas geïdentifiseer is. Tabel 6.36 voorsien die rapporteringsstruktuur vir Fase 4.

**Tabel 6.36: Fase 4: Rapporteringstruktuur van resultate**

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS	PARAGRAWE	KWALITATIEWE TEGNIEKE
<p><b>Navorsingsdoelwit 5</b></p> <p>Om studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in vier GOS-programme (Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie) te ondersoek</p>	<p><i>iv. Persoonlike handgeskrewe narratiewe:</i> 87 studente (43 studente wat een of meer kontakklasse bygewoon het; en 44 studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie) ewekansig gekies vanuit die totale groep deelnemers van Fase 2 wat gedurende Oktober 2009 regoor Suid-Afrika eksamen geskryf het in die GOS-programme Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie. Fokusgroeponderhoude: drie groepe van 8 studente elk, afkomstig uit die NW Provinsie.</p>	<p><b>6.5 Resultate van Fase 4</b></p> <p>6.5.1 Beskrywing van deelnemers</p> <p><b>6.5.2 Kwalitatiewe ondersoek van studente se persepsies, ervarings, probleme, uitdagings en verwagtinge rakende kontakklasse en vakansieskole</b></p> <p>Kategorie (A) Studente se persepsies en ervarings van oop afstandsl eer</p> <p><i>Tema (a1) Waarde van oop afstandsl eer</i></p> <p><i>Tema (a2) Portuuronder-steuning</i></p> <p>Kategorie (B) Studente se positiewe persepsies en ervarings van kontakklasse en vakansieskole</p> <p><i>Tema (b1) Redes waarom studente kontakklasse bywoon</i></p> <p><i>Tema (b2) Waarde van kontakklasse</i></p> <p><i>Tema (b3) Motivering vir kontakklas-bywoning</i></p> <p>Kategorie (C) Uitdagings en struikelblokke wat studente verhoed om kontakklasse by te woon</p> <p><i>Tema (c1) Uitdagings vir kontakklas-bywoning</i></p> <p><i>Tema (c2) Geografiese afstande vanaf kontakklasse</i></p> <p><i>Tema (c3) Redes waarom studente nie kontakklasse bywoon nie</i></p> <p>Kategorie (D) Probleme en negatiewe menings en ervarings van kontakklasse en vakansieskole</p> <p><i>Tema (d1) Skedulering van kontakklasse</i></p>	<p>Kwalitatiewe analise van geïntegreerde datastel van semi-gestruktureerde fokus-groep onderhoude</p>

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS	PARAGRAWE	KWALITATIEWE TEGNIEKE
		<p>Kategorie (E) Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende programaflewering</p> <p><i>Tema (e1) Werksopdragte</i>  <i>Tema (e2) Eksamens</i>  <i>Tema (e3) Waarde van studiemateriaal</i>  <i>Tema (e4) Strukturering van kursusse</i></p> <p>Kategorie (F) Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende dosente en fasiliteerders</p> <p><i>Tema (f1) Kwaliteit van dosente en fasiliteerders</i>  <i>Tema (f2) Verhoudinge met dosente en fasiliteerders</i></p> <p>Kategorie (G) Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende administratiewe aspekte</p> <p><i>Tema (g1) Administratiewe ondersteuning</i>  <i>Tema (g2) Uitdagings</i>  <i>Tema (g3) Frustrasies</i></p>	
<p><b>Navorsingsdoelwit 6</b></p> <p>Om studente se gereedheid vir e-leer in vier GOS-programme (Wiskunde-onderwys, Leerderondersteuning, Grondslagfase en Geografie) te ondersoek</p>		<p><b>6.5.3 Kwalitatiewe ondersoek na studente se gereedheid vir e-leer</b></p> <p>Kategorie (1) Rekenaargeletterdheid  Kategorie (2) Toegang tot tegnologie  Kategorie (3) Leer met tegnologie  Kategorie (4) DVD  Kategorie (5) Mobiele-leer (m-leer)</p>	<p>Kwalitatiewe analise van geïntegreerde datastel van fokus-groep onderhoude</p>

Tabel 6.37 rapporteer die data kategorieë en temas wat uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel geïdentifiseer is vir: (a) Studente se persepsies, ervarings, probleme, uitdagings en verwagtinge rakende kontakklasse en vakansieskole; en (b) studente se gereedheid vir e-leer. Omdat studente tydens vakansieskole ook klasse kan bywoon, word kontakklasse en vakansieskole met hierdie fase saam gegroepeer.

**Tabel 6.37: Data kategorieë en temas wat uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel geïdentifiseer is**

**Kwalitatiewe ondersoek na studente se persepsies, ervarings, probleme, uitdagings en verwagtinge rakende kontakklasse en vakansieskole**

	Fokusgroeponderhoud 1 (Potchefstroom)	Fokusgroeponderhoud 2 (Rustenburg)	Persoonlike Handgeskrewe Narratiewe (Fase 3)	Opvolg-fokusgroeponderhoud (Potchefstroom)	TOTALE
<i>Studente se persepsies en ervarings van oop afstandsleer</i>					
Waarde van oop afstandsleer	15	7	4	0	26
Portuurondersteuning	2	10	17	4	33
Onafhanklike student	10	0	7	1	18
Uitdagings met Departement van Onderwys	0	3	0	0	3
Opkampusonderrig	3	0	1	1	5
Bevordering na volgende vlak van leer	2	0	0	0	2
<i>Studente se positiewe persepsies en ervarings van kontakklasse en vakansieskole</i>					
Redes vir kontakklasbywoning	25	5	34	10	74
Waarde van kontakklasse	20	5	19	9	53
Motivering om kontakklasse by te woon	3	0	5	1	9
Vakansieskole	5	5	13	0	23

	Fokusgroeponderhoud 1 (Potchefstroom)	Fokusgroeponderhoud 2 (Rustenburg)	Persoonlike Handgeskrewe Narratiewe (Fase 3)	Opvolg-fokusgroeponderhoud (Potchefstroom)	TOTALE
<i>Uitdagings en struikelblokke wat studente verhoed om kontakklasse by te woon</i>					
Uitdagings wat die bywoning van kontakklasse belemmer	11	5	15	8	39
Geografiese afstand vanaf kontaksentrums	3	0	11	5	19
Redes vir geen kontakklasbywoning	0	0	3	4	7
Grootte van kontakklasse	0	0	2	0	2
Gereeldheid van kontakklasbywoning	4	2	7	2	15
<i>Probleme met en negatiewe ervarings en menings oor kontakklasse en vakansieskole</i>					
Skedulering van kontakklasse	6	23	22	7	58
Kontaksentrumlokale	0	0	1	7	8
<i>Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende programaflewering</i>					
Werkopdragte	2	1	27	3	33
Eksamens	0	0	20	0	20
Waarde van studiemateriaal	4	4	0	4	12
Strukturering van kursusse	3	4	1	0	8
<i>Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende dosente</i>					
Hoë kwaliteit van dosente / fasiliteerders	7	2	19	1	29
Lae kwaliteit van dosente / fasiliteerders	0	0	24	3	27
Goeie verhouding met dosente	8	0	9	0	17
Bevoordeling van sekere student	0	0	2	0	2
Taal van onderrig	0	0	4	0	4
Slegte verhouding met dosente / fasiliteerders	0	0	7	0	7
Kommunikasie met dosente	0	0	0	7	7
<i>Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende administratiewe aspekte</i>					
Administratiewe ondersteuning	0	0	10	0	10
Uitdagings in die stelsel	16	11	0	0	27
Frustrasies	1	4	13	0	18
Akademiese hulpbronne	0	0	1	0	1
<b>Kwalitatiewe ondersoek na studente se gereedheid vir e-leer</b>					

	Fokusgroeponderhoud 1 (Potchefstroom)	Fokusgroeponderhoud 2 (Rustenburg)	Persoonlike Handgeskrewe Narratiewe (Fase 3)	Opvolg-fokusgroeponderhoud (Potchefstroom)	TOTALE
Rekenaargeletterdheid	16	13	0	33	62
Toegang tot tegnologie	0	0	0	21	21
Leer met tegnologie	3	7	0	16	26
DVD's	9	0	0	0	9
Mobiele leer (m-leer)	1	0	0	4	5
<b>TOTALE</b>	<b>179</b>	<b>111</b>	<b>298</b>	<b>151</b>	<b>739</b>

Vervolgens word die data kategorieë en temas wat uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel geïdentifiseer is vir studente se persepsies en ervarings rakende kontakklasse en vakansieskole in paragraaf 6.6.2 uiteengesit, gevolg deur die kategorieë en temas wat uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel geïdentifiseer is vir studente se gereedheid vir e-leer in paragraaf 6.6.3.

## **6.6.2 Kwalitatiewe ondersoek na studente se persepsies, ervarings, probleme, uitdagings en verwagtinge rakende kontakklasse en vakansieskole**

Die volgende data-kategorieë en temas is uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel geïdentifiseer rakende kontakklasse en vakansieskole. By elk van die temas word slegs enkele voorbeelde van studente se kwalitatiewe opmerkinge voorsien, en slegs temas waarvan die verteenwoordiging hoog is, word aangebied weens die omslagtigheid van die data. Die volledige kwalitatiewe datastel is op die ingeslote CD beskikbaar (Addendum G).

## **Kategorie (A) Studente se persepsies van oop afstandsl eer**

Onder die data-kategorie *Studente se persepsies van oop afstandsl eer*, het die volgende twee temas hoog gelaai:

### **Tema (a1) Waarde van oop afstandsl eer**

Studente heg baie waarde aan oop afstandsl eer, omdat dit hulle in staat stel om verder te studeer terwyl hulle voltyds in die onderwysberoep staan, soos geïllustreer deur die volgende twee aanhalings uit die fokusgroeponderhoude:

They must be millions of students who are studying and benefiting from it (distance education). And they are both, like me, both working and studying.

Through distance education, you have the courage to study further... I'm very positive about distance education.

### **Tema (a2) Portuurondersteuning**

Sommige studente het klem gelê op die waarde van oop afstandsl eer, omdat dit hulle in staat stel om by kontakklasse portuurondersteuning te ontvang vanaf ander studente wat ook praktiseer, iets wat andersins nie moontlik sou wees nie, aangesien die betrokke studente in die beroep staan en nie opkampus kan studeer nie:

During contact sessions, one has an opportunity to meet fellow students who are doing the same course as you.

So we should begin to encourage each other to attend these sessions... because we would attend as a collective...

What I like about contact sessions we came together and assist and also motivate each other in our studies. The positive way is that it encourages us to work harder.

**Ter opsomming:** Die waardetoevoeging van OAL tot die professionele ontwikkeling van praktiserende onderwysers is dat OAL hulle in staat stel om verder te studeer terwyl hulle

voltyds in die onderwysberoep staan, en verder portuurondersteuning by kontakklasse en vakansieskole bied.

### ***Kategorie (B) Studente se positiewe persepsies en ervarings van kontakklasse en vakansieskole***

Onder die kategorie Studente se positiewe persepsies en ervarings van kontakklasse en vakansieskole het die volgende drie temas hoog gelaai:

#### **Tema (b1) Redes waarom studente kontakklasse bywoon**

Studente het aangetoon dat kontak met dosente en fasiliteerders en om addisionele inligting te bekom, die hoofredes is waarom hulle kontakklasse bywoon:

if you are in contact with a teacher or lecturer then you tend to understand much better what is being expected from you. So then in your governance is enhanced... this must expand I felt more in touch when I came because working from a book I like human contact and I felt that I needed that input from the lecturer.

We attend to get information.... And we go because we don't have anybody else who can help us.

Dit wil ook voorkom asof kontakklasbywoning 'n positiewe effek op studente se selfvertroue het:

I felt more confident with the contact sessions.

#### **Tema (b2) Waarde van kontakklasse**

Studente het die waarde van kontakklasse meestal toegeskryf aan kontak met dosente en persoonlike studie-ondersteuning wat hulle ontvang:

Contact Classes are seen a very prestigious post. Like taking decision to do a single course. You should go there.

Contact sessions are of the utmost importance because the lecturers explain all the modules students do understand the assignments and the exam.

Like you said, interaction is very important, it boosts our confidence also. It tells us what to do; it shows us what to do.

but my experience from the contact sessions... I sat in one contact session where I was the only student, and it was fantastic, I got special treatment... it was a very wonderful contact session, as it was the one that I really needed, it was computers. I was very pleased.

### **Tema (b3) Motivering vir kontakklasbywoning**

Studente se hoofmotivering om kontakklasse by te woon is inligting wat hulle by die kontakklasse ontvang, asook die geleentheid om vrae aan dosente en fasiliteerders te vra.

During contact classes I feel positive because I get all the information in my modules and also how to study them and how to do some of my assignment that I was not aware of I also get the previous questioning styles in each module.

I feel positive because I get more explanation. I also have a chance to ask questions when I don't not understand.

**Ter opsomming:** Studente woon kontakklasse by: (i) vir die kontak met dosente en fasiliteerders om addisionele inligting te bekom; (ii) vir die kontak met dosente vir persoonlike studie-ondersteuning; (iii) omrede dit hulle selfvertroue in hulle studies verbeter; en (iv) vir die geleentheid om vrae aan dosente en fasiliteerders te vra.

### **Kategorie (C) Uitdagings en struikelblokke wat studente verhoed om kontakklasse by te woon**

Onder die data kategorie *Uitdagings en struikelblokke wat studente verhoed om kontakklasse by te woon*, is die volgende drie temas geïdentifiseer:

### **Tema (c1) Uitdagings vir kontakklasbywoning**

Studente ervaar afstande na kontakklasse, finansiële hindernisse en persoonlike verantwoordelikhede, byvoorbeeld familie, as die hoofuitdagings vir kontakklasbywoning:

The only challenge is that the centre is very far from where I live.

What I dislike: contact sessions are too expensive for me- because I am traveling from place to another paying a lot of money for transport and food.

I feel positive-it is just that I cannot attend regularly due to financial problems, and the distance.

Some individuals are parents with matrics or tertiary students as children which brings along vital primary responsibilities.

### **Tema (c2) Geografiese afstande vanaf kontakklasse**

Hoewel daar 'n kontaksentrum binne 'n radius van 100 km vanaf elke student is, is geografiese afstande na kontaksentrums vir baie studente 'n probleem:

The problem is the distance where the sessions are contacted.

Negative about it is that you have to travel a long distance from your place to attend the vacation school and you spend a lot of money, I am living in rural areas it will be better for me in PE.

If the vacation school is held nearer I would most definitely attend.

### **Tema (c3) Redes waarom studente nie kontakklasse bywoon nie**

Studente het aangevoer dat omstandighede buite hulle beheer, finansies en groot afstande die hoofredes is hoekom hulle nie kontakklasse bywoon nie:

I really feel positive about contact sessions but due to circumstances it was impossible for me to attend.

They facilities is too far for me and expensive as I have to find accommodation for me. Likes and dislikes of the contact classes or vacation school I can say nothing as for that is concern because I have never attended them.

**Ter opsomming:** Die hoofuitdagings wat studente in die gesig staar, en wat hulle dikwels verhoed om kontakklasse by te woon is: (i) Afstande na kontakklasse, (ii) finansiële hindernisse, en (iii) persoonlike verantwoordelikhede, byvoorbeeld familie.

### **Kategorie (D) Probleme met en negatiewe ervarings en menings oor kontakklasse en vakansieskole**

Die meeste probleme wat studente met kontakklasse en vakansieskole het en wat hulle negatief maak, het te doen met die skedulering van kontakklasse:

#### **Tema (d1) Skedulering van kontakklasse**

Studente het 'n probleem met die kontakklasse wat op Vrydae plaasvind, aangesien hulle verantwoordelikhede by skole het wat hulle verhoed om kontakklasse by te woon:

...that you use better time tables.... then we will find the rooms, we will not get lost... if we had one location to go to... then you will know... that okay, that this is my class. Because many times you will find that you are in the wrong class, say for example Technology. And when you have technology you will not go to another class. That you will go to number 1 and not number 3. And that for a certain module you will go to number 5, and the last class will get you to number so and so... and that this class will be Technology.

Tyd tussen verskillende kontakklasse is ook 'n probleem vir sommige studente:

The gap between my modules for example when my 1st module is 9:00 (course name) the 2nd is 12:00 (course name) and the 3rd is 15:00 now I have to wait for a long time and feel bored because my modules are so far.

Ander studente voel weer dat daar te veel modules per kontakssessie aangebied word:

I think too many courses are being attended in one day.

All my contracts were on a Friday afternoon and I didn't study for this year so obviously it has changed. And even for me to get from where I am to here by 14h00 considering the school comes out 13h20, and you cant just ride off, I mean there are things you have to do... I can only imagine what it is like when you are coming from a distance.

Dan is daar ook die mening dat nie genoeg tyd vir modules beskikbaar is nie:

The things that I dislike are that there is no enough time for modules. While you are in other module classes some modules are on (conducted) in the other class so you did not catch them.

Contact classes are good but they have less time per module.

**Ter opsomming:** Skedulering van kontakklasse op Vrydae, te min tyd tussen kontakklasse, te veel modules per kontaksessie, en te min tyd wat per module toegewys is, is die hoofredes vir studente se negatiwiteit teenoor kontakklasse.

### **Kategorie (E) Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende programaflewering**

Wat betref programaflewering, het studente die volgende gesê oor werksopdragte, eksamens, studiemateriaal en die strukturering van kursusse:

#### **Tema (e1) Werksopdragte**

Studente het beklemtoon dat kontakklasse hulle help met werksopdragte:

Contact classes and vacation schools are very important because lectures are there to explain things that you don't understand and help you with your assignments.

It [contact classes] also helped me with my assignments.

I feel very positive about contact classes and vacation school because it really helped me to complete my assignments through the guidance of the facilitator, tips for the exams and also how to answer the questions during the exams. All in all they are fruitful.

Sommige studente het egter hulle frustrasie te kenne gegee omdat hulle nie toegang tot biblioteke het om die werksopdragte suksesvol te voltooi nie:

Consequently, our assignments were a bit later than I wanted them, because I could not get into the library to get references... you must use references, and I could not do that. And I found that terribly frustrating.

## **Tema (e2) Eksamens**

Kontakklasse help studente ook om voor te berei vir eksamens:

I feel very positive about contact classes and vacation school because it really helped me to complete my assignments through the guidance of the facilitator, tips for the exams and also how to answer the questions during the exams.

I feel positive about contact classes and vacation schools; because they help us to equip ourselves for exams preparation and writing our assignments they help us to ask questions about unclear definitions and some other concepts, definitions etc. All in all they are fruitful.

## **Tema (e3) Waarde van studiemateriaal**

Sommige studente het hulle tevredenheid met studiemateriaal uitgespreek:

You get everything you need for that, so I don't actually have a problem, because we are given enough and in clear sections. So, even in the class, as she said, there will be materials being used there, but actually at the end of the day I know that I've got, what is in there, what is needed.

Ander het weer hulle frustrasie met studiemateriaal gedeel:

I found the study material sufficient, but rather frustrating.

That there was one module in which I was confused... I could follow before I met the lecturer I had an idea almost... I had access to make use of that idea...

I think it was more a case of the DVD not giving enough of detail, and it came across as being a contradiction. But when I investigated, it actually was not.

Tell us in kindness what you want, and everything will be functional.

#### **Tema (e4) Strukturering van kursusse**

Sommige studente het hulle frustrasie uitgelig met die strukturering van kursusse, veral waar verskillende studiegidse en handboeke vir verskillende innames gebruik word:

Uhm, another thing that I noticed at the contact sessions, there's a lot of different books and manuals and different guides, and if you got a guide for this year, and you got a guide for that year, and if you have this and if you have that... so at one of the contact sessions I thought, good gracious, I got another assignment and I have not done it, but it was because they were referring to different things all the time.

**Ter opsomming:** Kontakklasse (i) help studente met werksopdragte; en (ii) help studente om voor te berei vir eksamens. Studente is oor die algemeen tevrede met studiemateriaal, maar sommige frustrasies bestaan wel onder studente rakende die inhoud van studiemateriaal en die strukturering van kursusse/modules.

#### **Kategorie (F) Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende dosente en fasiliteerders**

Studente het ook hulle menings gelug oor die kwaliteit van, en hulle verhoudinge met, dosente en fasiliteerders:

#### **Tema (f1) Kwaliteit van dosente en fasiliteerders**

Die meerderheid studente is tevrede met die kwaliteit van dosente:

They (lecturers) are very presentable also... very professional... They always sit and explain to me... they are quite a nice crew... they will

always answer you, they will not postpone you... they will answer you at that time, they would not say: "okay, it's time up, I can't".

the lecturer was wonderful, very patient, and people were good, they sat down; but at the end of it all I don't think that lecturer completed everything that she wanted to

Terwyl een student gekla het oor ongeduldige dosente:

Some lecturers are impatient and do not explain so well to those who do not understand. Sometimes they rush through sessions.

Verskei studente het hulle ontevredenheid uitgespreek oor die kwaliteit van fasiliteerders wat onvoorbereid klas toe kom en slegs uit studiegidse voorlees:

What I dislike is that facilitators do not read manuals as a result they present wrong information and we have to correct them while presenting and feel Embarrassed.

Van die fasiliteerders het uit boeke gewerk wat studente nie gekry het nie. Hier was dit nie georganiseer nie.

I dislike those facilitators who take advantage of us not knowing their duty.

## **Tema (f2) Verhoudinge met dosente en fasiliteerders**

Oor die algemeen het studente baie goeie verhoudinge met dosente en fasiliteerders:

I enjoyed the lecturers... I actually loved them. Never once did I come and asked for help where I was not assisted. They were very professional, very helpful and very kind, always prepared to give up their time, even when they are obviously very busy.

Or, if actually you respect each other, and you make an appointment with him or her, they always pitch up... they always give information.

Facilitators are even helpful as they give their contact numbers if anytime you need them

They are the eye openers of what you can do with studies. They assisted in all aspects of studying.

Sommige studente het egter hulle ontevredenheid uitgespreek met sekere fasiliteerders wat nie goed voorberei nie:

I really dislike attending to a facilitator who is not well prepared and who lacks information and could not respond to the questions asked by the students.

Some facilitators are not well prepared, and some do not pitched. It seems that some are just doing it for the money, some let you sign and there's no session.

**Ter opsomming:** Die meerderheid studente is tevrede met die kwaliteit van NWU-dosente, en het oor die algemeen goeie verhoudinge met dosente en fasiliteerders. Sekere ontevredenhede bestaan egter oor die kwaliteit van sommige fasiliteerders, veral as dit kom by voorbereiding van klasaanbiedings.

### **Kategorie (G) Studente se positiewe en negatiewe persepsies en ervarings rakende administratiewe aspekte**

Studente het die volgende met die navorser gedeel rakende administratiewe ondersteuning, uitdagings en hulle algemene frustrasies:

#### **Tema (g1) Administratiewe ondersteuning**

Studente het hulle tevredenheid uitgespreek oor administratiewe ondersteuning wat hulle by kontakklasse ontvang:

The first time students like me did not understand the codes and modules we were given proper direction to the modules and contact rooms marked in legible handwriting.

#### **Tema (g2) Uitdagings**

Die hoofuitdagings wat studente in die gesig staar is vervoer- en akkommodasieprobleme:

I always came late for class because I had a problem to travel from Klerksdorp to Potchefstroom. ... It wasn't in time. That was my main problem. I always came late; the first one was done, so I go to the second one.

the transport is unreliable, it's not that easy for them to get here.

Sometimes I struggle with accommodation if it is for two days.

Terwyl een student erken het dat persoonlike toewyding en 'n positiewe ingesteldheid 'n uitdaging is:

The problem is in devotion and in possitiveness.

### **Tema (g3) Frustrasies**

Algemene frustrasies wat studente geopper het, het te doen met onvolledige studiemateriaal:

I was given a manual for one particular subject, where I actually pointed out that in one of the sessions that it looked that one of the sections was missing. And I was told, don't bother, don't worry... you can leave it out. So I felt fair enough, so I carried on and did my assignment, and I didn't do too badly, but I was not particularly happy, and then I just found that, that section was the section where I had come short. So I did kind of speak, and I did discuss it, then the lecturer looked at mine, and said, well, there is a whole chapter out of your study guide. And then they sent me to Leon at the back, to get a new one, which I did, and then I really got it and I did everything, and I went tjoep.

SMS'e wat aan hulle gestuur word, was soms ook 'n bron van frustrasie:

The problem about contact classes is that sometimes we receive SMS very late saying come the following day.

Lecturers SMS us at the last hour when they are unable to attend the session, so most of us who are travelling do not get the sms in time.

Verder was daar ook frustrasies met mede-studente:

Most students arrive while the sessions are in progress. They missed something that happens in the earlier periods

What we dislike there is no lunch for us and the tearoom is very expensive.

**Ter opsomming:** Studente is oor die algemeen tevrede met die administratiewe ondersteuning wat hulle ontvang, maar ondervind soms frustrasies m.b.t. onvolledige studiemateriaal, SMS'e wat nie betyds aan hulle uitgestuur word nie, en mede-studente wat klasse ontwig weens laatkommery. Vervoer en akkommodasie-probleme is van die belangrikste uitdagings wat studente ondervind wat betref kontakklas- en vakansieskoolbywoning.

### **6.6.3 Kwalitatiewe ondersoek na studente se gereedheid vir e-leer**

Die ondergenoemde data-kategorieë is uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel geïdentifiseer rakende studente se gereedheid vir e-leer. By elk van die data-kategorieë word slegs enkele voorbeelde van studente se opmerkings voorsien weens die omslagtigheid van die data. Die volledige kwalitatiewe datastel is op die ingeslote CD beskikbaar.

#### **Kategorie (1) Rekenaargeletterdheid**

Sommige studente het aangedui dat hulle rekenaarvaardig is, en ander het weer aangedui dat hulle nie rekenaarvaardig is nie:

I did type mine, I just want to say computers is very much helpful to our lives, because it save more time, and it is neat if you use a computer. Especially for myself, my handwriting's so bad. At least now I have submitted something that is nice. Anyone which can take it, can read it what I've wrote there.

So the skills are needed for us so that you can know how to operate computer as my brother have said so everything can be fine if you can get more information about technology, you see.

Andere het aangedui dat dit vir hulle 'n prioriteit is om rekenaargeletterd te word, en dat hulle hierdie uitdaging nie vrees nie:

Yes, that is the future... we will have to become computer literate.

Technology is very important for us the future, we cannot get away from that... Technology is important for whatever you need to do as a person... to type a document or to search for things on the internet

We feel overwhelmed... we feel pleased. I am not afraid of technology, because... in so many, many ways, people are... trying... to talk with me, with CDs, DVDs, whatever...

Sommige het ook genoem dat rekenaarvaardighede hulle selfvertroue verbeter:

But going through that course that I was supposed to do, it was such a learning curve... and at the end of it I felt much more confident, and I was able to adjust those assignments.

Sommige studente het aangedui dat omstandighede hulle geforseer het om rekenaarvaardig te word:

I have to be honest, when I say typed... my daughter typed them for me. But then she went overseas, and when I had to fix up things, or I had to change things, then it was a learning curve.

Sosio-ekonomiese en geografiese kontekste dra beslis ook by tot die afwesigheid van rekenaargeletterdheid:

That is another issue, you know, from where I am working... it is a little bit of a farm school. I really want to type it so that it would look very nice for the lecturer... so that the lecturer will see this guy tried his best. Then I write it, but sometimes I would turn to someone and ask, will you type it please? But this cost money.... It is a problem.

**Ter opsomming:** Sekere studente is rekenaarvaardig en ander nie. Sommige studente beskou rekenaargeletterdheid as 'n prioriteit, ander nie. Oor die algemeen vrees studente nie rekenaargeletterdheid nie, en hulle selfvertroue verbeter na gelang hulle rekenaarvaardighede verbeter. Omstandighede forseer sommige studente om rekenaarvaardighede aan te leer, terwyl sosio-ekonomiese en geografiese struikelblokke die verwerwing van rekenaarvaardighede kniehalter.

## **Kategorie (2) Toegang tot tegnologie**

Sommige studente het bevestig dat hulle toegang tot tegnologie het, hetsy by hulle huise, of by die skole waar hulle werk:

Well I was well blessed because I got the PC at home and I also have a laptop so I'm able to, when I need some internet connection, its either I use it on the phone or I just use the mobile modem so I am able to connect it always.

Ander studente het weer 'n tekort aan toegang tot tegnologie en vaardighede beklemtoon:

The thing is, there are less computers in our schools that is why most of us are still behind with this technology of computer, because there are few and it is used with administration. You see, so if you are not in the administration it is very difficult for you unless you got your own one.

So and then the problem is that not all of us are having this computers at our homes, and then not all of us can operate it. So that is the thing, so we need to learn this techniques of how to operate the computer. We need to know how to look for information. You can have a computer or a laptop, but you can't find information because you don't have that skill, to look for the internet, to go to the internet, you understand? So now this is the problem that we are having. We need to learn more technology; I mean computer wise and then the other stuff as long as it is computer wise. Because now we have realised that we have nowhere to go.

**Ter opsomming:** Terwyl sommige studente geen toegang tot rekenaars het nie, het sommige toegang tot rekenaars by hulle huise, terwyl meer studente toegang tot rekenaars het by die skole waar hulle werk.

## **Kategorie (3) Leer met tegnologie**

Die meerderheid studente het die belangrikheid van tegnologie beklemtoon:

Technology is important for whatever you need to do as a person... to type a document or to search for things on the internet.

Technology is very important for us the future, we cannot get away from that

I would say it has made life a little easier because some of the things you are just able to press the button and you get the information that you need. So it is very, very helpful. I remember that other time when we were submitting the assignments, I was a little late and I feared I needed to do something, so I emailed the lecturer, and even though the response was a little discouraging but I continued because he said to me, brother carry it over into the next, into the next semester. Then I said no ways, I am not going to do that. So I submitted and am only waiting for the results. But I think computers are very much helpful. More especially the internet part of it and the Google part of it, ja.

Sommige studente het te kenne gegee dat hulle persoonlike rekenaars by hulle huise het, en dat hulle werksopdragte daarmee tik:

Yes, I do have my own computer at home.

I did type mine, I just want to say computers is very much helpful to our lives, because it save more time, and it is neat if you use a computer. Especially for myself, my handwriting's so bad. At least now I have submitted something that is nice. Anyone which can take it, can read it what I've wrote there.

Studente wat nie rekenaarvaardig is nie, het egter hulle bereidwilligheid en optimisme getoon om met behulp van ondersteuning en leiding tegnologie te begin gebruik:

But I think if someone could show me how to do it, it would help... I will be able to do that... I would be prepared to do that.

**Ter opsomming:** Die meerderheid studente wat aan hierdie fase deelgeneem het, is optimisties oor die gebruik van tegnologie vir onderrig en leer, en sommige studente gebruik reeds persoonlike rekenaars vir hulle alledaagse lewe, sowel as vir hulle beroep as onderwysers.

## **Kategorie (4) DVD's**

Studente het die nuttigheid van DVD's beklemtoon en selfs hulle dankbaarheid teenoor die SVO uitgespreek vir hierdie ondersteunende leertegnologie:

Yeah, I think DVDs are appreciated in most of the cases

I did get information a lot from it.

Ander studente het weer gemeen DVD's is kunsmatig en gee nie voldoende inligting nie:

That is way I'm saying I found them a bit superficial, they were not sufficient, there were not enough meat on them. Once I got them, I have to be honest; I never put them on again. I felt that I got more out of the books and the discussions with the lecturers. And also from extra reading.

I think it was more a case of the DVD not giving enough of detail, and it came across as being a contradiction. But when I investigated, it actually was not.

I found that there was not enough detail. They did give some information, I agree, but when I put it on, maybe... I don't know if I had put the cart before the horse, because I had done the background reading, then I watched the DVD, so perhaps I completed the purpose because I already read it...

I did not get that much from them.

**Ter opsomming:** Vir sommige studente is die beskikbare opvoedkundige DVD's 'n waardevolle hulpbron in hulle studies, terwyl ander studente weer voel dat sekere DVD's kunsmatig m.b.t. module-inhoud en aanbieding is.

## **Kategorie (5) Mobiele leer (m-leer)**

Studente beseft en toon belangstelling om meer van mobiele leer gebruik te maak:

I use my cellphone, especially when I'm doing my assignments.

It is helpful.

I think the technology is more important, especially to get the information from the cellphones, and also we get information from the cellphone and the computer. So it saves our time.

Tog het studente ook die beperkings van sekere modelle selfone beklemtoon:

Because there are limited ways to use this technology, their phone depending on the kind of the phone that we have.

**Ter opsomming:** Studente toon oor die algemeen 'n belangstelling daarin op meer van mobiele leer (m-leer) gebruik te maak. Daar bestaan egter sekere struikelblokke, byvoorbeeld beperkings van sekere modelle selfone, wat m-leer tans nog kniehalter.

#### **Samevatting van Fase 4**

Soos met Fase 3 geskied die samevatting van Fase 4 volgens die gestelde twee doelwitte. Rakende doelwit 5: *Studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde GOS-programme*, kan die volgende gerapporteer word:

- Soos in Fase 3 bevind, ondersteun die menings van die studente wat aan die fokusgroeponderhoude deelgeneem het, ook die waarde van oopafstandonderrig en veral die feit dat hulle gedurende kontakssessies met hulle portuurgroep kan meng rakende akademiese sake.
- Dieselfde hindernisse soos in Fase 3 uitgelig, is weer bevestig. Geografiese afstande van kontaksentrums en finansies blyk die hoofredes te wees hoekom studente nie kontakklasse bywoon nie.
- Kontakklasse op Vrydae is ook as 'n probleem uitgewys, hoewel dit geïsoleerde gevalle is. Slegs by twee studiesentrums in die Noordwes-Provinsie word klasse weens logistiese redes op Vrydaemiddae aangebied. 'n Groep van die fokusgroepstudente was afkomstig vanaf hierdie sentrums.
- 'n Verdere probleem wat sterk beklemtoon is was ongelukkigheid met studiemateriaal. Dit het egter ook geblyk geïsoleerde gevalle te wees. Oor die algemeen het studente

egter hul tevredenheid uitgespreek met die administratiewe ondersteuning wat hulle ontvang.

Betreffende doelwit 6, *Om studente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde GOS-programme te bepaal*, kan soos volg saamgevat word uit Fase 4:

- Soos met Fase 3 bevind, is die meeste studente nog nie rekenaarvaardig nie, maar is bereid om rekenaargeletterd te word. Onderwysers besef ook dat dit uiters noodsaaklik vir hulle beroep is om rekenaarvaardig te wees.
- Die DVD's wat aan studente verskaf word, ondersteun hulle effektief in die voorbereiding van werksopdragte en eksamens. Selfoon kommunikasie word as belangrik gesien om die nodige inligting vanaf die universiteit te ontvang.

## 6.7 Resultate van Fase 5

Fase 5 handel direk met die sewende hoofnavorsingsdoelwit: *Om die menings van bestuurskundiges verbonde aan die NWU rakende die komponente en bedryf van 'n bestuursmodel vir OAL aan die NWU te ondersoek*. In hierdie fase het die navorser van kwalitatiewe semi-gestruktureerde individuele onderhoude gebruik gemaak om diepte-data in te samel rakende NWU bestuurskundiges se menings oor die komponente en bedryf van 'n bestuursmodel ten einde aanbevelings te maak oor 'n toepaslike bestuursmodel vir OAL. Die resultate van hierdie fase word holisties in Hoofstuk 7 geïnterpreteer tesame met die literatuurbevindinge van Hoofstuk 2, 3 en 4, asook die empiriese resultate van Fases 1-4, ten einde met die hoofnavorsingsdoel van hierdie studie te handel: *'n bestuursmodel vir oop afstandslereer aan die Noordwes-Universiteit te ontwikkel volgens bestaande bestuursmodelle soos gekonseptualiseer in die literatuur en die empiriese bevindinge van hierdie studie*.

Eerstens word 'n beskrywing van die deelnemers in Fase 5 voorsien, waarna die resultate van die kwalitatiewe ondersoek na NWU-bestuurskundiges se menings rakende die komponente en bedryf van 'n OAL-model gerapporteer word.

### 6.7.1 Beskrywing van deelnemers

Semi-gestruktureerde individuele onderhoude is met (i) die NWU se Vise-kanselier, (ii) 'n Bestuurs spesialis van die Institusionele Kantoor, (iii) die Dekaan van die Fakulteit

Opvoedingswetenskappe, en (iv) die Direkteur van die Skool vir Voortgesette Onderwysopleiding (SVO) gevoer. Die deelnemers is doelmatig gekies weens hulle bestuurskundigheid, ervaring en betrokkenheid by die beoogde daarstelling van 'n eenheid vir oop afstandslere aan die NWU.

### **6.7.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise van NWU-bestuurskundiges se menings rakende die komponente en bedryf van 'n OAL-model**

Die navorser het die vier NWU-bestuurskundiges genooi om vrywillig aan die individuele onderhoud te neem. Formele afspraak is vir die onderhoud gereël, en die navorser het die semi-gestruktureerde onderhoudskedule (Addendum D) aan alle deelnemers deurgegee om hulle voldoende tyd te gun om vir die onderhoud voor te berei. Die semi-gestruktureerde onderhoud is met digitale opnemers vasgelê, en is later in MSWord formaat getranskribeer, waarna dit ingevoer is in die Atlas.ti sagtewareprogram vir kwalitatiewe data-analise. Met behulp van Atlas.ti is 'n geïntegreerde datastel saamgestel vir 'n inhoudsanalise waaruit data kategorieë en temas geïdentifiseer is. In Tabel 6.38 word die rapporteringsstruktuur vir Fase 5 se bevindinge uiteengesit.


**Tabel 6.38 Fase 5: Rapporteringstruktuur van bevindinge**

NAVORSINGSDOELWITTE	DEELNEMERS	PARAGRAWA	STATISTIESE TEGNIEKE
<p><b>Navorsingsdoelwit 7</b></p> <p>Om die menings van bestuurskundiges verbonde aan die NWU rakende 'n bestuursmodel vir oop afstandslereer aan die NWU te ondersoek</p>	<p>⊕ Deelnemers:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>(i) Vise-kanselier</li> <li>(ii) Bestuurspesialis van die Institusionele Kantoor</li> <li>(iii) Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe</li> <li>(iv) Direkteur van die SVO</li> </ul>	<p><b>6.6 Resultate van Fase 5</b></p> <p>6.6.1 Beskrywing van deelnemers</p> <p>6.6.2 <b>Kwalitatiewe inhoudsanalise van NWU bestuurskundiges se menings rakende die komponente en bedryf van 'n OAL-model</b></p> <p>Kategorie (A) Doel van Onderzoek  <i>Tema (a1) Visie</i>  <i>Tema (a2) Geleenthede vir groei in hoër onderwys</i>  <i>Tema (a3) Entrepreneuriese geleenthede</i></p> <p>Kategorie (B) Struktuur van Nuwe Eenheid  <i>Tema (b1) Ander modelle</i>  <i>Tema (b2) OAL navorsing</i>  <i>Tema (b3) Sterktes van SVO</i>  <i>Tema (b4) Dubbel-modus instelling</i>  <i>Tema (b5) Onafhanklike eenheid</i>  <i>Tema (b6) Rol van IKT</i>  <i>Tema (b7) Volhoubaarheid</i></p> <p>Kategorie (C) Risiko's en uitdagings  <i>Tema (c1) Onvoldoende begrip van personeel</i>  <i>Tema (c2) Bestuursuitdagings</i>  <i>Tema (c3) Akademiese uitdagings</i>  <i>Tema (c4) Kwaliteits- aangeleenthede</i></p>	<p>Kwalitatiewe beskrywing van deelnemers</p> <p>Kwalitatiewe inhoudsanalise van geïntegreerde datastel van semi-gestruktureerde individuele onderhoude</p>

**Tabel 6.39 Frekwensies van data-temas wat uit die inhoudsanalise van die geïntegreerde datastel van Fase 5 geïdentifiseer is**

	AKADEMIESE UITDAGINGS	DUBBELMODUSINSTELLING	ENTREPRENEURIESE GELEENTHEDE	ONAFHANKLIKE EENHEID	ONVOLDOENDE BEGRIIP ONDER PERSONEEL	BESTUURSUITDAGING	OAL-NAVORSING	GELEENTHEDE VIR GROEI IN HOÛR ONDERWYS	ANDER MODELLE	DOEL VAN ONDERSOEK	KWALITEITSAANGELEENTHEDE	RISIKO'S EN UITDAGINGS	ROL VAN IKT	STERKTES VAN HUIDIGE SKOOL (SVO)	STRUKTUUR VAN DIE NUWE EENHEID	VOLHOUBARHEID	VISIE	TOTALE
<b>Dekaan</b>	7	2	2	3	6	8	0	5	0	1	4	23	3	2	21	0	8	<b>95</b>
<b>Vise-Kanselier</b>	3	0	2	0	5	6	1	0	4	3	6	15	3	2	10	1	1	<b>62</b>
<b>Direkteur</b>	1	1	7	0	2	20	1	1	3	1	3	16	3	2	17	15	9	<b>102</b>
<b>Bestuurspesialis</b>	6	0	0	0	1	12	1	0	0	9	5	5	0	0	13	1	2	<b>55</b>
<b>TOTALE</b>	<b>17</b>	<b>3</b>	<b>11</b>	<b>3</b>	<b>14</b>	<b>46</b>	<b>3</b>	<b>6</b>	<b>7</b>	<b>14</b>	<b>18</b>	<b>59</b>	<b>9</b>	<b>6</b>	<b>61</b>	<b>17</b>	<b>20</b>	<b>314</b>

**Figuur 6.1** Inhoudsanalise van NWU bestuurskundiges se menings rakende die komponente en bedryf van 'n OAL model



Met behulp van Atlas.ti is veertien data-temas vanuit die inhoudsanalise geïdentifiseer (Tabel 6.39 en Figuur 6.1), wat gegroepeer is in drie data-kategorieë, naamlik: (A) Doel van ondersoek; (B) Struktuur van nuwe OAL-eenheid; en (C) Risiko's en uitdagings. Vervolgens, word die drie data-kategorieë, asook hulle data-temas, kortliks bespreek aan die

hand van enkele direkte aanhalings uit die individuele onderhoude met die NWU bestuurskundiges (Addendum H).

### **Kategorie (A) Doel van Onderzoek**

Die huidige studie se ondersoek na 'n bestuursmodel vir 'n OAL-eenheid aan die NWU is genoodsaak deur 'n nasionale behoefte dat historiese residensiële universiteite, op versoek van die Minister van Onderwys, toenemend meer afstandsl eerprogramme moet aanbied; en tweedens die feit dat die NWU besluit het om OAL-programme as 'n strategiese prioriteit te identifiseer en te implementeer. Bestuurslede benadruk hierdie behoeftes:

In ag genome... die uitdaging wat ons land [in die gesig staar]... met onderrigbehoefte... wat ek tot die konklusie kom dat ons het nie meer die luukse vir 'n residensiële universiteit om net opkampusprogramme aan te bied nie, en dat as die land wil voorsien in die onderwysbehoefte wat daar is, en ek praat van voorgraadse onderrig eerstens, dan sal die regering 'n residensiële of historiese residensiële universiteite moet toelaat om ook afkampusprogramme te bedryf voorgraads.

En dit lyk vir my daar is 'n ding wat die Minister volgens berigte klaar geteken het, wat nou een of ander tyd afgekondig gaan word... wat 'n nuwe beleid is vir 'n sogenaamde “distance programmes”, wat dit bietjie meer buigsaam maak en vir residensiële universiteite meer toelaat om te doen wat eintlik maar in effek prakties... in praktyk UNISA se monopolie was in die verlede. En dis vir my die beginsel, of dit nou voor of nagraads is, maak nie regtig saak nie. In die verlede was dit UNISA, en ons en ander universiteite het begin om afkampusprogramme aan te bied, maar meestal vir onderwysers oor daar 'n behoefte was vir opgradering. Maar dit is nie 'n beginselverskil nie, dit is 'n praktiese verskil.

OAL-programme is reeds 'n geruime tyd teenwoordig op die NWU:

Die NWU het as deel van sy strategiese prioriteite besluit om ook afstandsl eerprogramme aan te bied.... Ek praat onder korreksie... maar ek dink nie regtig die NWU het ooit besluit om afstandsl eerprogramme aan te bied nie. Ek dink die NWU het 'n klomp afstandsl eerprogramme geërf.

'n Oop afstandslernmodel moet egter 'n unieke ontwikkeling by die NWU wees om aan die NWU se unieke behoeftes te voldoen:

Dit is... “structure follows strategy”. Jy’t jou strategie, ek wil dit doen, en dit is hoe ek dit gaan doen... Nou dit het nooit plaasgevind nie. Ek weet nie hoekom nie...

And because we combine, if you like we combine distance learning with residential based learning, there's a need to work out a, if you like a North-West University Vision for distance education that's not simply the open university adapted for NWU and its not simply UNISA improved upon for NWU it's something else.

Nuwe en toekomstige ontwikkelings in OAL aan die NWU noodsaak 'n nuwe bestuursmodel vir OAL aan die NWU:

...dit staan in die institusionele plan, maar vir my hoe organisasies behoort te werk is jy... besin oor 'n strategie en dan skryf jy dit op een of ander manier in die plan.

Een van die Bestuurders is egter van mening dat dit 'n standaard tradisionele model moet wees:

Moet 'n nuwe bestuursmodel ontwikkel word? Nee. Jy moet asseblief nie... hier... het 'n vreeslike mitologie ontwikkel rondom bestuursmodelle.... Dit is 'n standaard tradisionele model...

**Ter opsomming:** 'n Eenheid vir Oop Afstandslern aan die NWU word genoodsaak deur: (i) 'n Versoek van die Minister van Onderwys aan historiese residensiële universiteite om toenemend meer afstandslernprogramme aan te bied weens 'n nasionale behoefte; en (ii) 'n strategiese prioriteit van die NWU om afstandsonderrigprogramme wyer aan te bied as wat tans die geval is. Weens 'n behoefte by onderwysers om hulle kwalifikasies op te gradeer het die NWU reeds 'n geruime tyd gelede afkampusprogramme binne die Fakulteit Opvoedingswetenskappe begin aanbied. Binne hierdie fakulteit bestaan daar dan ook 'n eenheid met 'n eie bestuurstruktuur, naamlik die SVO, wat verantwoordelik is vir die afkampusprogramme in die fakulteit. Waar die NWU beplan om afstandsonderrigprogramme ook in ander fakulteite te ontwikkel en aan te bied, is dit belangrik om ten eerste te besin oor die struktuur van 'n

eenheid vir OAL op universiteitsvlak en ten tweede oor hoe so 'n eenheid bestuur behoort te word. Op grond van die aanname dat die NWU beplan om 'n Eenheid vir OAL te vestig is dit belangrik om 'n bestuursmodel vir so 'n eenheid voor te stel.

Data-kategorie (A) Doel van Ondersoek, kan onderverdeel word in die volgende data-temas: (a1) Visie; (a2) Geleentheid vir groei in hoër onderwys; en (a3) Entrepreneuriese geleenthede.

### **Tema (a1) Visie**

Die algemene toekomsvisie van Bestuurslede is dat afstandsonderrig en OAL toenemend kontakklasse by universiteite wêreldwyd gaan vervang, en dat die NWU hiermee moet tred hou, o.a. deur middel van interkampus samewerking:

Open distance learning is going to grow. That is the institution's new area of growth, and that's our longer term goal, but that is also not equally shared across campuses at the moment so you get strange reactions from people.

Dat alle akademiese personeel afstandsonderrig begin sien as deel van hulle akademiese pligte:

So my sense is that every academic should have open distance learning as part of his or her task agreement, and some will have it much more. Like yourselves it will be a 100% percent of your work and others might have it as 90% of their work but either way that cuts across the divide around how we see our students as being on- or off-campus students, and that is what I think is the critical thing, it's about serving our students, our students need to be served so much better than what we serve them at the present time.

'n Taakspan is op die been gebring om ondersoek in te stel oor hoe afstandsl eerprogramme oor fakulteite, kampusse en vakgebiede geïmplementeer en bevorder kan word:

...daar is nou 'n taakspan... wat kyk na waar pas afkampusonderig binne die strategiese onderrig-leerraamwerk van die NWU in, want dit is nie daar nie, dit is soort van nog altyd net op die kant. So ek dink dit is

belangrik. Ons doen twee goed parallel. Hier kom 'n taakspan wat die teoretiese goed eintlik doen, intussentyd moet ons werk met die eenheid om dit uit die Fakulteit Opvoedkunde te kry... en daarvoor het die [Rektor] nou by die bestuur 'n mandaat gekry. [Mafikengkampus]...het ook 'n mandaat gekry om sekere veranderings te maak aan hulle afstandsonderrig...wat hulle wil hou, maar wat hulle anders wil Bestuur; en die goed loop parallel. Maar hierdie proses wat praat oor die strategie sal eers by die Maart Senaatvergadering gerapporteer word; en dit is hoekom ek sê, ek dink eers die Senaatsvergadering daarna, in Julie maand, sal jy dan die finale verslag kry.

Die volgende vereistes is volgens die een bestuurder nodig om die eenheid 'n sukses te maak:

Sterk en besliste bestuur, eerstens. Tweedens, visie; derdens, om persoonlike “issues” weg te laat en die saak bedien. En die vierde ene: hierdie politieke “issues”. Dit is die vier wat sal bepaal of hierdie model sal slaag.

Dan is daar ook die mening dat in die toekoms konsortiumooreenkomste met ander universiteite iets is waarna die NWU sal moet begin kyk:

Ons gaan 'n tipe van 'n konsortium met ander universiteite en inrigtings sluit en dan bied ons hulle programme aan... en die ander universiteit... [is verantwoordelik, tesame met die nuwe Eenheid, vir]... die kwaliteit van die program. Ons het nie juis spesifiek... [NWU]... dosente nodig nie ons kan van hulle dosente gebruik maak.

**Ter opsomming:** Die NWU moet tred hou met 'n wêreldwye tendens dat afstandsonderrig en OAL toenemend kontakklasse by universiteite vervang, en moet begin kyk na konsortiumooreenkomste met ander universiteite. Dit vereis toenemende interkampusamewerking, en 'n bewusmaking van akademiese personeel dat afstandsonderrig toenemend deel van hulle akademiese pligte gaan word. Derhalwe is 'n taakspan op die been gebring om ondersoek in te stel na hoe afstandsl eerprogramme oor fakulteite, kampusse en vakgebiede geïmplementeer en bevorder kan word. Die sukses van 'n OAL-model hang af van: (i) Sterk en besliste bestuur, (ii) 'n OAL-visie; (iii) die oorbrugging van persoonlike probleme; en (iv) die oorbrugging van politieke probleme.

### **Tema (a2) Geleentheid vir groei in hoër onderwys**

Bestuurders het aangedui dat geleentheid vir groei in die hoër onderwys hand-aan-hand gaan met beter bestuur en die deel van hulpbronne:

Every university in the country has an opportunity or a challenge to think beyond the confines of the campus based contact type model and in fact that is what is already occurring in a place like PTA, or in a place like the FS where they have appointed a head of a unit for open distance learning there

It then means using the resources you have better rather than developing new resources.

Managing your resources better rather than investing in a whole new resource set

Die literatuur sê vir jou baie sterk dat die konsortium van Hoër Onderwys is die ding van die toekoms. Dit gaan te duur word vir een rigting om alles te doen... Dis nie vreemd vir dit wat ons tans doen met afstandsonderrig nie want ons het reeds twee, drie.... administratiewe samewerkers wat vir ons help in hierdie proses van aanbieding, so dit sal meer en meer kom.

**Ter opsomming:** Effektiewe bestuur en deel van hulpbronne is noodsaaklik vir progressiewe groei in die hoër onderwys.

### Tema (a3) Entrepreneuriese geleenthede

OAL bied vir universiteite die oplossing van nuwe entrepreneuriese geleenthede en finansiële inkomste:

Dit is so dat baie tradisionele kontak universiteite... [in]... 'n gemaksonde tot nou... [toe]... beweeg [het], maar dat die finansiële uitgawes en druk al groter word en hulle sal ander bronne moet kry... om geld te maak en afstandsonderrig is definitief so 'n metode.

Entrepreneurial in the sense that if we constructed this unit in such a way that the tendering processes were centralized for example that the directors in a unit like that would have the mandate to seek opportunities to develop markets for distance learning in and beyond North-West, and beyond South Africa and so on, then you enable people to grow a structure, to serve a larger market.

Jy weet ons moet dit so maak dat hulle wel en hulle moet daarvoor kan geld verdien. So van die subsidie, die service level agreement beteken jy kry geld voordele, as jy dit nie doen nie kry nie geld vir dit nie. En jou begrotings van fakulteite gaan al hoe meer onder druk wees, want ons gaan al hoe minder geld van die staat kry. En hierdie is 'n manier om geld te kry vir fakulteite, ek dink by daai insentief wat dalk nie in die verlede daar was nie, as ons dit reg doen gaan dit daar wees.

Dit is so dat baie tradisionele kontak universiteite teen 'n gemaksonde tot nou beweeg, maar dat die finansiële uitgawes en druk al groter word en hulle sal ander bronne moet kry om afstandsonderrig, om geld te maak en afstandsonderrig is definitief so 'n metode.

Ek dink dit is so omdat universiteite kan nie meer studente in neem nie. Hulle het nie meer die fisiese fasiliteite nie en die behoefte vir toegang tot Hoër Onderwys in Suid Afrika is so groot dat kontak universiteite sal ook afstand moet begin betrokke raak.

Ons gaan 'n tipe van 'n konsortium met ander universiteite en inrigtings sluit en dan bied ons hulle programme aan, maar sê maar die ander universiteit, hulle waarborg die kwaliteit van die program. Ons het nie juis spesifiek hierdie dosente nodig nie ons kan van hulle dosente gebruik maak.

Intern, bied OAL ook aan fakulteite die entrepreneuriese geleentheid tot groei en finansiële onafhanklikheid:

...ons moet dit so maak dat... [ander Fakulteite]... wel...kan geld verdien. So... [uit] die subsidie en... jy kry geld[elike] voordele... [en] as jy dit nie doen nie kry nie geld vir dit nie. En jou begrotings van fakulteite gaan al hoe meer onder druk.... [kom]... want ons gaan al hoe minder geld van die staat kry. En hierdie is 'n manier om geld te kry vir fakulteite...

My standpunt daarvoor is net die fakulteit.... is tot kapasiteit vol wat kontakstudente betref, en hy het nog nooit gesukkel om studente te kry nie....

...ons het almal teikens, ons kom ooreen, ons enrolment plan met die departement het ons teikens in spesifieke fakulteite, in plaas van dat ons sê ons het soveel B.Com-studente, sê ons net ons het soveel opkampus B.Com- studente en ons het soveel afkampus B.Com- studente.... so ek dink dit is 'n taamlike sterk siening, maar hoe ons dit presies gaan doen, dit is nog nie seker nie. Dit is op hierdie oomblik 'n raamwerk, maar daar moet stappe nou kom, om dit in plek te sit.

**Ter opsomming:** OAL bied aan die NWU nuwe entrepreneuriese geleentheid met potensiele finansiële inkomste, en bied aan fakulteite die moontlikheid van groei en finansiële onafhanklikheid.

### **Kategorie (B) Struktuur van 'n nuwe eenheid**

Die bestuurslede het ook hulle mening gelug oor 'n moontlike *struktuur van 'n nuwe eenheid*:

Die geskikte bestuursmodel is... [waar] die... Noordwes-Universiteit... uit 'n Hoofkantoor en vier Bedryfseenhede [bestaan], waarvan drie “in-time in-space” akademie aanbied, en 'n vierde een “not-in-time not-in-space” akademie aanbied.

Moet die oop afstand slegs uit 'n administratiewe komponent bestaan of moet so eenheid ook 'n volledige akademiese [komponent bevat]?... Wel... wat bedoel jy met 'n administratiewe eenheid? Ek verstaan nie wat dit is nie? As jy nou regtig met 'n hengse lawaai 'n groot poskantoor wil

stig... “be my guest”, maar ek dink dit is “dom”... want as hy net 'n administratiewe eenheid is wat moet hy doen? Dan is dit of 'n eenheid wat jy nou dupliseer om watter rede ook al, wel, miskien oor die rede van not-in-time en dit is 'n groot poskantooreenheid wat jy miskien maak vir die not-in-space. Maar... jou akademiese ritme by die ander drie, die “in-time in-space” is nou heeltemal uit “synch” uit met wat hierdie ouens moet doen. Nou hoe gaan jy dit in synch kry?

Dit is presies wat by die ou TLS verkeerd gegaan het... n respondent het daar met alle goeie bedoelings... die akademie vir die akademici gelos..., en [as]... 'n goeie bestuurder, toe hy agterkom die studente begin ly, het hy begin druk uitoefen op daardie akademici... en wat het hulle gedoen? Hulle het net eenvoudig vir hom gesê jy is nie ons baas nie...

Die een uitdaging is die HEQF... wat nou aan die gang is. Martin Oosthuizen hulle is nou besig om te probeer om vakgroepe te definieer. Hulle strek nou al by tweede orde “sessions” om te probeer kyk wie is die ouens wat om die tafel moet sit as jy iets gemeenskapliks akademies wil kry in die kampusse, want jy kan nie fakulteite gebruik as model nie.

Jy kan nie 'n produksie-eenheid stig waar jy die hoof van daardie produksie-eenheid wil aanspreeklik hou vir prestasie van daardie totale eenheid, as jy dan magte buite hom sit wat hom gaan “blackball” nie... Dit beteken daar moet akademici binne in die eenheid wees. Daardie eenheid moet ongetwyfeld die volle spektrum dek. Hy moet dus... modules kan aanbied... programme kan aanbied [onderrig-leer]. Hy moet navorsing kan doen.. hy moet in staat wees om gemeenskapsdiens [te verrig]... [asook die] “Implementation of expertise” volgens 'n respondent. Dit gaan anders wees... as... die “in-time in-space” produksie eenhede. Byvoorbeeld, ek sou sê die navorsing wat in hom moet plaasvind moet veel meer gerig wees op die metodologieë van “not-in-time not-in-space” [m.a.w. OAL], eerder as om weet [byvoorbeeld]... hoe bied jy wiskunde aan vir standerd sewes? Dit is, hulle moet veel meer navorsing doen op relevansie. Jy moet minstens 'n kritieke aantal akademici daar hê wat aan die een kant sekerlik die kwaliteitsversekering werk kan doen... Ek sou bereid wees om so iets in te skryf soos die aanspreeklike hoof... het die verpligting om met sy mense en sy navorsing te kan besluit waar 'n wesenlike behoefte is vir nuwe programme. Hy kan die kurrikulering bestudeer en doen vir daardie nuwe programme en deur presies dieselfde paaie sit as wat die ander is. Hy moet dus 'n IKAS-tipe pad hê net soos, net soos geen ander van die... “in-time in-space”

kampusse hulle eie goed kan doen nie... maar as hy... wil gebruik maak van mense om die kurrikula te vul, as ek dit nou so kan stel, en hy kry nie geskikte modules op die kampusse om dit te vul nie, want ek bedoel die program is maar net 'n versameling van modules, dan kan ons sê hy moet aan die kampusse 'n “right of first refusal” gee, maar net dit. As daar nie een van die kampusse is wat lus is om dit te doen nie, dan kan hy dit enige plek of gaan haal die gratis programme... of iemand anders kontrakteur om dit vir hom te doen....

Ja daar moet akademië wees en daardie ouens moe die vermoë hê om te kan oordeel eerder as om te kan skryf, want hulle, hulle sal ook moet kan weet. Hulle moet dus kan kurrikuleer in die eerste plek. Watse modules het ek nodig? Hoe moet die goed lyk? Daarna sekerlik en daarvoor het ons ook al gepraat het jy verpakkers nodig want dit is 'n ander kundigheid. Met verpakkers bedoel ek nou het jy die module. Wat is nou die geskikste manier om hom transponeerbaar te maak in 'n “not-in-time not-in-space” wêreld.

As jy [die nuwe OAL-eenheid]... vir die NWU wil maak, dan moet dit 'n kampus wees. As jy dit vir die Potch-kampus wil maak, dan moet dit 'n Fakulteit wees, of die ekwivalent. Maak nie saak wat die naam is nie. As jy dit vir die Fakulteit Opvoedkunde wil maak, dan... moet dit 'n skool wees.

So we would like to move away from that kind of closed structural model we would like it to be an open model where in fact the opportunities in other words, particular projects or particular programs around tenders for healthcare or tenders for education, professional development and 'upliftment', can be tended in the same way through the same structural arrangement, so not a faculty based ODL-unit in nursing and healthcare and another one in education and another one in science, rather a kind of an open structure that enables faculties to participate but also enables the university to draw on staff in faculties to support those programs rather than simply to keep on appointing new people to programs.

It's not adequate for the 20, talk about, is it adequate for 20 000 students? And the answer is, it is not adequate for 20 000 students. But also we are not thinking of an open distance learning unit or blended, mixed mode unit that's simply administrative, that also cannot be because you're going to need academics or specialists in academic area within distance educational within blended learning.

I'm not sure that location of an academic is critical, whether it is in a unit or outside of a unit, but location in terms of a subject grouping is critical to any academic's development, because... colleagues who have come through as academics in the system, start in relation to other colleagues who are working in our field... we become experts through other people in our field.

Die administrasie as dit kom by "oop afstandslereenheid" moet 'n spesialis eenheid wees, dit kan nie net geïntegreer word in ander Fakulteite of in vakgebiede [nie]... So daar moet akademiese hoofde wees van... afdelings [wat]... afstandslereprogramme [fasiliteer]... daardie personeel moet akademies wees, want jy moet 'n akademiese kenner wees binne akademiese administrasie. Dan is daar die support staff. The administration, the student academic administration which is not academic.

Open distance learning need its own management board. Maar dit is nie die selfde as 'n fakulteitsraad nie

An ODL-board, its management function, would be in relation to the entrepreneurial, the opportunities, in the academy and in the market place, that would be its function.

We shouldn't invest too much in structural arrangement because they change so often. But off the top of my head, it would need a what we call 'Uitvoerende Hoof' an executive manager at institutional level, it would need somebody who could liaise with Deans at their level... You can't have that person reporting to Deans, but you would need somebody who could liaise equally with [Deans]... It would need..." 'n Uitvoerende Hoof wat kan seker maak dat waneer dit kom by" materials delivery, for example, or quality materials development, that the personnel located in the Faculty... whether its education or law or theology, know that by that deadline... that thing has to be developed or that paper has to be moderated or assessed, that's part of their normal work. "En as dit nie so gebeur nie, dan vat die Uitvoerende Hoof daardie saak na die Dekaan toe, en die Dekaan maak seker dat dit werk."

....struktuur sal heel anders wees dan. Omdat hy so massief groot is so baie studente bedien en al die komponente van 'n universiteit het, dan is my gevoel dat ons eers net kyk na die afdelings wat hy het, voor ons kyk na die bestuurstruktuur... (i) hy moet onderrig-leer... Hy moet (ii)

navorsing hê, want ek dink dis belangrik dat ons navorsing doen oor oopafstandleer... Dan het jy dinge nodig soos... (iii) projekte, kortkursusse, want dit wat ons tans het is belangrik...; en definitief die belangrikste een is (iv) die Ondersteuningsafdeling... Jy gaan... (v) 'n e-leer afdeling of 'n IT... stelsels... moet kry; en dan moet jy ook onthou... jy sit met (vi) 'n massiewe finansiële komponent en bestuursinligting. So dit is die ses hoof komponente wat definitief in so 'n struktuur moet wees. Nou hoe gaan hy inskakel? My gevoel... as hulle moet skuif na die opkampus toe... dan gaan jy goed hê soos 'n programkomitee wat heel onder lê wat met ander fakulteite wat dieselfde program aanbied moet gaan skakel, se byvoorbeeld 'n BEd. om seker te maak dat module A by beide presies dieselfde inhoud [het]. Dan gaan jy ook programkomitees moet hê met ander kampusse... Waar daar tans drie kampusse of eenhede is wat B. Ed. aanbied gaan dit mos maar net vier word... dan op die volgende vlak... moet die hele eenheid drie hoof komponente [hê]: (a) inisiële opleiding, (b) voorgesette opleiding en (c) nagraadse opleiding... As jy sê jy gaan voortgesette opleiding [aanbied], byvoorbeeld GOS... [of] die Gevorderde Diploma in Verpleegkunde... dan maak jy plek vir alles... Dan het jy die akademiese komponent. Dan sal jy moet vanaf daardie komitees... hoër op sal jy moet hê [iets]... soos 'n Oopafstandseenheidleerraad, of wat jy ook al noem, wat dieselfde verantwoordelikhede het as 'n Fakulteitsraad, [waarop] ...al die programme van al die Fakulteite sit... om seker te maak daar is kwaliteit en skakeling met die Fakulteite. En jy [sal] uit die aard van die saak ook 'n dagbestuur moet hê, en op so dagbestuur sal die hoofde van daardie ses afdelings wat ek netnou genoem het... moet sit... [vir] die dag-tot-dag bestuur van so eenheid... [Die]... oopafstandseenheidleerraad sal sy besluite moet vat na 'n Senaat toe. Kampussenaat... net soos enige ander Fakulteit.

...'n ander alternatief waarna 'n mens nou al sterker sal moet begin kyk, wat ek op die tafel gaan sit. Onthou net ek wil die baie duidelik stel die model wat ek aanbeveel is die huidige SVO model. Dit is absoluut my keuse. Die tweede keuse... want 'n administratiewe eenheid is glad nie eers in my denkpatroon nie, weens die statistiek, weens die verlede, weens die literatuur. 'n Ander metode wat 'n mens kan oorweeg is... ons bly... 'n Skool met 'n administratiewe eenheid omdat ons afkampus moet bedien, maar ons maak ons studente getalle met vyftienduisend minder, dan val ons binne die bedryf van 'n Skool, getalle gewys. Ons sal nog steeds genoeg geld maak om die Skool finansiël haalbaar te maak, maar die gevaar is natuurlik die top universiteitsbestuur sal dit nooit toelaat nie,

want dan is die universiteit bankrot... Kom ons sê nou argumentsonthalwe volgende jaar is daar 'n nuwe administratiewe eenheid. Hoe lank dink jy gaan dit vat vir die opkampus... die ander fakulteite... om programme te ontwikkel? Hulle het nie ekstra personeel... nie... Dan moet jou program... eers deur HEQC gaan om vir afstand geakkrediteer te word... wat minstens twee jaar vat, so oor drie jaar het jy eers 'n program. Tussentyd val die onderwysgetalle... daar is nie eers meer twyfel nie. So jy sit met hierdie “gap”... So hulle gaan buitendien finansiële ongelooflik verloor in hierdie tydperk tussen die twee.

Die tweede moontlikheid is dus, en dis lyk my die rigting waarin ons gaan, is dat ons aanvanklik op die Potch-kampus, en dit gaan nie vir almal aanvaarbaar wees nie, beweeg in die rigting van 'n logistieke eenheid met 'n beperkte aantal akademië vir verpakking van materiaal... ouens wat regtig weet hoe om gewone, noem dit nou maar opkampusmateriaal te verpak, vir die afstandsmodus, en dat hulle met al die Fakulteite [saam]werk, dat jy nie duplisering kry nie, en [vir] kwaliteitsversekering...

**Ter opsomming:** 'n Geskikte bestuursmodel is waar die Noordwes-Universiteit uit 'n institusionele hoofkantoor en vier bedryfseenhede bestaan, waarvan drie akademiese programme “in-time in-space” aanbied, naamlik die bestaande drie NWU kampusse, en 'n vierde, naamlik 'n OAL-eenheid, akademiese programme “not-in-time not-in-space” aanbied. Indien die OAL-eenheid die hele NWU bedien, moet die eenheid gelykstaande aan 'n kampus wees, dus dieselfde status as die van 'n kampus hê. Die nuwe OAL-eenheid moet 'n oopstruktuurmodel wees wat aan alle fakulteite die geleentheid bied om deel te neem aan tenders, en aan die Universiteit 'n platform bied waarop personeel van verskillende fakulteite benut kan word om die aanbieding van verskillende programme en kort-kursusse te ondersteun, sonder dat daar voortdurend nuwe personeel hoef aangestel te word.

Die OAL-eenheid moet die volgende kan bied: onderrig-leer, navorsing, gemeenskapsdiens, en die implementering van uitnemendheid. Hoofkomponente wat ingesluit behoort te word in 'n OAL-eenheid se bestuurstruktuur sluit in: (i) onderrig-leer, (ii) gefokuste OAL-navorsing, (iii) projekte en kortkursusse, (iv) 'n administratiewe ondersteuningsafdeling, (v) 'n e-leer of IT-stelsel afdeling, en (vi) 'n finansiële komponent en bestuursinligting. Elk van hierdie hoofkomponente behoort deur 'n bestuurder gelei te word wat op 'n dagbestuur sit vir die dag-tot-dag bestuur van so 'n eenheid.

Die OAL-eenheid kan gelei word deur 'n uitvoerende hoof op institusionele vlak, wat met dekane van verskillende fakulteite op hulle vlak kan skakel. Die OAL-eenheid behoort beide akademiese en administratiewe komponente te bevat. Daar kan akademiese hoofde oor spesialisering aangestel word om te kurríkuleer, om kwaliteit te verseker, en om te verseker dat die korrekte materiaal sonder duplisering vir OAL verpak word. Programkomitees behoort gestig word, om met ander fakulteite wat dieselfde program aanbied, te kan skakel. Daar behoort ook programkomitees met ander kampusse gestig te word. Die programkomitees kan bestuur word deur 'n oop afstandslerraad, wat dieselfde verantwoordelikhede as 'n fakulteitsraad het, waarop al die programkomitees van al die fakulteite en kampusse sit, om kwaliteit en effektiewe skakeling te verseker. Die oop afstandslerraad neem besluite na 'n senaat toe. Die administrasie van 'n oop afstandslereenheid kan 'n spesialisering wees wat nie bloot in ander Fakulteite geïntegreer kan word nie.

Die volgende sewe sub-temas (c1 tot c7) is onder die hooftema (C) *Struktuur van 'n nuwe eenheid* geïdentifiseer:

### **Tema (b1) Ander modelle**

Een bestuurder het verwys na 'n vorige TLS-model:

Die ander ding wat vir my tragies is, is dat hier is vir my twee modelle ter sprake in hierdie hele gesprek. Die eerste model is dat die Noordwes Universiteit het sedert 1994/1995 tot 2000 'n model gehad van afstandsonderrig - telematiese leersisteme wat gesê het dit is 'n administratiewe ding, en die akademie lê by die fakulteite en hy moes toemaak weens verskeie redes, soos byvoorbeeld die arme administratiewe eenheid het geen mag oor akademiese personeel. Onthou die akademiese personeel het 'n houding op hulle, "so what?" Dit is die een ding en die ander ding... dit het die diens wat gelewer is deur daardie eenheid was later in die spervuur. Die studente begin die lektor bel en sê ek het nie my studiemateriaal gekry nie.... die vraestelle is verkeerd, en sulke goed. So toe het die naam van die universiteit so sleg geword dat dit 'n groot chaos veroorsaak het want die dosent het nie daai verantwoordelikheid nie

Nou ek weet in die geval van TLS en julle sal dit dalk onthou, het dit nie gewerk nie. Maar daar was nie “service level” in die diensvlakooreenkoms nie, en ook nie insentiewe nie. En in die derde plek is TLS so as 'n projek bestuur, en eintlik geen konsentrasie daaroor nie. So verstaan ek, 'jy weet Karools sê so' soort van model, en 'n sekere respondent het goed gedoen, maar hy het nie, jy weet, hy't eintlik ook maar sy eie klein koninkrykie ook maar begin, dit lyk my.

Ek dink op die ou-end is die omgewing daarbuite verander, en die hele issue van blended learning, gemengde leer is die sterkste uitdaging wat ons het, is die sterkste argument wat ons het. Die hele buitewêreld daar buite en ek praat nie van Suid-Afrikaanse universiteite nie, hulle is oor die algemeen baie konserwatief, ek praat van buitelandse universiteite wat residensieel was in die verlede, het al hoe meer 'n groter afkampus komponent.

Terwyl die ander model wat ons daarna... nadat die destydse Rektor TLS toegemaak het, ons het die ander kant van die model gaan bou, gesê kom ons maak die afstandsonderrig by die Fakulteit Opvoedingswetenskap 'n totaal onafhanklike ding, 'n Tipe van 'n mini-universiteit van registrasie tot klaar maak. Eie personeel, alles. Julle ken dit net so goed soos ek en dit het gewerk. Ek bedoel as jy nou gaan kyk vandag watter skool, watter fakulteit kan spog met internasionale erkenning?... Finansiëel, ek bedoel ons weet dit as hierdie model more toemaak is hierdie universiteit... [in die moeilikheid]... maar ten spyte daarvan, hulle glo om die ding net te skuif gaan dieselfde gebeur. Dit gaan nie gebeur nie. Jy werk met mense.

Toe het ons 'n ander een ontwikkel wat gewerk het. Nou wil hulle die een wat gewerk het toemaak en teruggaan na die een wat nie gewerk het nie.

**Ter opsomming:** In die verlede het ander modelle van afkampusonderrig aan die NWU sekere probleme opgelewer wat in ag geneem moet word met die ontwikkeling van 'n nuwe OAL-eenheid, o.a. dat die akademiese komponent by 'n fakulteit gesetel was, wat min of geen mag aan die administratiewe komponent gegee het nie. Dit het gelei tot konflik tussen hierdie twee komponente. In die verlede was OAL ook hoofsaaklik binne Opvoedkunde bedryf. 'n Nuwe OAL moet akademiese programme oor fakulteite en kampusse heen aanbied en bedryf, om finansiële risiko's vir die NWU te verminder.

## **Tema (b2) OAL Navorsing**

Bestuurders het verder benadruk dat daar konstante navorsing sal moet plaasvind binne 'n nuwe OAL-eenheid:

So ek dink dit is jou derde punt, slegs 'n administratiewe komponent, volledige akademiese.. ek sê iets tussen in, soos wat ek dink die Open University in Engeland het in sy administratiewe eenheid het hy 'n aantal akademiese wat experts, deskundiges is in verpakking. Hulle het egter ook 'n klomp akademiese aangestel wat eenmaal in drie jaar 'n module ontwerp en dan verder navorsing doen, en dit lyk vir my ons gaan nie, vanweë kostes, sal ons nie daardie pad gaan nie, so lyk dit nou.

Hy moet navorsing hê, want ek dink dis belangrik dat ons navorsing doen oor oopafstandleer...

Ek sou sê die navorsing wat in hom moet plaasvind moet veel meer gerig wees op die metodologieë van “not-in-time not-in-space”, eerder as op, jy weet, 'n vreeslike diep navorsing program van hoe bied jy wiskunde aan vir standerd sewes? Dit is, hulle moet veel meer navorsing doen op relevansie.

***Ter opsomming:*** 'n OAL-eenheid aan die NWU noodsaak gefokuste navorsing oor OAL.

## **Tema (b3) Sterktes van SVO**

Bestuurders het besondere klem gelê op die sterktes van die huidige skool (SVO) wat OAL-programme aanbied:

So the question for me around is we ready for it, I think that we are more ready than anywhere else for it. So the opportunity is more available to us to take than it is for other institutions who don't have the history of trying it out failing trying it out another way and succeeding trying new things.

There's an enormous creativity here, an enormous kind of curiosity among academics particularly with the SVO, around how it could work best. That's what we have got to harness, is the creativity around how to make it work best.

Ons het “expertise”, ons het deskundigheid wat in julle skool sit, hoekom moet 'n mens dit verander? Wat is die unieke uitdaging, ek dink ek het genoeg daarvoor gepraat, ek dink dit is die akademiese atmosfeer, dit is die kollegialisme, al daardie dinge, 'n mens sal moet... weet... [dat jy]... twee stappe vorentoe, een stappie terug, twee stappe vorentoe, een stappie terug moet gaan.

Teologie het op die oomblik afstandsonderrig en hulle eie persoon. Hulle moet sê nee, maar ons wil nie ons eie persoon hê nie, ons gee ons eie persoon vir hierdie eenheid... en wat julle doen met Whiteboard en met al die ander tegnologie wil ons hierdie ouens gebruik, en hulle gaan ons help om ons teikens te bereik; dit is die enigste manier hoe jy dit gaan regkry.

As hy nou uitbrei, hy is nou by onderwysprogramme, dan is my siening dat mettertyd soos ander fakulteite by kom sal hulle, hulle akademiese komponent moet bybring. Administratief het ons klaar die ding. Hulle hoef nie mense te bring om hulle studente met studiemateriaal te voorsien nie. Ons het klaar daardie infrastruktuur so al wat, soos ek hom sien, hoe hy moet ontwikkel... Met ander woorde as ekonomiese wetenskappe kom en se ek wil 'n BBA program aanbied, dan sê jy, is reg, hoeveel dosente is daar om dit te bedryf... [en]... te ontwikkel...

Die voordeel is daarin finansiële eerstens omdat akademiese personeel hoef nie gedupliseer te word nie. Jy het nie 'n op en afkampus dosent vir dieselfde module nodig nie. Daai ou ontwikkel beide. Ek dink dis die voordeel. Die nadeel het ek nou net vir julle gesê... [naamlik dat opkampusdosente nie noodwendig verantwoordelikheid aanvaar nie].

***Ter opsomming:*** Die sterktes van die huidige SVO model moet in ag geneem word by die ontwikkeling van 'n nuwe OAL-bestuursmodel aan die NWU.

#### **Tema (b4) Dubbelmodusinstelling**

Bestuurders het uitgewys dat die NWU, soos verskeie internasionale instellings, 'n dubbelmodusinstelling is:

Particular challenge for open distance learning in relation to on and off campus programs is that this is not a single mode institution, so, unlike UNISA which is distance education

The North West is an on campus residential institution as well as an off campus non-residential institution. And the nature of the academic programs are consequently different. And because we combine, if you like we combine distance learning with residential based learning

Dit is wat gebeur het veral met die twee universiteite in Australië... naamlik.. Queensland en... [Deakin]... Hulle het begin as 'n gewone kontak-universiteit... toe afstandsonderrigprogramme by gebring, en opvallend vandag is hulle kontak minimaal en totaal ontwikkel na afstandsonderrig.

**Ter opsomming:** Die NWU, soos verskeie internasionale instellings, is 'n dubbelmodusinstelling.

### **Tema (b5) Onafhanklike OAL-eenheid**

'n Bestuurder het dit benadruk dat die nuwe OAL-eenheid oor 'n mate van onafhanklikheid sal moet beskik:

I have explained it in our faculty is that we mean that this unit or structure should have the means to do its work effectively without the constraints associated with faculty based financial administration and budgetary processes. That is what we mean by autonomy.

You would need a unit that had its own management body that in a way could facilitate its own growth, and the way it currently works is not that way.

But they are not the same entities but we treat them in our budgetary processes like they are and that's the thing that's got to change. And that is why it need to be autonomous, autonomous in that sense that it should manage its expansion to serve the students as best as it can.

**Ter opsomming:** Die nuwe OAL-eenheid moet oor 'n mate van onafhanklikheid beskik.

### **Tema (b6) Rol van IKT**

Bestuurders het besondere klem geplaas op die noodsaaklike rol van inligtingskommunikasie-tegnologie (IKT) in afstandsl eer:

I'm not totally up to date with what's absolutely new in technology, but even I can see from working in schools or visiting school which we did in KZN when I was there as a researcher, we did a lot of that, we can see that technology is not necessarily a working, a middle class luxury, that in fact what technology should enable is your poorest kids in your most remote areas to gain access to resources that ordinarily in their day to day existence they would never be able to access, that's what technology should do for us.

And are we ready for that? Well I think we are ready for that, more than UNISA is ready for it, more than other institutions are ready for it, this university even though it seems like we have done it in a way that's not been totally orderly or totally in sync with other campuses, this university is best placed to do that kind of work. Because we have supported open distance learning for a long time we might not have supported it to our best capacity in terms of resource management and so on, but there has been substantive support for it, and where it hasn't worked like the telematic model didn't work, we have tried something else to make it work and now it does work.

Once you have the procedural in place the statutory in place; and the procedural and the statutory make the vision possible, once you have those in place then the working relationships with colleagues in Healthcare or Theology and so on, become much easier to facilitate because people know what it is what they are expected to do. At the moment our colleagues are fearful because they're not sure what it is they're expected to do, to serve blended approaches to educate better.

So daar is nie, mens moet met die omstandighede, die enigste ding wat ons nog mee 'n probleem het, met ons tegnologie met broadband is nog nie so goed nie, ons kan nog nie alles doen met die internet wat ons wil nie. Maar dit verander, dit gaan binne die volgende vyf jaar gaan

broadband enige plek in die land wees, jou enigste ander bekommernis is dan gaan jou student 'n rekenaar hê? Maar, die ouens sê vir my, dis nou in die boeke wat ek lees, selfoontegnologie gaan nog so goed word dat jy letterlik sal kan internet, wel die meeste studente vandag, surf die internet nie meer met 'n rekenaar nie maar met hulle selfone. En hulle gaan al kleiner word, iPad is die eerste beweging soontoe en hulle is goedkoper. Die ander interessante ding wat nou, wat 'n feit is, van volgende jaar af, daar is 'n organisasie wat al die universiteite aan behoort met die naam van PURCO, Purchasing Consortium Southern Africa. Hulle het nou 50 000 laptops bestel wat volgende jaar in winkels naby universiteite beskikbaar gaan wees teen R2000 'n laptop minimum en tot by 5 vir 'n top-laptop, dit is iets soos 'n 40% afslag, en die interessante is dat ons het nou 'n besluit geneem en dit moet nog geïmplementeer word dat studente wat nie meer 'n studiegids vat nie, kan R600 'n maand... 'n jaar terugkry op hulle klasgeld; met ander woorde as jy 3 jaar, as jy die laptop nou kan koop in die kontantvloei, dan kan jy oor 3 jaar R1800 en oor vier jaar R2400, jy kan daai laptop heeltemal afbetaal met die besparing op jou klasgeld. Maar goed, dit is nou vir opkampusstudente.

Hoe gereed is die NWU vir die implementering van gesofistikeerde tegnologie en uitgebreide... Ek dink... redelik, maar nog nie.... ek dink die skuif na ander dissiplines as opvoedkunde, is ons nie voor reg nie. Daar is nie sulke mense nie.... Ek is seker daar sal sulke mense wees, maar ons sal moet hard werk en.... die leiersgroep van die eenheid sal moet wyer dink as net opvoedkundiges. So in 'n sekere sin is die hele debat van die fakulteit se kant af... is 'n baie nou debat.... hoe ons vir professor x gaan kry om dit nie as 'n onsaglike.... bedreiging te beskou nie.... as hulle nie bekommerd is oor PhD student nie, wat gaan hulle van B.Ed studente sê?

Daar is 'n sterk voorspelling dat hier teen die jaar 2020...2025 daar nie meer 'n plek gaan wees vir 'n tradisionele universiteit nie. Alles gaan deur middel van afstand geskied... en elektronika.

Dit is interessant dat die literatuur sê vir jou dit is die kleiner fakulteite wat betrokke geraak het want hulle was besig om bankrot te gaan. Die ekonomiese wetenskappe sal nooit bankrot gaan nie. In hierdie land is daar te groot behoefte. Jy weet? Hulle gaan net nie meer hulle hier kan vestig nie. Dit gaan so duur word sekere studente gaan nie meer hiernatoe kan kom nie. Dis die alternatief. En die derde ene van die oop afstandsl eer is nog steeds dat hierdie universiteit sal moet aanvaar dat sy dae van

gemaksonde gaan minder en minder word. Daarmee bedoel ek dat die hoeveelheid afstandsonderrig studente gaan die op-kampus studente ver begin oortref in getalle. Dit gaan impliseer dat baie programme gaan aanleer aangebied word wat impliseer dat personeel en dosente gaan minder word.

**Ter opsomming:** Inligtingskommunikasie-tegnologie (IKT) is noodsaaklik vir die aanbieding van OAL aan die NWU. Daar is steeds leemtes in die NWU se IKT infrastruktuur, o.a. internet breëband, die implementering en uitbreiding van gesofistikeerde tegnologie, en sekere personeellede se vrees vir en teenstand teen tegnologie weens 'n tekort aan professionele ontwikkeling.

### **Tema (b7) Volhoubaarheid**

Bestuurders het aangedui dat afstandsonderrig nie slegs volhoubaar is soos internasionaal bewys word, maar dat dit besig is om opkampussonderrig te vervang, en uitstekende studente ondersteuning bied, soos getuig kan word deur die SVO.

So as die vraag is, ja die sustainability dan is dit... net 'n teenvraag is, maar hoekom.... is dit dan wêreldwyd besig om te floreer, afstandsonderrig. Hoekom het dit nie daar doodgeloop nie? .... Dit is die op-kampus programme wat besig is om kleiner en kleiner te word.

Die Noordwes Universiteit het die afgelope tien jaar 'n model ontwikkel wat uitstekend werk om studente te ondersteun.

Dit is die enigste manier, want ek het nou maar geleer, morality en money, en dit is altwee. Maar as jy moet kies, kan geld alleen dit doen, maar dit is nie so volhoubaar nie, terwyl morality alleen, is nie altyd die regte ding om te gaan doen nie, as daar nie geld is nie.

**Ter opsomming:** Die sukses van die bestaande SVO-model getuig van die volhoubaarheid van OAL aan die NWU.

## **Kategorie (C) Risiko's en uitdagings**

Bestuurders het klem daarop gelê dat daar sekere risiko's en uitdagings is wat in ag geneem moet word:

And when we talk about risks and challenges I suppose that one of the associated risks with that development is that you want the quality of distance education type programmes to be sustainable over a period of time and that necessarily involves working with people who are not traditionally involved with distance education if you like the on campus academics.

I think when we think of challenges in relation to this, I always like to remind myself that in the future of higher education in SA the residential campus growth is minimal in planning for higher education

There are not going to be new universities built in fact existing merged institutions may well be unbundled, so what we'll find is that the future prospects for higher education here are limited and they are limited because of funding constraints, they are limited because of subsidy related constraints that are partly funding but there is a resourcing and a capacity issue that we have to deal with that limits the extent to which higher education as residential contact mode can grow.

I don't see the primary risk being a management risk; The primary risk is in relation to how academics interface with students... the management facilitation of that is the infrastructure we create to serve that project, and that relates to those other examples I was talking about the TUT, the TUKKIES the FS

The management model we currently have started as a school, that was how the project was formulated, through a school of continuing teacher's education. but ideally the model should be as open as open distance learning.

The current structural arrangement for open distance learning isn't tenable. It's not tenable because it's a closed arrangement the school is one school within a faculty and it's not tenable because it doesn't draw on other faculties or other resources or other campuses in terms of its effort; to some extent this is not true because we do have collaboration in

Mafikeng, education with education programs but that's also education thing

You need challenges for management to ensure the success, well I think part of the unique challenge around developing a model along the lines that I have been talking about, risks and challenges, part of the unique challenge for North-West is 'a shifted perception around who our student body is'

Die huidige situasie is soos volg, daar is twee moontlikhede: die een is om 'n vierde kampus daar te stig wat 'n duplisering is van alle akademiese personeel in alle fakulteite vir afkampus. Dit is duidelik dat die 'akademici' en die Senaat dit nie sal goedkeur nie, en ek dink dit is by die deur uit.

Hulle is baie geïntegreerd daarmee, en dit is vir ons 'n finansiële risiko, want ons is, die universiteit is baie afhanklik van die inkomste van die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding, dit is so. En as dit moet wegval in een jaar of binne twee jaar of selfs binne drie jaar, dan is ons in groot, groot moeilikheid so ons moet onmiddellik begin om dit te begin vervang en daarom het ons nodig voorgraadse onderrig met ander fakulteite; en dit sal ook met Opvoedkunde moet wees.

En as ons kyk wat in die toekoms is dan sê ons nee, ons moet minder afhanklik wees van onderwysersopleiding, ons moet meer afhanklik word, of meer instel op voorgraads, en onthou die inkomste vir 'n afstandsstudent in sy eerste of sy tweede of sy derde jaar is baie hoër per kop, per voltydse ekwivalent, as 'n ACE of 'n PDCE, verstaan jy. Ons sê nie dit moet weggevat word nie, maar die skool moet dus 'n kopskuif maak na 'n groter model toe, of 'n breër model toe, laat ek dit so stel.

**Ter opsomming:** Sekere risiko's en uitdagings moet in ag geneem word by die ontwikkeling van 'n bestuursmodel vir 'n OAL-eenheid aan die NWU, o.a. die ontwikkeling van kwaliteit OAL-programme wat volhoubaar oor tyd is, en personeel moet betrek word wat nog nie voorheen met afkampusonderrig te doen gekry het nie. Die implementering van 'n OAL-eenheid by tradisionele NWU opkampusonderwys kan uitdagings m.b.t. finansiële begrotings inhou. Die ontwikkeling en daarstel van 'n effektiewe OAL-bestuursmodel, wat hierdie studie ondersoek, is een van die grootste uitdagings. So 'n model moet die duplisering van

akademiese personeel beperk, oor fakulteite en kampusse funksioneer, en die kwaliteit van alle OAL-programme verseker.

Met behulp van Atlas.ti is die volgende vier sub-temas (c1 tot c4) onder die derde hooftema (D) *Risiko's en Uitdagings* in die geïntegreerde datastel geïdentifiseer:

### (c1) Gebrek aan begrip van personeel

Bestuurslede het uitgewys dat NWU-personeel se huidige persepsies en gebrek aan begrip 'n uitdaging vir die toekomstige integrasie of aanbieding van afstandsl eer aan die NWU is:

Our academic body do not have a shared sense that NWU students that are off campus students are in fact part of the student-body in as much as an on campus student would be

Dit sal een van die groot konflikpunte in hierdie hele proses wees soos ook die literatuur vir jou wys. Wêreldwyd het dit gebeur. Die dosente het in opstand gekom. Dan se hulle dis ekstra werk. Party het aangedring op ekstra vergoeding en die ander het bloot... as 'n verpligte.... [opdrag gesien], maar ek doen eers al my werk op kampus klaar. As ek tyd oor het en wanneer ek klaar is dan doen ek die afstand. Dit het geweldige administratiewe probleme veroorsaak want werksopdragte is nie betyds ingehandig of nagesien, die vraestel nie betyds ingegee nie.

En die derde uitdaging wat ek sien is dat die opkampuspersoneel gaan moeiliker verander, as wat... [afkampus sal]... verander, hulle is nie gewoond daaraan nie. Hulle is in 'n sekere sin nie lus daarvoor nie, want dis 'n ander soort manier om aan te bied, maar soos wat die twee maniere van leer blended raak, ...dat ons hoër insentiewe fakulteite “dwing” tussen aanhalingstekens, om dit uit te brei.

Ek dink dit gaan 'n uitdaging wees om die personeel, die bestuur en die personeel van die Noordwes Universiteit se koppe te swaai om te sien dis 'n positiewe ding.

**Ter opsomming:** Opkampus NWU-personeel se huidige persepsies, gebrek aan begrip van, en teenkanting teen OAL gaan 'n besondere uitdaging vir toekomstige integrasie of aanbieding van OAL aan die NWU wees.

## (c2) Bestuursuitdagings

Bestuurders het verskeie bestuursuitdagings geïdentifiseer met betrekking tot afstandslereer aan die NWU:

at the present moment we do have a system where there are two lines of accountability even within the faculties, to programme leaders and to subject chairs. But we need to rethink that think, because when we think about faculties participating in distance education that do not have any capacity at the moment, because they haven't created it. How would you institute it without creating a parallel structure to it? So parallel structures are not resource effective we do not want six history subject groups, we do not want a multiplication of those structures because they cost and we know they cost because now we are going to have to pay subject chairs, we are going to have to pay programme leadership, and it's not effective. It also is not effective in terms of the campus model, because the campus model is a three campus based model

I don't mean hierarchies and organograms, I mean new working relationships, so that when colleagues are in commerce they know that 50% of my workload is in distance learning and for that 50% I report necessarily to the academic head for distance learning, as pertains to commerce, and that person will be in a unit.

Of course it's different to management or corporate models, because in the corporate environment you don't have that higher order intellectual functioning except at the very top, so your production line people are not expected to fulfil that kind of role

Nie net dit nie, maar hulle wil kwaliteitsversekering doen. Ek bedoel ons sukkel so, dit is hulle argument, en ek dink hulle het 'n punt, ons sukkel so met belyning van opkampus programme tussen die fakulteite. Hoe gaan jy sukkel as daar nou nog 'n vierde groep sit en met die drie ander moet belyning, en dis 'n ander modus. Met ander woorde, die akademici en die Senaat gaan dit nie goedkeur nie.

When we say should academically be situated in a unit, for me that's not, that's a secondary question. The initial question is how better to locate academics within subject areas and subject areas are not administratively based entities.

....dit begin by die Potch kampus; so ons het die hele ding nou uit die.... Mafikeng 'saak' uitgehaal, Mafikeng gaan aan met hulle dinge, ons sal nog op 'n stadium moet kyk wat onderwys betref, hoe gaan ons dit verdeel, wat doen Mafikeng, wat doen die Potch-kampus, of wat doen die Skool vir Voorgesette Opleiding, Onderwysersopleiding en dan sal 'n mens hom stadig moet uitbrei. So ons gaan, die eerste stap is dus en dit is so bietjie operasioneel,

maar die eerste stap is dus om te sê die Skool vir Verder Onderwysersopleiding gaan uit die fakulteit uit en word 'n eenheid apart van die fakulteit. Nou die fakulteit is nog nie daarmee tevrede nie... ek dink as mens dit so doen dan sal jy die ander fakulteite se instemming hê en jy gaan dit op die Senaat waarskynlik deurkry, en ook Mafikeng s'n.

'n Mens moet kyk na die syfers... en 'n besigheidsbesluit neem...jy weet, in ag genome, jy wil nie die ding groter en groter laat word nie. So kort-medium... korttermyn is 'n kampuseenheid; medium en langtermyn is 'n NWU eenheid.

Die argument van sekere besluitnemers is dat hoekom moet ek Wiskunde 1 op kampus en afkampus hê? En twee verskillende bedryfspersone en strukture. Ek wil mos een hê. Dis mos nou baie goedkoop en so, maar ek dink, ek dink dis waar die probleem in kom, want die metode van aanbidding is anders. Ek bedoel die ou wat op kampus klas gee en afkampus klas gee is totaal twee verskillende goed.

Administratief moet ons wye sien as net soos wat ons nou gesê het. Administratief in die toekoms gaan beteken die hele IT-afdeling vir afstandsonderrig deur middel van tegnologie en daai goed so dit gaan alles bykom by administratief weet? Dit gaan nie net wees soos wat ons nou se administrasie en nasien ensovoorts nie. Ek dink waar die universiteit 'n baie groot denkfout maak op hierdie stadium.

Jy gaan 'n dosente korps kry, akademiese korps, en hulle kom haal hulle werksopdragte hier. Hulle gaan merk en bring terug. Hulle stel hulle nuwe studiemateriaal op, sê hier is dit, bring dit vir ons of bring dit vir die eenheid, administratiewe eenheid, en hulle versprei dit en al daardie tipe goed.

Hy gaan 'n program aflewer, maar hy gaan geen program ontwikkel en akademiese kwaliteitskontrole hê nie, dit gaan...

Dit sal nie maklik gaan nie, want as 'n soortgelyke program op kampus is sal hier op kampus mense beswaar maak. Dit gaan vir hulle kompetisie wees.

Teologie. Hulle het hulle eie bedryf. Administratiewe bedryf ook. Wat gaan hulle doen? Gaan hulle toemaak en hiernatoe kom? Wat van die administratiewe bedryf wat Verpleegkunde het om hulle verpleegsters oor die land te bedryf? ...Gaan hulle toemaak?... Wat gaan hulle met daardie admin maak? Ook toemaak, hiernatoe bring? Dit is mos wat hulle sal moet doen om een te hê.

Dit is irrelevant want in my kop praat ek nie van afstandsonderrig vir opvoedkunde nie. Ek praat van afstandsonderrig in die breë. Natuurlik is ons grootste fokus op die oomblik op opvoedkunde maar wat my aan betref geld presies dieselfde argument of jy nou

verpleegsters in KwaZulu-Natal oplei en of jy nou predikante in Gatsrand oplei en of jy nou “whatever” doen. Die oomblik wat jy sê ek “cater” vir studente, “not-in-time, not-in-space” dan beteken dit daardie student het geen rede om ooit op een van jou fisiese kampusse te kom nie. Hy het geen rede om ooit aan die siklus van die fisiese kampusse se aktiwiteite, se produksie-aktiwiteite mee te doen nie.

As die eenheid op 'n kampus gesetel is hoef dit nie 'n fakulteit genoem te word nie, maar moet minstens soos 'n fakulteit bedryf en bestuur word.

So ek dink dit is jou derde punt, slegs 'n administratiewe komponent, volledige akademiese.. ek sê iets tussen in, soos wat die ek dink die Open University in Engeland het in sy administratiewe eenheid het hy 'n aantal akademiese wat experts, deskundiges is in verpakking. Hulle het egter ook 'n klomp akademiese aangestel wat eenmaal in drie jaar 'n module ontwerp en dan verder navorsing doen, en dit lyk vir my ons gaan nie, vanweë kostes, sal ons nie daardie pad gaan nie, so lyk dit nou.

Vat daardie model net so, en ons bou hom geleidelik uit soos wat die behoeftes ontstaan. Moenie vir fakulteite sê jy moet volgende jaar 'n program hê nie. As jy genoeg studente het. Dit kan net die bestuur van die universiteit wees, niemand anders nie.

Dit is interessant dat die literatuur sê vir jou dit is die kleiner fakulteite wat betrokke geraak het want hulle was besig om bankrot te gaan. Die ekonomiese wetenskappe sal nooit bankrot gaan nie. In hierdie land is daar te groot behoefte. Jy weet? Hulle gaan net nie meer hulle hier kan vestig nie. Dit gaan so duur word sekere studente gaan nie meer hiernatoe kan kom nie. Dis die alternatief. En die derde ene van die oop afstandslere is nog steeds dat hierdie universiteit sal moet aanvaar dat sy dae van gemaksone gaan minder en minder word. Daarmee bedoel ek dat die hoeveelheid afstandsonderrig studente gaan die oop-kampus studente ver begin oortref in getalle. Dit gaan impliseer dat baie programme gaan aanlyn aangebied word wat impliseer dat personeel en dosente gaan minder word.

**Ter opsomming:** Moontlike bestuursuitdagings sluit in: Kwaliteitsversekering, die inskakeling van 'n OAL-eenheid by die huidige organisatoriese struktuur van die NWU, sy kampusse en fakulteite, om fakulteite en hulle akademiese personeel te laat inkoop om OAL-programme te begin aanbied, en om 'n effektiewe administratiewe OAL komponent daar te stel wat met verskillende kampusse en fakulteite saamwerk.

### (c3) Akademiese uitdagings

Bestuurders het klem gelê op akademiese uitdagings wat gepaard gaan met die totstandkoming en implementering van afstandslere oor fakulteite en vakgroepe:

When we say should academically be situated in a unit, for me that's not, that's a secondary question. The initial question is how better to locate academics within subject areas and subject areas are not administratively based entities.

At the present moment we do have a system where there are two lines of accountability even within the faculties, to program leaders into subject chairs. But we need to rethink that think, because when we think about faculties participating in distance education that do not have any capacity at the moment, because they haven't created it. How would you institute it without creating a parallel structure to it? So parallel structures are not resource effective we do not want six history subject groups, we do not want a multiplication of those structures because they cost and we know they cost because now we are going to have to pay subject chairs, we are going to have to pay programme leadership, and it's not effective. It also is not effective in terms of the campus model, because the campus model is a three campus based model

Asook uitdagings m.b.t. spesialisering:

Unless you have that basic academic identity of I'm a management specialist, your management specialization develops in relation to other management specialists and unfortunately that identity in academic life, that is your basis of production, of if you like knowledge generation, that's the engine of the thing, the administrative infrastructure is our best way to support it, ideally that is how we should thinking of it, our best way of supporting it, but we can't in my view make the mistake blending the two, and at the present time, this is what has happened, that because colleagues are under such pressure, they are serving multiple qualifications, some of them in SVO sit in multiple subject groups, and surprise, surprise, there's a sense of frustration that there is no development as a person, as an academic in the institution in that kind of environment, so we have got to free people, free people up to become the specialists they ought to become as academics.

## En uitdagings rakende die kurrikulum, nuwe programme en leeruitkomste:

Ek sou bereid wees om so iets in te skryf soos die aanspreeklike hoof het die verpligting om met sy mense en sy navorsing te kan besluit waar 'n wesenlike behoefte is vir nuwe programme. Hy kan die kurrikulering bestudeer en doen vir daardie nuwe programme.... as ek dit nou so kan stel en hy kry nie geskikte modules op die kampusse om dit te vul nie, want ek bedoel die program is maar net 'n versameling van modules dan kan ons se hy moet aan die kampusse 'n “right of first refusal” gee, maar net dit. As daar nie een van die kampusse is wat lus is om dit te doen nie dan kan hy dit enige plek of gaan haal die gratis programme, want daar is al 'n swetterjoel of iemand anders kontrakteur om dit vir hom te doen... En nou kry jy dosente wat sê, ek het nie lus om hierdie module van my nou te herskryf vir daardie ou nie, waarvoor sal ek dit doen? Hy moet maar hierdie een vat. En ek dink dit is verkeerd. Want dan gaan jy begin kompromieë aangaan wat nie nodig is om aan te gaan nie. Ja daar moet akademië wees en daardie ouens moet die vermoë het om te kan oordeel eerder as om te kan skryf, want hulle, hulle sal ook moet kan weet. Hulle moet dus kan kurrikuleer in die eerste plek. Watse modules het ek nodig? Hoe moet die goed lyk? Daarna sekerlik en daaroor het ons ook al gepraat het jy verpakkings nodig want dit is 'n ander kundigheid. Met verpakkings bedoel ek nou het jy die module. Wat is nou die geskikste manier om hom transponeerbaar te maak in 'n “not-in-time not-in-space” wêreld.

Die uitkomst moet dieselfde bly op die uitkomstvlak as jy dieselfde programme wil aanbied. Dit mag wees dat die behoefte vir “not-in-time not-in-space” programme anders lyk as die behoefte vir “in-time-in-space” studente... daar's niks wat sê die programme moet identies wees nie. Dit is gerieflik man, jy weet, net deur die argument van “re-use”, maar as jy kyk wat doen ons op die oomblik by die Noordwes-Universiteit se “in-time in-space” ons “re-use” nie ons modules nie, want modules is mos boublokke. Ons moet 'n bevel uitreik dat geen nuwe module toegelaat word tensy jy 'n ou toemaak nie want ons doen dit nie. Die goed prolifereer. Die klasse raak per module kleiner. Vir wat? Ons stoot net ons koste op. Nou wil ons nog verder gaan en se maar daardie modules kan jy net so gebruik vir “not-in-time not-in-space”. “I need convincing”.

In other faculties where there are no structural arrangements that are similar to what we have here for example Law or Commerce and to a lesser extent Nursing and Theology because there they do have distance

programmes, those would also need to be modified to work better with a distance learning unit. But in other faculties where there aren't those things, then you would need to develop new structures, because how else are you going to innovate around for example a B.Com CA for open distance learning, it has to work through new structures being created from those faculties perspectives.

As 'n kollega oortuig word sy moet volgende jaar 300 eerstejaars... dit sal nie volgende jaar daar wees nie, kom ons sê 2013, 500 eerstejaars, dan moet sy sê okay, hoe gaan ons dit nou doen? En dan gaan die dosente sê: “Maar ons sal die ding ontwerp, die basiese content”; en dan moet daardie content na julle toe gaan, want julle moet ten minste twee, ek weet nie hoeveel nie... maar minimum van ekonomiese mense wat weet van ekonomiese opleiding, dit verpak, tegnologies verpak, hoe dit ook al werk...video of wat ook al. En dan moet julle hulle werf of deur iemand soos OLG, of deur julle eie sisteme, en julle moet dit begin aanbied en met die hulp van die personeel...wat ek nie van seker is nie, maar onthou dit is presies hoeveel mense gaan jy nodig hê...kan jy gewone fasiliteerders gebruik...moet jy die... wat ek weet, wat nie maklik sal maklik werk nie... is dat jy vir die personeel... in die ekonomiese fakulteit, 'n dubbele bedrag gee sodat hulle moet ry Polokwane toe om te gaan aanbied. Ons weet dit sal nie werk nie. Maar dat jy fasiliteerders gebruik, jy weet soos die open university, maar dat die moderering en nie net noodwendig al die merkwerk nie, maar die moderering van die vraestelle, en die moderering van sekere vraestelle wat nagesien is, word gedoen deur 'n groep akademici, sodat die kwaliteitversekering moet hulle voel... by hulle lê.

Jy moet onthou die hele 20 000, hoe bedien jy dit? Maar hulle verstaan nie dit is 20 000 verdeel onder 30 sentrums nie. Met ander woorde nou het hulle 20 000, jis hier sit seker 1000 in 'n klas. As jy op elke sentrum 20... 30 het, en jy sien, die statistiek sê vir jou almal kom nie kontakklas toe nie, dan is dit 'n klein groepie wat werklik, uhm, so voor jou in 'n klas sit... so dit is nie groot getalle nie.

Onthou dit gaan nog 'n tydjie vat voor so ding begin werk ook want hier is nog politiek in hierdie ding dan gaan daar 'n begrip gevorm word en dan gaan die ou sê, nee, nee, nee, wag, ons dink vir jou maar en jy het ons nou oortuig, moet jy iets anders hê as wat ons hier nodig het, hoekom gaan soek jy nie een nie? En dan gaan kontrakkeer hy die ou op Wits, of die ou op Kaapstad, of die ou... by Open University of hy vat 'n gratis een

by MIT of een van daardie plekke. Uh, hoekom nie? Hoekom nie? Dus, ek dink nie hierdie ouens gaan sit en modules skryf nie. Ek dink hulle sal dom wees as hulle dit doen. Hulle gaan modules soek, maar nie skryf nie. Ek oordryf. Hulle mag een of twee skryf, weet, maar as hulle grootste “job” is om modules te skryf dan dink ek maak hulle droog, want onthou my visie hier is nie opvoedkunde nie.

**Ter opsomming:** akademiese uitdagings sluit in: Die totstandkoming en implementering van OAL oor kampusse, fakulteite en vakgroepe heen, asook spesifieke uitdagings m.b.t. spesialisering, kurrikulums, nuwe programme en leeruitkomst.

#### **(c4) Kwaliteitsaangeleenthede**

Bestuurders het klem gelê op die uitdagings wat kwaliteitsbeheer, en dat kwaliteit self beter as in die verlede behoort te wees:

...can't do that when you split subjects into little groups. You can't do it. So we have to deal with that as a challenge as well.

But at the same time you have got to make sure that your academic capacity is in on that thing, there is no point in securing a market for 3000 students in a short course around in primary health care, if we don't have the primary health care specialist to back it up. And that is why you need faculty participation.

As die model wat nou voorgestel word kan dit nie bedryf nie, want wat gaan daardie administratiewe eenheid, jy het mos nou nie akademiese kwaliteit nie. So daai akademiese kwaliteit van die programme wat jy aankoop sal nog steeds lê by die inrigting wat daaruit aankoop.

Dan moet jy op 'n totaal ander bestuursmodel met hom skakel, want onthou wat's een van die dinge wat die HEQC sê, tereg ook en dit is: Die studente ervaring moet vergelykbaar wees vir enige student. Nou, hulle moet 'n kwalifikasie maak tussen 'n “in-time in-space” student en 'n “not-in-time not-in-space” student. My interpretasie vir alles “not-in-time not-in-space” studente moet die studente ervaring vergelykbaar wees. Nou daar's geen manier wat jy dit kan waarborg as jy dit nie gegroepeerd by mekaar sentraal bestuur nie.

Jy weet 'n mens moet na die toekoms ook kyk. So jy vra hier gaan dit, watter uitdagings en risiko's, ek dink dit het 'n uitdaging in die sin dat ons sal ons kwaliteitsbeheer sal nog beter moet wees as die vorige, want die ouens gaan met groot oë kyk as ons dit doen.

En die tweede... wat die risiko is, is ook kwaliteitonderrig maar dan ook toegang, jy weet 'n mens moet kyk na wat se toegang daar is.

Nie net dit nie, maar hulle wil kwaliteitsversekering doen. Ek bedoel ons sukkel so, dit is hulle argument, en ek dink hulle het 'n punt, ons sukkel so met belyning van opkampus programme tussen die fakulteite. Hoe gaan jy sukkel as daar nou nog 'n vierde groep sit en met die drie ander moet belyn, en dit is ander modus. Met ander woorde, die akademici en die Senaat gaan dit nie goedkeur nie.

En dat 'n aantal akademici aangestel word om kwaliteit binne 'n nuwe OAL-eenheid te verseker:

Jy moet minstens 'n kritieke aantal akademici daar hê wat aan die een kant sekerlik die kwaliteitsversekering werk kan doen want ek kan my goed voorstel dat jy nie nodig het, juis omdat jy “not-in-time not-in-space” werk, dat jy nie nodig het om 'n allemagtige klomp ouens te het wat klasse moet staan nie want, weet, as jy ouens hê wat voor klasse moet staan dan is jy gebonde aan ure per dag en jy moet as jy 300 ouens het moet jy drie dosente hê en daardie soort van sommetjies wat nou hier verval.

**Ter opsomming:** Die totstandkoming van 'n nuwe OAL-eenheid aan die NWU sal self beter kwaliteitsversekering moet verseker, aangesien OAL-programme oor kampusse en fakulteite heen aangebied gaan word wat baie meer akademiese personeel en programme gaan betrek. Daar sal binne 'n OAL-eenheid akademiese personeel aangestel moet word wat die kwaliteit van OAL-programme en die verpakking daarvan moet verseker.

### 6.7.3 Samevatting van Fase 5

Fase 5 vorm deel van die resultate van doelwit 7 van die studie: 'n bestuursmodel vir oop afstandslere aan die NWU. Die resultate van hierdie fase, tesame met die res van die empiriese ondersoek en veral die literatuurbevindinge van Hoofstuk 4, sal holisties in 'n

voorgestelde struktuur vir OAL geïmplementeer word. Die volgende blyk belangrik te wees uit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude wat as deel van Fase 5 gevoer is:

- Die noodsaaklikheid vir die aanbied van afstandsonderrigprogramme deur die NWU is sterk beklemtoon deur die respondente. Dit is 'n nasionale prioriteit van die regering. Hoewel die NWU reeds geruime tyd lank besig is met hierdie metode van aflewering, behoort die NWU nuut te dink oor 'n OAL-eenheid wat spesifiek aan die universiteit en land se behoeftes gehoor gee. Hierdie eenheid moet toegerus wees om 'n groot verskeidenheid programme aan te bied.
- Dosente moet voorberei word in die spesifieke onderrig-leervereistes van OAL sodat studente die beste ondersteuning kan kry. Dit kan in die toekoms van dosente verwag word om programme op- en afkampus aan te bied. Multimethodes van aanbieding gebaseer op moderne tegnologie sal 'n vereiste word by OAL.
- Dat NWU 'n visie vir afstandsonderrig moet ontwikkel, die NWU-topbestuur bereid moet wees om drastiese besluite te neem en dat die rol wat konsortiums in die toekoms gaan speel baie belangrik gaan wees.
- OAL bied aan fakulteite en die NWU nuwe entrepreneuriese geleenthede wat ook daartoe kan bydra om die universiteit se afhanklikheid van finansiële ondersteuning vanaf die staat te verminder.
- Vir die moontlike struktuur van 'n OAL-model verwys die respondente na die volgende as belangrik: Dieselfde toepassingmodel as die destydse Telematiese leersisteme-model moet voorkom word, navorsing moet 'n besliste komponent van die model vorm, die huidige sterktes van die SVO moet die basis van 'n nuwe model wees, die eenheid moet onafhanklik van bestaande fakulteite funksioneer, maar koördinering met hulle en ander kampusse is uiters noodsaaklik, die rol van inligtingstegnologie sal baie belangrik vir 'n OAL-eenheid wees, en om volhoubaarheid te verseker, moet soveel moontlik fakulteite betrokke wees.
- As risiko's en uitdagings is die volgende deur die bestuurslede uitgewys: dat personeel die nodige begrip sal moet toon vir die rol en funksie van OAL aan die NWU, dat hiërargiese rapporteringslyne van die OAL-eenheid duidelik uitgespel sal moet word en dat akademiese kwaliteitsversekering deur fakulteite hanteer moet word.

Daar word weer in Hoofstuk 7 na die resultate van Fase 5 verwys, waar gekyk word na 'n bestuursmodel vir OAL aan die NWU.

Samevattend oor die resultate van die empiriese ondersoek, is dat doelwitte 4 – 6 deeglik aangespreek en ontleed is, en dat gevolgtrekkings gemaak is. Die hoofresultaat van doelwit 4 is dat studente wat kontakklasse bywoon, nie beduidend beter akademies presteer het as die groep wat nie kontakklasse bygewoon het nie. Ook is gevind uit die kwantitatiewe data van fases 1 en 2 dat gemiddeld tussen 20% en 30% studente werklik kontakklasse bywoon. Wat betref doelwit 5, naamlik die menings van studente t.o.v. kontakklasbywoning, het dit duidelik geblyk dat van die belangrikste redes waarom studente nie kontakklasse bywoon nie, te make met aspekte soos woon te ver van studiesentrums, persoonlike redes en verkies dat NWU-dosente die klasse moet aanbied i.p.v. fasiliteerders. Doelwit 6 het duidelik uitgewys dat studente nog nie gereed is vir e-leer nie, veral omdat hulle nie oor rekenaars en/of internettoegang beskik nie. SMS'e blyk die hoofkommunikasie middel tussen dosente en studente te wees.

Hierdie resultate sal weer in hoofstuk 7 na verwys word as gekyk word na metodes van onderrig en leer by 'n bestuursmodel vir oop afstandslere aan die NWU. Uiteraard sal daar nie weer in detail na die bevindinge van fases 1 tot 4 (doelwitte 4 tot 6) gekyk word nie. Dit word egter sterk aanbeveel dat die senior Bestuur van die NWU ook in detail moet kyk na bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings waartoe geraak is t.o.v. doelwitte 4 tot 6. Hierdie resultate kan ook van groot waarde wees wanneer die aanbevole model geïmplementeer moet word.